

EVALUERING  
VAN  
ONDERWYSERSOPLEIDING  
AAN INRIGTINGS ONDER  
BEHEER VAN DIE  
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING

deur

JOHANNES BARNARD BA LO, BEd, HOD

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS in  
VERGELYKENDE OPVOEDKUNDE IN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Studieleier : Dr. H.J. Steyn

Potchefstroom

1988

DANKBETUIGING

Dank en waardering word langs hierdie weg betuig aan elkeen van die volgende persone wat bygedra het tot die samestelling van hierdie verhandeling:

- \* Dr. H.J. Steyn wat met sy besielende en geduldige leiding, opbouende kritiek en daadwerklike hulp van onskatbare waarde was.
- \* Mev. Elize Bosman vir al die tyd en opofferinge met die taalversorging.
- \* Mev. Mara de Beer vir die keurige tikwerk.
- \* Die RGN vir finansiële steun om hierdie navorsing te kon onderneem en voltooi.
- \* Die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek vir vriendelike hulp en ondersteuning.
- \* Die Departement van Onderwys en Opleiding vir die gebruik van ongepubliseerde inligting.
- \* My familie en vriende wie se deurlopende belangstelling en aanmoediging 'n voortdurende bron van inspirasie was.
- \* My vrou, Madeleine, vir haar getroue bystand, aanmoediging, opofferinge deur haar en my kinders asook haar onwrikbare vertrouwe in my dat ek hierdie studie kon voltooi.
- \* Boweal aan die Drie-enige God, my diepste erkentlikheid en dankbaarheid vir krag, genade en gesondheid ontvang om hierdie studie te kon onderneem en voltooi.

Met liefde opgedra aan my vrou, Madeleine, en ons kinders Johan, H  l  ne en Adeleen.

## OPSOMMING

Die heterogene bevolking samestelling in Suid-Afrika tesame met die politieke bestel wat die Regering tans volg, gaan volg of behoort te volg, is van kardinale belang vir die land en sy mense.

Die strewe na 'n onderwyspraktyk waardeur die inwoners se potensiaal verwezenlik word, ekonomiese groei bevorder word, die lewensgehalte van die inwoners verbeter word en gelyke, gehalte onderwys vir almal voorsien word, is nie realiseerbaar sonder 'n korps (met ander woorde, genoeg) goed opgeleide en talentvolle onderwysers nie.

Volgens die Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys (1981), is een van die dringendste probleme in swart onderwys dat daar 'n kritieke tekort aan professioneel, bekwame onderwysers bestaan. Dit gaan dus hier om sowel die kwantitatiewe as kwalitatiewe aspek.

Wanneer daar na die getalsaspek in die swart bevolking gekyk word, is daar groot rede tot kommer. Die steeds groeiende kindertal stel groter eise aan onderwysvoorsiening. Die getal swart onderwysers wat opgelei moet word, sal baie moet toeneem om enigsins tred te hou met die snelle toename in die skoolbevolking.

Die standaard van dienslewering in die onderwys word hoofsaaklik deur twee aangeleenthede bepaal, naamlik die kwaliteit van die persoon wat opgelei word en die kwaliteit van die opleiding wat hy ondergaan vir effektiewe taakverrigting.

By die voorsiening van onderwysers moet daar dus rekening gehou word met sowel die kwaliteit as die kwantiteit van onderwysers. Pogings om genoeg onderwysers te voorsien, behoort egter nie daartoe te lei dat kwaliteit opgeoffer word ter wille van kwantiteit nie. 'n Balans tussen die twee is noodsaaklik om te verseker dat basiese onderwys verskaf word vir die toenemende aantal swart kinders.

Die volgende doelstellings is vir hierdie navorsing geformuleer :

- \* 'n Evaluering van swart onderwysersopleiding in historiese perspektief ten einde oorsake van huidige probleme te identifiseer.
- \* Om die huidige opleidingsgeleentheid vir swart onderwysers deur die Departement van Onderwys en Opleiding te evalueer ten einde tekortkominge aan te toon.
- \* Om riglyne daar te stel waardeur die verwagte tekort aan professioneel, bekwame onderwysers die hoof gebied kan word.

In HOOFSTUK 1 is benewens die formulering van die doelstellings ook aandag geskenk aan die volgende aspekte :

- \* In die navorsing is gebruik gemaak van navorsingsmetodes soos literatuurstudie, prinsipiële-besinnende metode en histories-beskrywende metode;
- \* terreinafbakening aan die hand van enkele begrippe, en .
- \* die struktuur van die navorsing.

Nadat 'n omvattende literatuurstudie onderneem is, is daar in HOOFSTUK 2 aandag geskenk aan die historiese verloop van swartes se onderwysersopleiding vanaf die tradisionele tydperk tot 1978.

Die juridiese grondslag van en beheer oor onderwysersopleiding as verantwoordelikheid van die Departement van Onderwys en Opleiding is in HOOFSTUK 3 uiteengesit. Beleid- en beheermaatreëls van onderwys in die algemeen en onderwysersopleiding in die besonder word ook bespreek. Die RGN-onderzoek na die onderwys (1981) word breedvoerig bespreek asook die Regering se reaksie en implementering van sommige aanbevelings.

In HOOFSTUK 4 is daar gekyk na die huidige opleidingsgeleenthede vir swart onderwysers by onderwyskolleges. Hoewel daar veral klem gelê is op die inisiële opleiding van onderwysers, is daar ook gekyk na verdere opleiding en indiensopleiding. Tydens die inisiële opleiding is daar veral gekyk na die strukture van die verskillende onderwysdiplomas te wete die POD, JPOD, SPOD, SOD en SOD (tegnies) se kursus asook die eksaminering, sertifisering en toelatingsvereistes van genoemde kursusse.

In HOOFSTUK 5 is daar 'n evaluering gedoen van onderwysersopleiding aan die hand van sekere kriteria waaraan 'n inrigting vir onderwysersopleiding behoort te voldoen. Tydens hierdie evaluering is sekere probleemareas in swart onderwys geïdentifiseer en is daar gepoog om moontlike oplossings en riglyne aan te stip om die probleme te bekamp en oorbrug.

Die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings sluit die verhandeling in HOOFSTUK 6 af. Aanbevelings met die oop op verdere navorsing is ook in hierdie hoofstuk gemaak.

## ABSTRACT

The heterogeneous population in South Africa when coupled with the political trend set by the government of the day is of the utmost importance to the country and its people.

The strive towards an educational system in which inhabitants can achieve their potential, economic growth can be promoted, the quality of living can be improved and equal standards of education can become reality, cannot be realized without enough, well trained and talented teachers. According to the HSRC-investigation into Education (1981), one of the most urgent problems in black education is the critical shortage of professional and efficient teachers. This aspect has thus to do with both the quantity and quality of the teachers.

The population explosion in the black communities and the resulting increase in the number of scholars demanding education are reasons for great concern. The number of black teachers being trained, must increase tremendously to cope with the growing demand.

The standard of education is determined by two factors namely the quality of the person being trained and the quality of his training.

To train and supply new teachers one has to reckon with both the qualitative and quantitative aspects. In supplying enough, new teachers, quality should however never be sacrificed for quantity. A balance between the two is necessary to ensure that good education will be provided for the increasing number of black children.

The following aims have been formulated for this research :

- \* An evaluation of teacher training amongst blacks as it developed from the earliest times in order to determine causes for present problems.
- \* An evaluation of present educational opportunities for black teachers to determine deficiencies.
- \* Stipulation of directives and measures to combat the expected shortage of professionally, trained teachers.

In addition to the formulation of aims the following have also received consideration in Chapter one :

- \* research methodology : the methods that have been employed in the course of the research are a study of relevant literature, the method of fundamental contemplation and the historically descriptive method

- \* delimitation of areas and explanation of certain concepts
- \* the structure of the research.

Following the exhaustive study of the literature, Chapter two deals with the historic course of events in black teacher training from traditional times till 1978.

The juridical basis and management of teacher training as a responsibility of the Department of Education and Training is discussed in Chapter three. Aspects of policy and management of education in general and teacher training specifically are also explained. The HSRC-investigation into Education (1981) is discussed as well as the Government's reaction and implementation of some of the recommendations.

Chapter four deals with present training opportunities for black teachers at colleges of education. Although the initial training of teachers is emphasized, further training and in-service training is also discussed. The structures of the different teachers' diplomas namely the Pre-Primary Teachers Diploma (PPTD), Junior Primary Teachers Diploma (JPTD), Senior Primary Teachers Diploma (SPTD), Secondary Teachers Diploma (STD) and the STD Technical courses as well as the examining, certifying and requirements for enrollment are discussed.

In Chapter five an evaluation is done of teacher training. Certain criteria with which an institution for teacher training should comply, are laid down. In this evaluation certain problem areas in black education are identified, and possible solutions are given to combat and overcome these problems.

The summation, conclusion and recommendations end the thesis in Chapter six. Recommendations for further research are also made in this chapter.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy nr.

Titelblad	i
Dankbetuiging	ii
Opsomming	iii
Abstract	v
Inhoudsopgawe	vii
Hoofstuk 1	1
Hoofstuk 2	8
Hoofstuk 3	43
Hoofstuk 4	77
Hoofstuk 5	120
Hoofstuk 6	167
Lys van kaarte, figure en tabelle	xix
Bibliografie	174

## HOOFSTUK 1

1.	INLEIDING	
1.1	VOORSKOU	1
1.2	PROBLEEMSTELLING EN AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING	
1.2.1	INLEIDING	1
1.2.2	KWANTITEIT	1
1.2.3	KWALITEIT	2
1.2.4	SLOTOPMERKING	3
1.3	NAVORSINGSDOELSTELLINGS	3
1.4	METODES VAN NAVORSING	
1.4.1	LITERATUURSTUDIE	4
1.4.2	PRINSIPIEEL, KRITIESE BESINNING	4
1.4.3	ONDERHOUDE	4
1.4.4	DIE HISTORIESE-BESKRYWENDE METODE	4
1.5	TERREINAFBAKENING AAN DIE HAND VAN ENKELE BEGRIPPE	5
1.6	AFKORTINGS	5
1.7	HOOFSTUKINDELING	6
1.8	SAMEVATTING EN VOORUITSKOUIING	7

HOOFSTUK 2 : 'N HISTORIESE OORSIG VAN SWARTES SE ONDERWYSERS-  
OPLEIDING TOT 1978

2.1	VOORSKOU	8
2.2	INLEIDING	8
2.3	DIE "ONDERWYS" GEDURENDE DIE TRADISIONELE TYDPERK	9
2.4	DIE SENDELINGTYDPERK : + 1800 - 1910	11
2.4.1	INLEIDING	11
2.4.2	DIE KAAPPROVINSIE	13
2.4.2.1	INLEIDING	13
2.4.2.2	ALGEMENE ONDERWYS	13
2.4.2.3	ONDERWYSERSOPLEIDING	14
2.4.2.4	SLOTOPMERKING	17
2.4.3	NATAL	17
2.4.3.1	INLEIDING	17
2.4.3.2	ALGEMENE ONDERWYS	18
2.4.3.3	ONDERWYSERSOPLEIDING	19
2.4.3.4	SLOTOPMERKING	19
2.4.4	TRANSVAAL	19
2.4.4.1	INLEIDING	20
2.4.4.2	ALGEMENE ONDERWYS	20
2.4.4.3	ONDERWYSERSOPLEIDING	22
2.4.4.4	SLOTOPMERKING	22
2.4.5	OVS	23
2.4.5.1	INLEIDING	23
2.4.5.2	ALGEMENE ONDERWYS	23
2.4.5.3	ONDERWYSERSOPLEIDING	24
2.4.5.4	SLOTOPMERKING	24
2.4.6	EVALUERING VAN ONDERWYSERSOPLEIDING GEDURENDE DIE TYDPERK TOT 1910	24
2.4.7	SAMEVATTEND	26
2.5	ONDERWYSERSOPLEIDING TYDENS DIE TYDPERK VANAF 1910 TOT 1954	27

2.5.1	INLEIDING	27
2.5.2	KAAPLAND	27
2.5.3	NATAL	28
2.5.4	TRANSVAAL	28
2.5.5	OVS	28
2.5.6	DIE NATURELLE EKONOMIESE KOMMISSIE 1930-1932	28
2.5.7	DIE VERSLAG VAN DIE INTERDEPARTEMENTELE KOMMISSIE INSAKE NATURELLE-ONDERWYS (1935-1936)	29
2.5.8	ONDERWYSERSOPLEIDING GEDURENDE DIE OORLOGSJARE EN DAARNA (1939-1949)	30
2.5.8.1	INLEIDING	30
2.5.8.2	ONDERWYSERSOPLEIDING	31
2.5.9	DIE VERSLAG VAN DIE EISELEN-KOMMISSIE	32
2.5.9.1	INLEIDING	32
2.5.9.2	BEVINDINGS	33
2.5.9.3	AANBEVELINGS	33
2.5.9.4	SAMEVATTEND	34
2.6	ONDERWYSERSOPLEIDING GEDURENDE DIE TYDPERK 1954 TOT 1968	35
2.6.1	INLEIDING	35
2.6.2	GETALLE	37
2.6.3	KURSUSSE	38
2.6.4	KWALIFIKASIES	39
2.6.5	SALARISSE EN DIENSVOORWAARDES	41
2.7	DIE TYDPERK SEDERT 1968	41
2.8	SAMEVATTING	47

HOOFSTUK 3 : DIE JURIDIESE GRONDSLAG VAN EN BEHEER OOR ONDERWYERSOPLEIDING AS VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING		
3.1	VOORSKOU	43
3.2	INLEIDING	43
3.3	BELEID, BEHEER EN DIE ORGANISASIESTRUKTUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSSTELSEL	44
3.3.1	BELEID	44
3.3.2	BEHEER	45
3.3.3	DIE RGN-VERSLAG EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN OP BELEID EN BEHEER	46
3.3.3.1	INLEIDING	46
3.3.3.2	DIE ROL VAN DIE SENTRALE OWERHEID TEN OPSIGTE VAN ONDERWYSVOORSIENING	47
3.3.3.2.1	INLEIDING	47
3.3.3.2.2	BELEID	48
3.3.3.2.3	BEHEER	48
3.3.3.2.4	BEGINSELSTANDPUNTE VAN DIE REGERING	49
3.3.3.3	VOORSTELLE EN AANBEVELINGS UIT DIE RGN-VERSLAG MET BETREKKING TOT DIE ONDERWYSBESTUUR IN DIE RSA	49
3.3.3.3.1	INLEIDING	49
3.3.3.3.2	DIE EERSTE (SENTRALE) VLAK	50
3.3.3.3.3	DIE TWEDE VLAK	51
3.3.3.3.4	DIE DERDE VLAK	52
3.3.3.4	ONDERWYSBESTUUR OP DIE EERSTE OWERHEIDSVLAK	52
3.3.3.4.1	OWERHEIDSBELEID TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERWYS	52
3.3.3.4.1.1	AANBEVELINGS VAN ONDERWYSTAAKGROEP	52
3.3.3.4.1.2	DIE BESLUIT VAN DIE REGERING	53

3.3.3.4.2	WETGEWENDE GESAG TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERWYS	53
3.3.3.4.3	UITVOERENDE GESAG TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERWYS	53
3.3.3.5	ONDERWYSBESTUUR OP DIE TWEEDE OWERHEIDSVLAK	54
3.3.3.6	ONDERWYSBESTUUR OP DIE DERDE OWERHEIDSVLAK	54
3.3.4	WETTE WAT DIE JURIDIESE GRONDSLAG VORM VIR SWART ONDERWYS	54
3.3.4.1	INLEIDING	54
3.3.4.2	DIE WET OP SWART ONDERWYS (WET 47 VAN 1953, SOOS GEWYSIG)	54
3.3.4.3	DIE WET OP ONDERWYS EN OPLEIDING (WET 90 VAN 1979)	55
3.3.4.4	PROSEDURES BY PROGRAMMERING EN DIE OPSTEL VAN NUWE WETGEWING EN REGULASIES DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING	57
3.3.4.4.1	WETGEWING	57
3.3.4.4.2	REGULASIES EN STATUTE	59
3.3.5	HUIDIGE REËLINGS MET BETREKKING TOT BELEID EN BEHEER AS UITVLOEISEL VAN DIE RGN-VERSLAG	59
3.3.5.1	INLEIDING	59
3.3.5.2	EERSTE VLAK	59
3.3.5.2.1	DIE ROL VAN DIE MINISTERIE EN DIE DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOE- DING	60
3.3.5.2.2	ADVIESLIGGAME	60
3.3.5.2.3	DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING	62
3.3.5.2.4	RAAD VAN ONDERWYS EN OPLEIDING	64
3.3.5.3	TWEEDEVLAK BESTUUR	66
3.3.5.3.1	GEDESENTRALISEERDE STREEKOR- GANISASIE	66
3.3.5.3.2	STREEKKOMITEES VAN DIE RAAD VAN DIE RAAD VAN ONDERWYS EN OPLEIDING	68

3.3.5.4	DERDEVLAK BESTUUR - (PLAASLIKE BEHEER)	68
3.3.5.4.1	INLEIDING	68
3.3.5.4.2	KLASLEIERS EN VERTEENWOORDI- GENDE STUDENTERADE	69
3.3.5.4.3	SKOOLSKAKELKOMITEES	71
3.3.5.4.4	BEHEERLIGGAME	71
3.3.5.4.5	KOMITEES VAN VOORSITTERS EN BEHEERLIGGAME	71
3.3.6	BEHEER VAN ONDERWYSKOLLEGES	72
3.3.6.1	STATUS VAN ONDERWYSKOLLEGES	72
3.3.6.2	ADMINISTRATIEWE BEHEER	72
3.3.6.3	PROFESSIONELE BEHEER	73
3.3.6.4	BEDRYF VAN ONDERWYSKOLLEGES	74
3.4	SAMEVATTING	75

HOOFSTUK 4 : HUIDIGE OPLEIDINGSGELEENTHEDE VIR SWART  
ONDERWYSERS BY ONDERWYSKOLLEGES

4.1	VOORSKOU	77
4.2	LIGGING	77
4.3	ONDERWYSERSOPLEIDING BY ONDERWYSKOLLEGES	81
4.3.1	INLEIDING	81
4.3.2	BELEID VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING	81
4.3.2.1	INLEIDING	81
4.3.2.2	DOELWITTE	82
4.3.3	DIE BEHOEFTE AAN ONDERWYSERS	82
4.3.4	BEPLANNING OM IN DIE BEHOEFTE TE VOORSIEN	83
4.3.5	TOELATINGSVEREISTES VIR AL DIE KURSUSSE	84
4.3.5.1	INLEIDING	84
4.3.5.2	WERWING EN KEURING	85
4.3.6	STANDAARDE	87
4.3.7	FISIËSE GERIEWE	87
4.3.8	DIE BENUTTING VAN TEGNOLOGIE BY ONDERWYSERS- OPLEIDING	88
4.4	INISIËLE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS	88
4.4.1	INLEIDING	88
4.4.2	PRE-PRIMÊRE OPLEIDING	89
4.4.2.1	INLEIDING	89
4.4.2.2	DIE STRUKTUUR VAN DIE PRE-PRIMÊRE ONDERWYSDIPLOMA (PPOD)	91
4.4.2.3	EKSAMINERING EN SERTIFISERING	91
4.4.3	PRIMÊRE OPLEIDING	95
4.4.3.1	INLEIDING	95
4.4.3.2	JUNIOR PRIMÊRE KURSUS (JPOD)	95
4.4.3.3	SENIOR PRIMÊRE KURSUS (SPOD)	100
4.4.4	SEKONDÊRE OPLEIDING	104
4.4.4.1	SEKONDÊRE ONDERWYSDIPLOMA (SOD)	104
4.4.4.2	SEKONDÊRE ONDERWYSDIPLOMA (TEGNIES)	105

4.5	VOORTGESETTE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS	111
4.5.1	INLEIDING	111
4.5.2	INDIENSOPLEIDING	112
4.5.2.1	INLEIDING	112
4.5.2.2	GESENTRALISEERDE INDIENSOPLEIDING	114
4.5.2.3	GEDESENTRALISEERDE INDIENSOPLEIDING	114
4.5.2.4	TOEKOMSPERSPEKTIEF VIR INDIENSOPLEIDING	115
4.5.3	VERDERE OPLEIDING	115
4.5.3.1	INLEIDING	115
4.5.3.2	VOLTYDSE EENJARIGE SPESIALISERINGSKURSUS BY ONDERWYSKOLLEGES	116
4.5.3.3	UNIVERSITÊRE OPLEIDING	117
4.5.3.4	TOEKOMSPERSPEKTIEF	118
4.6	EVALUERING VAN HUIDIGE TOESTAND	118
4.7	SAMEVATTING	119



5.3.8	DIE POLITIEK EN ONDERWYS	154
5.4	'N EVALUERING VAN DIE HUIDIGE PROBLEEMAREAS EN MOONTLIKE OPLOSSINGS EN RIGLYNE OM DIE PROBLEME TE BEKAMP EN TE OORBRUG	155
5.4.1	INLEIDING	155
5.4.2	KWANTITEIT	157
5.4.3	KWALITATIEF	157
5.4.3.1	INLEIDING	157
5.4.3.2	KWALIFIKASIES	158
5.4.3.3	WERWING EN KEURING	159
5.4.3.4	DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS	160
5.4.4	DIE FINANSIËLE ASPEK	162
5.4.5	BELEID EN BEHEER	163
5.4.6	DIE VOORSKOOOLSE JARE	163
5.5	SAMEVATTING	166

## INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 6

6.1	INLEIDING	167
6.2	SAMEVATTING	167
6.3	GEVOLGTREKKING	171
6.4	AANBEVELINGS	171
6.5	PROBLEME WAT ERVAAR IS	172
6.6	VERDERE STUDIEMOONTLIKHEDE	173

KAARTE

Figuur 2.1	Geografiese vestigingsvoorstelling	10
Figuur 4.1	Streeksverdeling vir swart onderwys in Suid-Afrika	78

FIGURE

Figuur 3.2	Struktuur van die Departement van Onderwys en Opleiding	63
Figuur 3.3	Kommunikasiestruktuur van die Departement van Onderwys en Opleiding	65
Figuur 5.2	Totale leerlinginskrywing in die Suid-Afrikaanse konteks	131
Figuur 5.3	Totale aantal swart leerlinge in Suid-Afrika	132
Figuur 5.4	Verspreiding van swart skoolkinders volgens standerd in skoolsituasie	133

TABELLE

Tabel 2.2	Die kwalifikasies van onderwysers in die verskillende afdelings asook persentasie in die verskillende afdelings in 1966	40
Tabel 3.1	Organogram : Onderwysbeheer (algemene sake (76/1984)	61
Tabel 3.4	Streekorganisasie van die Departement van Onderwys en Opleiding	67
Tabel 4.1	Onderwyskolleges onder die beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding	79
Tabel 4.2	Totale getal studente (1986) in die verskillende studiejare en in die verskillende studierigtings in die onderwyskolleges	90
Tabel 4.3	Struktuur van PPOD-kursus - eerste jaar	92
Tabel 4.4	Struktuur van PPOD-kursus - tweede jaar	93
Tabel 4.5	Struktuur van PPOD-kursus - derde jaar	94
Tabel 4.6	Struktuur van JPOD-kursus - eerste jaar	97
Tabel 4.7	Struktuur van JPOD-kursus - tweede jaar	98
Tabel 4.8	Struktuur van JPOD-kursus - derde jaar	99
Tabel 4.9	Struktuur van SPOD-kursus - eerste jaar	101
Tabel 4.10	Struktuur van SPOD-kursus - tweede jaar	102
Tabel 4.11	Struktuur van SPOD-kursus - derde jaar	103
Tabel 4.12	Struktuur van SOD-kursus - eerste jaar	106
Tabel 4.13	Struktuur van SOD-kursus - tweede jaar	107
Tabel 4.14	Struktuur van SOD-kursus - derde jaar	108

Tabel 4.15	Struktuur van SOD (tegnies)	110
Tabel 4.16	Universitêre opleiding in 'n opvoedkundige rigting	118
Tabel 5.1	Swart bevolking - 1980 en 1985	130
Tabel 5.5	Die toename/afname in leerlinggetalle in vyf onderwysdepartemente	135
Tabel 5.6	Swart onderwysers nodig om 'n gegewe leerlingdigtheid te handhaaf	135
Tabel 5.7	Onderwysers nodig om 'n gegewe leerlingdigtheid (20) te handhaaf	136
Tabel 5.8	Toename in onderwysersgetal om 'n beter leerlingdigtheid te veroorsaak	136
Tabel 5.9	Beraamde lewering van swart onderwysers 1986 - 1999	138
Tabel 5.10	Vergelyking tussen swartes se getalle leerlinge, onderwysers en die onderwysersleerlingverhouding in 1986 en die jaar 2000	138
Tabel 5.11	Vergelyking tussen blanke en swart onderwysers se kwalifikasies	140
Tabel 5.12	Die aantal swart onderwysers volgens akademiese en professionele kwalifikasies	141
Tabel 5.13	Die inskrywings en vroeë skoolverlaters by swart leerlinge in gebiede onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding gedurende 1985	143
Tabel 5.14	Leerlinge, onderwysers, skole, onderwyserleerlingverhouding, leerling-klaskamerverhouding in 1986	151
Tabel 5.15	Studente-inskrywings per studiejaar, per kursus vir 1986asook die derdejaars se uitslae van 1985	151

## 1. INLEIDING

### 1.1 VOORSKOU

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die oogmerke van hierdie navorsing. Die probleemstelling, asook die aktualiteit van die navorsing word geskets. Die navorsingsmetodes wat aangewend is, word ook aangestip en daarna volg 'n terrein-afbakening aan die hand van sekere begrippe. Ten slotte is daar 'n hoofstukindeling van die navorsing.

### 1.2 PROBLEEMSTELLING EN AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING

#### 1.2.1 INLEIDING

Die heterogene bevolkingsamestelling in Suid-Afrika tesame met die politieke bestel wat die Regering tans volg, gaan volg of behoort te volg, is van kardinale belang vir die land en sy mense. Die strewe na 'n onderwyspraktyk waardeur die inwoners se potensiaal verwesenlik word, ekonomiese groei bevorder word, die lewensgehalte van die inwoners verbeter word en gelyke, gehalte onderwys vir almal voorsien word, is nie realiseerbaar sonder 'n korps (met ander woorde, genoeg) goed opgeleide en talentvolle onderwysers nie (RGN, 1981(a):59).

#### 1.2.2 KWANTITEIT

Wanneer daar na die getalsaspek in die swart bevolking gekyk word, is daar groot rede tot kommer. Die groot aanwas in hul bevolking gaan groot eise aan die land, en meer spesifiek die onderwys, stel. Suid-Afrika se totale bevolkingstal in Junie 1987 was 29 025 miljoen - uitgesonderd die onafhanklike state naamlik Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei. Van hierdie getal was 4 911 blankes, 3 069 miljoen bruinmense, 913 000 Asiërs en 20 132 miljoen swartes. Vanaf 1980 tot Junie 1987 was die groei by die blanke bevolking net 1,19%, terwyl swartmense se groei 2,39% was (Anon., 1987(e):9).

Daar is 'n geweldige bevolkingsontploffing onder die swartes. Die feit dat hul getalle reeds soveel meer as die ander bevolkingsgroepe is en hul groeikoers ook

soveel hoër, het 'n sneeubal-effek tot gevolg. Verskeie redes kan aangevoer word vir hierdie groot aanwas. Swartes glo dat hul krag in getalle lê. Omdat hulle nog 'n ontwikkelende volk is, speel ongeletterdheid en onkunde ook 'n groot rol in die hoë geboortesyfer. Kinders, veral dogters, het ook groot ekonomiese waarde en hoe groter die getal kinders, hoe meer status het die vader (Duminy, 1968:12).

Die steeds groeiende kindertal stel groter eise aan onderwysvoorsiening. Die getal swart onderwysers wat opgelei moet word, sal baie moet toeneem om enigszins tred te hou met die snelle toename in die skoolbevolking (Barnard, 1978:81). Waar 'n leerling-onderwyserverhouding van tussen 1:20 en 1:30 as verantwoordbaar beskou word en hierdie verhouding in 1986 1:37,5 (vergelyk Tabel 5.14) by swartes was, ontstaan die vraag of daar in die toenemende vraag na onderwysers voorsien sal kan word. Om te voorsien in die groeiende behoefte, sal die daarstelling van fasiliteite hoë kostes meebring. Skoolplig, in hierdie stadium, sal die probleem slegs vererger.

### 1.2.3 KWALITEIT

Die wyse waarop die onderwyser en kind mekaar in die klaskamersituasie ontmoet, tesame met die standaard van kennis en vorming wat daaruit voortspruit, is van kardinale belang (Duminy, 1968:3).

Die RGN-verslag beklemtoon die feit dat die kwaliteit van die korps van onderwysers, dosente en instruktors dié bepalende faktor is in die kwaliteit van die onderwys wat voorsien word. "Geen ander enkele faktor is so bepalend vir die kwaliteit van onderwys wat in 'n land voorsien word as die kwaliteit van die korps van onderwysers, dosente en instruktors nie" (RGN, 1981(a):181).

'n Kritieke tekort aan professioneel, bekwame onderwysers is een van die dringendste probleme wat opgelos sal moet word (RGN, 1981(b):16). Slegs 2,74% swart onderwysers was in 1986 gegradueerd, terwyl slegs 34,66% die senior sertifikaat plus 'n onderwysdiploma gehad het. Die grootste groep swart onderwysers (56,33%) het slegs 'n

junior sertifikaat besit (RSA, 1987(b):4)  
(Vergelyk Tabel 5.12).

Die standaard van dienslewering in die onderwys word hoofsaaklik deur twee aangeleenthede bepaal, naamlik die kwaliteit van die persoon wat opgelei word en die kwaliteit van die opleiding wat hy ondergaan vir effektiewe taakverrigting (RGN, 1981(a):59). Die kwaliteit van taakverrigting word deur 'n reeks faktore medebepaal, naamlik onder andere werwing, seleksie, opleiding (voor indiensneming en daarna) en ook diensvoorwaardes en diensomstandighede (RGN, 1981(a):181).

Aangesien daar 'n strewe na gelyke, gehalte onderwys is en verpligte onderwys ingestel gaan word, (RGN, 1981(a):60) kan verwag word dat die probleme gaan vererger.

#### 1.2.4 SLOTOPMERKING

By die voorsiening van onderwysers moet daar dus rekening gehou word met sowel die kwaliteit as die kwantiteit van onderwysers. Pogings om genoeg onderwysers te voorsien, behoort nie daartoe te lei dat kwaliteit opgeoffer word ter wille van kwantiteit nie. 'n Balans tussen die twee is noodsaaklik om te verseker dat basiese onderwys verskaf word vir die toenemende aantal swart kinders.

Die navorsingsprobleem is dus :

- \* Hoe is swart onderwysers in die verlede opgelei?
- \* Wat is die huidige stand van opleiding van swart onderwysers deur die Departement van Onderwys en Opleiding?
- \* Watter maatreëls ten opsigte van opleiding moet getref word om die verwagte tekort aan gekwalifiseerde swart onderwysers die hoof te bied?

#### 1.3 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Uit die probleemstelling (paragraaf 1.2) vloei die volgende navorsingsdoelstellings :

- \* 'n Evaluering van swart onderwysersopleiding in historiese perspektief ten einde oorsake van huidige probleme te identifiseer.
- \* Om die huidige opleidingsgeleentheid vir swart onderwysers

deur die Departement van Onderwys en Opleiding te evalueer ten einde tekortkominge aan te toon.

- \* Om riglyne daar te stel waardeur die verwagte tekort aan professioneel, bekwame onderwysers die hoof gebied kan word.

#### 1.4 METODES VAN NAVORSING

Vir die verloop van die wetenskaplike ondersoek en die bereiking van die bovermelde doelstellings is die volgende navorsingsmetodes geïntegreerd aangewend :

##### 1.4.1 LITERATUURSTUDIE

Daar is 'n groot hoeveelheid primêre en sekondêre bronne geraadpleeg. Daar is veral gebruik gemaak van amptelike stukke van die Departement van Onderwys en Opleiding soos onder andere werksdokumente, omsendbriewe, jaarverslae en tydskrifartikels. Ander amptelike stukke soos die Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die Onderwys (1981), die Witskrif oor onderwysvoorsiening in die RSA (1983) asook die verskillende wette wat betrekking het op swartes, is ook geraadpleeg. Amptelike dokumente was geredelik beskikbaar aangesien die navorser in diens staan van die Departement van Onderwys en Opleiding. Ander bronne is by biblioteke geraadpleeg.

##### 1.4.2 PRINSIPIEEL, KRITIESE BESINNING

Deur middel van hierdie metode is die versamelde data vanuit 'n Christelik-Reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing bestudeer, waarna daar tot 'n eie standpuntinname gekom is.

##### 1.4.3 ONDERHOUDE

Gesprekvoering met kundiges (soos onder meer rektore) in diens van die Departement van Onderwys en Opleiding is telkens gedurende die studietydperk gevoer. Die doel van hierdie gesprekvoering was om te bepaal hoe die sienings van die betrokke persone gekorreleer het met inligting wat uit amptelike dokumente verkry is. Die persone se interpretasies van die huidige stelsel is ook ontleed ten einde hul sienings te kan evalueer en interpreteer.

##### 1.4.4 DIE HISTORIESE-BESKRYWENDE METODE

Die versamelde data is krities geëvalueer, sinvol georden en so objektief moontlik beskryf.

#### 1.5 TERREINAFBAKENING AAN DIE HAND VAN ENKELE BEGRIPPE

Soos die titel van die navorsingstuk aantoon, gaan dit hier oor die evaluering van swart onderwysersopleiding. Volgens Hannah (1979:11) impliseer "evaluering" dat daar uitspraak gelewer sal word oor die waarde van 'n saak of fenomeen in die lig van 'n bepaalde waardesisteem as kriterium. Volgens Die Afrikaanse Woordeboek (1956:624) beteken evalueer om te skat, te takseer of te waardeer. Die Verklarende Woordeboek van Kritzinger et al. (1972:210) gee die betekenis van evalueer aan as "die waarde vasstel of bepaal". Dieselfde woordeboek (1972:83) gee die betekenis van "beoordeel" ook aan as "die waarde bepaal". Dit is dus duidelik dat beoordeling as sinoniem vir evaluering gebruik kan word. Onderwysersopleiding beteken om persone op te lei of te bekwaam om les te gee. Sulke persone word na afgelegde eksamens bevoeg verklaar om klas te gee.

In hierdie studie is slegs inrigtings vir onderwysersopleiding wat onder die Departement van Onderwys en Opleiding ressorteer, bestudeer. Inrigtings in die onafhanklike- en nasionale state is dus uitgesluit van hierdie studie, hoewel hulle onder meer dieselfde strukture en eksamens volg as inrigtings in die "blanke" gebiede.

Ten einde meer perspektief te kry om onderwysersopleiding behoorlik te kan evalueer, is dit nodig om die tendense te ondersoek soos dit in historiese konteks ontwikkel het.

Deur die beleids- en beheeraspekte van onderwysersopleiding te ondersoek, is daar gepoog om tot die grondslae van die swart onderwyssubstelsel en die oorsprong van die probleme deur te dring. Die RGN-ondersoek na die onderwys word breedvoerig bespreek omdat dit soveel ingrypende aanbevelings bevat.

Huidige opleidingsgeleenthede is ondersoek en sekere probleemareas in swart onderwys is aangetoon. Daar is gepoog om kriteria neer te lê waaraan onderwyskolleges moet voldoen en op grond van huidige tendense in swart onderwys is daar ook 'n evaluering gedoen. Ten einde meer perspektief te kry, is daar voorts ook parallelle getrek en vergelykings getref met die blanke opset.

#### 1.6 AFKORTINGS

Die volgende is afkortings wat telkens in die navorsing gebruik word :

- \* RGN - Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing
- \* RSA - Republiek van Suid-Afrika
- \* SARO - Suid-Afrikaanse Raad van Onderwys
- \* SAOR - Suid-Afrikaanse Onderwysraad, (wat tans deur FOR vervang is)
- \* FOR - Federale Onderwysraad
- \* TBVC-lande - Transkei, Bophutatswana, Venda en Ciskei
- \* POD - Primêre Onderwysdiploma
- \* SOD - Sekondêre Onderwysdiploma
- \* JPOD - Junior Primêre Onderwysdiploma
- \* SPOD - Senior Primêre Onderwysdiploma
- \* Dept v O/O - Departement van Onderwys en Opleiding
- \* TOD - Transvaalse Onderwysdepartement
- \* KOD - Kaaplandse Onderwysdepartement
- \* lle. - leerlinge
- \* digth. - digtheid
- \* p.j. - per jaar
- \* verh. - verhouding
- \* teg. - tegniese

#### 1.7 HOOFSTUKINDELING

Die probleemstelling en aktualiteit van die navorsing, asook die navorsingsdoelstellings, word in HOOFSTUK 1, die inleidende hoofstuk, uiteengesit. Verder volg die metodes van navorsing wat gebruik is, asook 'n terreinafbakening aan die hand van enkele begrippe.

In HOOFSTUK 2 word aandag geskenk aan die historiese verloop van swartes se onderwysersopleiding vanaf die tradisionele tydperk tot 1978.

Die juridiese grondslag van en beheer oor onderwysersopleiding as verantwoordelikheid van die Departement van Onderwys en Opleiding word in HOOFSTUK 3 uiteengesit. Beleid- en beheermaatreëls van onderwys in die algemeen en onderwysersopleiding in die besonder word bespreek. Die RGN-onderzoek na die onderwys (1981) word breedvoerig bespreek asook die Regering se reaksie en implementering van sommige aanbevelings.

In HOOFSTUK 4 word daar gekyk na die huidige opleidingsgeleenthede vir swart onderwysers by onderwyskolleges. Hoewel daar veral klem gelê word op die inisiële opleiding van onderwysers, word daar ook gekyk na verdere opleiding en indiensopleiding. Tydens die be-

spreking van inisiële opleiding word daar dan veral gekyk na die strukture van die verskillende onderwysdiplomas, naamlik die POD, JPOD, SPOD, SOD en SOD (tegnies) se kursus, asook die eksaminering, sertifisering en toelatingsvereistes van genoemde kursusse.

In HOOFSTUK 5 word daar 'n evaluering gedoen van onderwysersopleiding aan die hand van sekere kriteria waaraan 'n inrigting vir onderwysersopleiding behoort te voldoen. Tydens hierdie evaluering word sekere probleemareas in swart onderwys geïdentifiseer. Voorts word daar moontlike oplossings en riglyne aangestip om die probleme te probeer bekamp en oorbrug.

Die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings sluit die verhandeling in HOOFSTUK 6 af. Met die oog op verdere navorsing word aanbevelings ook in hierdie hoofstuk gemaak.

#### 1.8 SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

In hierdie oriënterende hoofstuk is daar aangetoon dat een van die dringendste probleme in swart onderwys, 'n kritieke tekort aan professioneel, bekwame onderwysers is. Dié probleem word vanuit 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe oogpunt benader. Na aanleiding van hierdie probleemstelling is daar 3 doelstellings neergelê (vergelyk paragraaf 1.3). Benewens hierdie doelstellings wat in hierdie hoofstuk geïdentifiseer is, is daar ook aandag gegee aan :

- \* die navorsingsmetodes wat vir die navorsing gebruik is (vergelyk paragraaf 1.4)
- \* terreinafbakening aan die hand van enkele begrippe (vergelyk paragraaf 1.5) en
- \* die struktuur van die navorsing, dit wil sê, die indeling van die navorsing in verskillende hoofstukke (vergelyk paragraaf 1.7).

Vervolgens word swart onderwysersopleiding ondersoek soos wat dit in historiese konteks ontwikkel het.

## 2. 'N HISTORIESE OORSIG VAN SWARTES SE ONDERWYSERSOPLEIDING TOT 1978

### 2.1 VOORSKOU

In hierdie hoofstuk word daar 'n historiese oorsig van swart onderwys en veral van onderwysersopleiding gegee. Aangesien onderwysersopleiding in die vroeë tydperk so met algemene onderwys ineengestremel was, is dit moeilik om die twee altyd as twee aparte aspekte te ondersoek. Omdat daar in die vroeëre jare nie 'n eenvormige stelsel was nie, is die verskillende provinsies se onderwys apart gehou. Hierdie hoofstuk word in vyf tydperke opgedeel, naamlik :

- \* die tradisionele tydperk
- \* die sendelings tydperk 1800 - 1910
- \* 1910 - 1954
- \* 1954 - 1968 en
- \* 1968 - 1978

Die tydperk na 1978 word in die ander hoofstukke na verwys.

### 2.2 INLEIDING

Ten einde die onderwysersopleiding van swartes behoortlik te kan evalueer, is dit nodig om eers stil te staan by die oorsprong, etniese verdeling en geografiese afbakening van die swartes in die algemeen. Omdat die swartes nie oor 'n skrifkultuur beskik het voor hulle aanraking met die blankes nie, is daar min bekend van die voorgeskiedenis, verspreiding en vestiging van die verskillende swart volksgroepe wat Suid-Afrika vanaf die noorde binnegedring het (Barnard, 1984:3).

Dit is moeilik om vas te stel waar presies die swartes wat vandag in Suid-Afrika woon, hulle ontstaan gehad het, maar dit kon moontlik in die omgewing van die Crossrivier in Wes-Afrika of die Groot Meregebied in Sentraal-Oos-Afrika gewees het. Die presiese datum waarop die groot suidwaartse migrasie begin het, is ook onbekend (skynbaar so ver as 2 000 jaar terug in die wêreldgeskiedenis). Oor die moontlike redes vir die begin van die Suidwaartse trek, soos byvoorbeeld onderlinge oorloë, noodsaak vir nuwe weivelde weens die bevolkingsaanwas of die Arabiese slawehandel, kan daar bloot ook net oor gespekuleer word (Van Jaarsveld, 1971:62).

Vier hoofbevolkingsgroepe was by die suidelike migrasie betrokke, naamlik die Nguni-volke, die Sotho-volke, die Vendas en die

Tsonga-Shangana groep. Die groepe behels 'n verskeidenheid volke met verskillende tale en kultuurvorme asook afsonderlike onderskeibare eenhede wat feitlik onafhanklik van mekaar soos vreemde volke geleef het, tussen wie daar weinig of nooit bande en noue samehorigheid was. Daar kan ook na hulle verwys word as afsonderlike eenhede of stamme. So 'n stam vorm dus 'n afsonderlike eenheid binne die hoofafdeling waarvan dit 'n onderdeel uitmaak. Hulle het hulle as sodanig in Suid-Afrika gevestig (Van Jaarsveld, 1971:65).

Vergelyk Figuur 2.1 vir die geografiese vestigingsvoorstelling van die swartes.

Suid-Afrika het gedurende die tweede kwart van die twintigste eeu geïndustrialiseer geraak. In die proses is die swartes op grond van hul arbeidsaamheid betrek en verstedeliking het plaasgevind. Die stedelike swartes is gevolglik vandag nie noodwendig meer binne stamverband gevestig nie, maar hoofsaaklik as 'n ontstamde massa (Ziervogel, 1968:455).

Hierdie swartes vorm die teikengroep van hierdie studie.


### 2.3 DIE "ONDERWYS" GEDURENDE DIE TRADISIONELE TYDPERK

In 'n Westerse gemeenskap is die skool 'n integrale deel van die gemeenskap, maar by die swart volke in Afrika-ook in die RSA - is die Westerse skoolvorm 'n vreemde instelling wat deur die blankes tot hulle gemeenskappe gevoeg is (Barnard, 1984:35).

Daar is nie sprake van formele of beplande opvoeding (in Westerse konteks) onder die swartes gedurende hierdie tydperk nie. Eers nadat die sendelinge met opvoedingswerk onder hulle begin het, is hulle daaraan bekendgestel. Vroeër was daar geen behoefte aan die soort Westerse opvoeding nie. Opvoeding is egter 'n universele verskynsel. Die swartes se tradisionele kultuur maak wel voorsiening vir die opleiding en opvoeding van die jeug in ooreenstemming met die stam se behoeftes (Lubbe, 1971:1).

Hierdie wyse van opvoeding (wat deel was van hul spesifieke kultuur) het 'n onophoudelike gebeure behels. Dit het gestrek oor 'n tydperk vanaf die kind se geboorte tot met die verkryging van volwasse status in die stam. Die swartmense was dus nie onkundig oor 'n opvoedingswyse nie, maar het 'n eie stempel daarop afgedruk wat aangepas is by hulle omgewing en kulturele ontwikkeling (Van Dyk, 1967:1-2).

**Figuur 2.1** Geografiese vestigingsvoorstelling van die swartes.  
( Van Jaarsveld, 1971:67 - 69 )



Hoewel Duminy (1968:26) onderskei tussen informele (tuisopvoeding) en formele opvoeding (stamopvoeding o.a. ook die inisiasieskool), wat gedurende die tradisionele tydperk ter sprake was, sê Luthuli (1981:35) dat die swartes 'n primitiewe lewe gelei het voor die koms van die blankes. "Their education and that of youth was basically informal." Stamtradisies en -gewoontes is deur die ouer geslag aan die jeug oorgedra. Op grond van ouderdom en wysheid is die swartes as goeie onderwysers en bewaarders van die stam se kulturele skatte beskou. Die doel van hierdie opvoeding is gerig op die voorbereiding van die individu vir die rol wat hy as volwasse lid van die stam moet vervul (Van Dyk, 1967:7-8).

Die eerste kontak tussen wit en swart in Suid-Afrika was handelsgeïnspireerd. Gesindhede wat as wedersydse vyandigheid beskou kan word, het ontstaan omdat hulle vreemd was vir mekaar en mekaar gewantrou het. Dit is dus vanselfsprekend dat geen poging deur die Portugese en latere grensboere aan die Kaap aangewend is om swartes in hulle onderwysprogram in te sluit nie. Aangesien die blankes, swartmense uit hulle onderwysinrigtings en kultuur gesluit het, het die onderwys van swartes van die begin af in die rigting van isolasie gestuur (Lekhela, 1972:12-13).

Alhoewel dit paradoksaal mag klink, was dit juis die Christelike geloof wat indirek daarvoor verantwoordelik was dat heidene "verwerp" is. Die grensboere wou nie hulle lewens kontamineer met die van heidense swartes nie en laasgenoemde was op hulle beurt vyandiggesind aangesien hulle weiregte verloor het. Hieruit vloei bloedige grensoorloë voort sodat daar in elk geval geen sprake van onderwys kon wees nie. Die gesindhede was egter nie net tot Suid-Afrika beperk nie, maar het as 'n wêreldwye verskynsel voorgekom, veral onder die Europeërs, om sodoende die sogenaamde primitiewe mense af te weer en te isoleer (Lekhela, 1972:13).

Met die verspreiding van wit beskawing in die Suidelike deel van Afrika, is nuwe horisonne aan primitiewe swartes voorgehou en daarom het nuwe ideale en behoeftes by hulle ontstaan.

## 2.4 DIE SENDELINGTYDPERK 1800 - 1910

### 2.4.1 INLEIDING

Dit was uitsluitlik as gevolg van die sendelinge se

pogings dat swartes hoegenaamd enige Westers-georiënteerde onderwys ontvang het. In die beginstadium en vir baie jare daarna, was onderwys vir swartes suiwer 'n sending-onderneming. Volgens oorlewering is die eerste skool vir swartes gedurende 1799 deur dr. Van der Kemp in die Kaapprovinsie geopen. In 1835 open Kaptein Gardiner die eerste skool vir swartes in Natal, terwyl die OVS in 1823 sy eerste skool vir swartes kry en Transvaal se eerste skool vir swartes in 1842 gestig word (Instituut vir Administrateurs van Nie-Blanke Aangeleenthede, 196-?:553).

Die eerste skool waar slawekinders onderwys ontvang het, is reeds in 1656 aan die Kaap gestig (Loram, 1917:46). Dit was egter eintlik 'n blanke skool. Dit is egter eers teen die einde van die agtiende eeu dat daar 'n groot oplewing ten opsigte van sendingwerk en 'n veldtog ten opsigte van onderwys deur 'n aantal sendinggenootskappe in Suid-Afrika geloods is. 'n Netwerk sendingstasies is opgerig en veel is gedoen vir die onderwys van swartes (Behr, 1975:411).

In geen fase van die swartes se lewe is die invloed van die sendelinge groter as juis op die gebied van die onderwys nie. Sodra 'n sendeling sy sendingstasie opgerig het en 'n paar volgelingen bekeer is, is die daaropvolgende natuurlike reaksie die aanbieding van onderwys wat hoofsaaklik bestaan het uit onderrig oor hoe om die Bybel te lees (Rogers, 1933:253). Die hoofdoel van die sendelinge was dus om die swartes te kersten.

Kontak tussen die blankes en swartes het tot gevolg gehad dat die "beskaafde" Westerse kultuur die swartes se leefwyse beïnvloed het. Luthuli (1981:50-51) beweer egter dat dit spesifiek die sendelinge se invloed is wat swartes se lewenswyse radikaal verander het. Die sendelinge wou doelbewus die swartes verander, want laasgenoemde is beskou as heidene wat in totaliteit bekeer moes word.

Die verskillende sendinggenootskappe het ten opsigte van die stigting van skole, volledig in isolasie gewerk. Geen poging tot samewerking tussen hulle het bestaan nie. Hierdie tendens ontstaan as gevolg van kerklike jaloesie en wedywing tussen die verskillende genootskappe. Dr. Loram (aangehaal deur

Kgware, 1973:5) skryf in 1917 juis oor hierdie onenigheid tussen die sendelinge wat al hulle goeie werk in diskrediet gebring het. Hy beweer dat swartes selfs materieel vergoed is om by 'n spesifieke kerk aan te sluit.

## 2.4.2 DIE KAAPPROVINSIE

### 2.4.2.1 INLEIDING

Aanvanklik was daar slegs sporadiese pogings deur die NOIK om opvoeding en evangelisasie aan swartes in Suid-Afrika te verskaf. Eers gedurende die eerste kwart van die 19de eeu is daadwerklike pogings aangewend om toestande te verbeter. Dit het geskied deur die toedoen van die verskillende sendinggenootskappe o.a. die Morawiese-, Londense-, Rynse-, Wesleyaanse-, Paryse-, Berlynse- en die Glasgrowse sendinggenootskappe (Behr, 1978:159).

### 2.4.2.2 ALGEMENE ONDERWYS

Die feit dat daar teen 1925 sowat 2 702 sendingskole met 'n leerlingtal van 215 956 teenoor die 68 staatskole met 7 710 swart leerlinge in totaal was, weerspieël die omvang van die sendingdeelname aan swart onderwys gedurende die periode. Staatsdeelname aan swartes se onderwys het tydsaam ontwikkel (Behr, 1978:159).

Die onderwyspogings van die sendinggenootskappe is jarelank uitgevoer sonder enige finansiële hulp van regeringskant. In 1839 is 'n Departement van Onderwys in die Kaapkolonie gestig met J. Rose-Innes as die eerste Superintendent-Generaal van Onderwys en hiermee is die sendingskole onder die beheer van die Departement geplaas. Vanaf 1841 verkry die sendingskole staatsondersteuning (Behr en Macmillan, 1971:378).

Die aanstelling van Sir George Grey as goewerneur aan die Kaap in 1854, lei 'n nuwe era ten opsigte van die onderwys van swartes in. Hy was van mening dat onderwys die belangrikste faktor sou wees vir die vreedsame onderwerping van die swartes (Behr en Macmillan, 1971:378). In 1854 verkry die Kaap verteenwoordigende bestuur. Grey wou die Westerse beskawing uitbrei

deur akademiese sowel as industriële opleiding onder die swartes aan te moedig. In 1861 word 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die stelsel van onderwysvoorsiening. In die verslag is voorgestel dat die wyse waarvolgens skole staatshulp ontvang, hersien en verbeter moet word (Loram, 1917:4).

Terwyl staatshulp aan die verskillende onderwysinrigtings vir swartes toegeneem het, het die Kaapse Onderwysdepartement dienooreenkomstig meer beheer daaroor verkry. Die algemene beleid het behels dat òf die sendinggenootskappe òf die swartes self geboue sou voorsien, terwyl die sendelinge sou optree as bestuurders van die skole. Die Departement verskaf subsidies ten opsigte van onderwysers se salarisse asook vir die losies van sommige leerlinge (Horrell, 1963:13). Vanaf die begin van die twintigste eeu is tussen 20 tot 60 nuwe primêre skole jaarliks vir swartes gestig. Die skole was op staatshulp geregtig. Teen 1907 was daar reeds 770 skole. 'n Baie geringe persentasie swartes het gekwalifiseer om sekondêre onderrig te ontvang (slegs 2½% was in standerd vyf of hoër klasse) (Horrell, 1963:13-14).

In 1908 is 'n Komitee van Bantoe-onderwys aangestel (4 van die 15 lede was swartes) om aanbevelings te doen ten opsigte van toestande in Bantoe-onderwys. Aanbevelings is onder andere gedoen met betrekking tot die gehalte van die onderwys asook moedertaal-onderwys. Ten spyte hiervan is tot en met 1921 geen spesiale kurrikulum vir swart skole opgestel nie (Horrell, 1963:14-15).

#### 2.4.2.3 ONDERWYSERSOPLEIDING

Die onderwysersopleiding van swartes in Suid-Afrika dateer terug tot 1841 waartydens 20 studente - 11 swartes en 9 blankes - by Lovedale opgelei is (Anon., 1974:59).

Interessant genoeg beweer Horrell (1963:3) dat eerwaarde Govan wat die inrigting by Lovedale begin het, reeds onderwysersopleiding aan swartes verskaf het voordat die koloniale regering soortgelyke fasiliteite aan blankes beskikbaar gestel het.

Nadat Grey in 1854 as goewerneur aan die Kaap aangestel is, moedig hy akademiese sowel as industriële opleiding aan (Loram, 1917:4). Tydens 'n vergadering tussen die goewerneur en verteenwoordigers van die "Church of Scotland" is ooreengekom om by Lovedale voort te gaan om onderwysers en evangeliste op te lei. Onderwysers sou salarisse ontvang volgens hulle kwalifikasies. Ander instellings wat swart jeugdige opgelei het vir industriële beroepe, asook onderwysers, vertalers en evangeliste, is ook gesubsidieer. Voorbeelde van sodanige instellings is onder andere Healdtown (wat in 1855 geopen is met 95 ingeskrewe studente), Salem, Lesseyton en D'urban. Teen 1863 is reeds meer as 20 swart onderwysers by Lovedale opgelei. 42 Swart- en 45 blanke leerlinge was op die stadium aan die inrigting verbode en tot in 1890 is blankes en swartes gesamentlik by die inrigting geakkommodeer (Horrell, 1963:7).

Lovedale en Healdtown is twee van die sendingstasies waar besondere goeie werk verrig is. In 1882 lewer meneer Donald Ross (die Inspekteur-generaal van skole in die Kaap) 'n baie positiewe verslag oor Lovedale en getuig van die inrigting as "probably the greatest educational establishment in South Africa" (Horrell, 1963:12).

Met die koms van 'n nuwe Superintendent-generaal, dr. Thomas Muir, in 1892, het daar 'n periode van sneller ontwikkeling aangebreek. Daar was ook nuwe organisasie van die werk van die Departement en van die skole. Wat die toevoer van onderwysers vir swart skole betref, het hy gesê dat dit "heeltal onvoldoende was" (Unie van Suid-Afrika, 1936:art.27-28).

Na 1892 is die opleidingsentrums tot 'n sekere mate gereorganiseer. Daar is aangedring op beter personeelvoorsiening, deegliker en ruimer onderwyspraktyk is vir studente vereis en daar is oor die algemeen baie groter doeltreffendheid van opleiding teweeggebring. Hoewel daar 'n toename in die getal swart studente was wat aangemeld het vir studie, ten spyte van die sluiting van enkele opleidingsentrums vir onderwysers, het min kandidate die eksamens aan die einde van elke studiejaar geslaag (Unie van Suid-Afrika, 1936:art. 40-41).

Op daardie stadium kwalifiseer daar jaarliks 40 onderwysers by Lovedale terwyl daar by die ander 10 inrigtings altesaam slegs 'n dosyn kwalifiseer. Hierdie onderwysers se opleiding het daaruit bestaan dat hulle standerd vier geslaag het en daarna aanvullende onderrig ontvang het in Rekenkunde, Engels en Aardrykskunde om uiteindelik 'n elementêre derdeklas onderwysertifikaat te ontvang (Pells, 1938:80).

Teen 1907 was daar 770 skole met 'n inskrywingstal van 45 000, terwyl 920 studente as onderwysers opgelei is. Baie min swart mense het gekwalifiseer om sekondêre onderrig te ontvang. Gedurende die jare verhoog die toelatingsvereistes vir aspirant-onderwysers geleidelik tot standerd vyf in 1899 en standerd ses in 1901. In 1906 doen dr. Shepherd (die Superintendent-generaal van Onderwys) egter steeds verslag dat die voorsiening van onderwysers in swart skole uiters onvoldoende is (Horrell, 1963:14).

Die opleiding van swart onderwysers in die Kaapprovinsie vanaf omstreeks 1850 - 1922 was in hoofsaak dieselfde as die wat vir blanke kwekeling-onderwysers aangebied is. Toe die standaard vir blanke onderwysers in 1909 tot standerd sewe verhoog is, het dit vir die Departement gebiedend noodsaaklik geword om 'n verskil tussen die kursusse vir blankes en swartes te maak en is 'n vergelyk getref deur die

opleidingskursus vir swartes 'n sogenaamde "junior" kursus te maak, op so 'n manier dat die eksamens in die tweede en derde jaar vir swartes met die eksamens in die eerste en tweede jaar vir blankes ooreengestem het (Unie van Suid-Afrika, 1936: art.40 - 41). So is die kwaliteit van die onderwysersopleiding verlaag.

#### 2.4.2.4 SLOTPMERKING

Tot met Uniewording in 1910 toon swart onderwys aan die Kaap heelwat vooruitgang hoewel dit vol gebreke is. Onder die gebreke geld veral die voorsiening van skole en onderwysers asook te min staatshulp aan die instellings.

Skoolbesoek was verder ongereeld en slegs 'n klein persentasie van die leerlinge vorder verder as die junior klasse. Die sektariese beheer van skole is beskou as 'n vermorsing van energie en mannekrag, omdat dit vir die sendelinge bloot gegaan het om die bekering van siele vir hul genootskap. Daar was geen samewerking tussen die verskillende sendinggenootskappe nie. Ten spyte van die tekortkominge, was daar wel 'n paar uitstekende inrigtings soos Lovedale en Healdtown, waar waardevolle werk verrig is.

#### 2.4.3 NATAL

##### 2.4.3.1 INLEIDING

In 1824 is die eerste permanente nedersetting in Natal gevestig. 'n Klein groepie Engelse ontvang van Tsjaka 'n stukkie grond om die baai wat vandag as Durban bekend staan. Veertien jaar later is die Boere-Republiek gestig. Britse soewereiniteit is egter in 1843 oor die gebied uitgevaardig. Na die verbreking van Dingaan se mag, stroom baie swart vlugtelinge Natal weer binne. Deur die toepassing van stamorganisasie en -gebruike, is soveel as moontlik van hulle hervestig. Vir die bevordering van opvoedkundige en Christelike werk ontvang sendinggenootskappe grond as skenkings, wat vir hulle deur die swartes bewaar is (Horrell, 1963:16).

Natal se beleid het as oogmerk die behoud van alle stamtradisies en gebruike gehad. In die "Letter Patent" van 1848, waarby Natal 'n afsonderlike Britse kolonie geword het, is neergelê dat geen inmenging in die wette en gebruike van die swartes moes plaasvind nie, tensy dit in stryd was met die beginsels van die beskawing (Behr en Macmillan, 1971:381).

#### 2.4.3.2 ALGEMENE ONDERWYS

Die opvoeding van swartes in Natal dateer terug tot in 1835 waartydens kaptein Gardiner na Suid-Afrika gekom het as vryskutsendeling. Hy begin sy eerste skool vir swartes op die Berea-heuwels wat uitsig bied op die baai van Durban (Behr en Macmillan, 1971:381).

In 1839 ontvang 'n Amerikaanse sendeling, dr. Adams, toestemming van die Voortrekkerraad om 'n sendingstasie in Natal op te rig en gedurende die volgende jaar is 'n soortgelyke vergunning aan Lindley en Grout toegestaan (Behr, 1975:437).

Tot in 1848 vind daar in Natal nie veel plaas met betrekking tot onderwys vir swartes nie. Natal maak polities deel uit van die Kaap. Terwyl Grey in die Kaap die stam-organisasie wou verbreek, was dit in Natal nie die geval nie. Aanhoudende stam-oorloë het verhoed dat daar sprake was van 'n algemene onderwysstelsel vir swartes in Natal (Loram, 1917: 53-54).

Die Amerikaanse sendelinge het vinnig hul invloed onder die Zoeloes van Natal laat geld en teen 1850 bestaan daar reeds 12 sendingstasies. Hulle is ook die eerste mense om leesboeke in Zoeloe uit te gee (Behr, 1975:438).

Vanaf 1856 (toe Natal 'n kroonkolonie geword het) kry sendingskole subsidie. Die koninklike oktrooi van Natal beklemtoon dat die gewoontes en sedes van swartes nie hervorm moet word nie, tensy dit sou indruis teen die beginsels van die beskawing (Behr, 1975:438).

In 1884 is 'n stelsel van staatsbeheerde swart skole ingestel en gedurende 1885 is 'n Inspekteur van Swart Onderwys aangestel. 'n Jaar later volg die eerste uitvoerige departementele leerplan vir swart skole. Vanaf 1894 word swart onderwys 'n onderafdeling van die Superintendent van Onderwys se werksaamhede en stel die Natalse Parlement die nodige fondse beskikbaar. Na 1906 se Swart opstand is daar in 1907 'n adviesraad vir swart onderwys saamgestel. Die raad het wel grotendeels uit sendelinge bestaan, maar twee swart verteenwoordigers het gesorg dat in voeling gebly word met die swartes se beskouing (Behr en Macmillan, 1971:382).

#### 2.4.3.3 ONDERWYSERSOPLEIDING

In 1853 gee die "American Board" aan eerwaarde Roodt opdrag om 'n skool by Amanzimtoti, waar die sendeling, dr. Adams ook werksaam was, te begin. Swart predikante, onderwysers en ambagsmanne moes hier opgelei word. Slegs 12 jaar na die ontstaan van Lovedale is dus begin met die inrigting wat vernoem is na dr. Adams (Horrell, 1963:16).

In 1886 word kursusse vir die opleiding van swart onderwysers hier ingestel en in 1887 word die eerste eksamen deur kandidate vir die "Native Teachers' Certificate" afgelê (Behr en Macmillan, 1971:382). Pells (1970:141) meen dat daar teen 1912, drie sentrums vir onderwysersopleiding en vyf industriële sentrums was.

#### 2.4.3.4 SLOTOPMERKING

Wat die onderwys betref was toestande in Natal en die Kaap baie ooreenstemmend. Groot getalle swart kinders kon nie geholpe raak nie en van dié wat wel onderwys ontvang het, het slegs 'n klein persentasie hoër as die primêre klasse gevorder. Die standaard van swart onderwysers se algemene opvoeding was laag en hulle is met werk oorlaai. Ook geboue en toerusting blyk onvoldoende te wees (Horrell, 1963:20).

#### 2.4.4 TRANSVAAL

#### 2.4.4.1 INLEIDING

Gedurende die tweede dekade van die negentiende eeu raak Mzilikazi in onguns by sy leier, Tsjaka, en moet hy vlug. Hy vlug oor die Drakensberge tot in Suid- en Wes-Transvaal. Gevestigde stamme in hierdie gebiede vlug op hulle beurt voor hom uit. In 1836 bots die Voortrekkers met hom en sy mense. Die Ndebele trek terug tot oorkant die Limpopo-rivier. Die Voortrekkers neem besit van die dele tussen die Limpopo- en Vaalriviere en stamme wat voorheen hier gebly het, het besluit om te trek. Die Barolong is toegelaat om hulle by Thaba 'Nchu te vestig. Sommige individuele swartes help op blanke plase. Gedurende die tydperk is geen amptelike poging tot opvoedkundige werk onder swartes geloods nie. Vir baie jare is die werk aan sendelinge oorge- laat (Horrell, 1963:21).

Die eerste pogings van sendingwerk in Transvaal dateer tot 1842. Transvaalse burgers en die Volksraad behou egter volle beheer oor die aktiwiteite van die sendelinge binne hulle grense, aangesien hulle na aanleiding van die optrede van dr. Philips, geen vertroue in sendelinge gehad het nie (Behr en Macmillan, 1971: 384-385). Hulle het gevoel dat die sendelinge, veral dr. Philips, die swartes bevoordeel het ten koste van die blankes.

#### 2.4.4.2 ALGEMENE ONDERWYS

Die eerste sendinggenootskap wat onderwyswerk van 'n blywende aard in Transvaal gedoen het, was die Londense Sendinggenootskap. Livingstone en Edwards het naamlik die sendingstasie by Mabotso in 1842 geopen. Kort daarna het Inglas een by Linokana geopen (Unie van Suid-Afrika, 1936:art. 86).

In 1850 begin sendingwerk by Lydenburg. Huet van Natal besoek die gebied in 1858 en vind burgers wat "begonnen hebben hunne dienstboden onderwijs te geven" (Behr, 1975:439).

In 1857 is begin met die vestiging van die Hermanns-

burgse sendingstasie. Die Republikeinse regering verleen egter geen erkenning of finansiële steun aan die instansie nie (Loram, 1917:62).

Paul Kruger toon egter belangstelling in die werksaamhede en bied selfs 'n deel van sy plaas aan vir die oprigting van hierdie betrokke sendingstasie (Behr en Macmillan, 1971:385).

Gedurende die vroeë sestigerjare van die negentiende eeu begin dr. Hans Merensky 'n sendingstasie by Maleeskop naby Groblersdal. In 1865 veroorsaak die swartes dat die sendelinge moet vlug as gevolg van aanvalle op hulle. 'n Nuwe sendingstasie, Botshabelo, word naby Middelburg opgerig. Hier is 'n primêre skool opgerig en evangeliste opgelei (Horrell, 1963:21). Teen 1881 bestaan 61 sendingstasies in Transvaal wat deur verskillende sendinggenootskappe opgerig is en wat o.a. vir onderwys aan swartes verantwoordelik was (Behr, 1975:440).

Die ontdekking van goud in 1886 lei tot 'n toestroming van swartes na die goudvelde. Die Anglikaanse kerk beywer hom veral vir die voorsiening van onderwys- en kerkgeriewe aan hierdie mense. Hulle rig skole op in die swart woongebiede. Teen 1896 bestaan daar ook reeds 7 privaatskole vir swartes. Die ZAR se wette maak egter geen voorsiening vir subsidies aan skole vir swartes nie (Behr en Macmillan, 1971:385).

Gedurende die periode tot en met die sluiting van die Vrede van Vereeniging in 1902 was die onderwys van swartes suiwer 'n sendingaangeleentheid waaraan die staat geen finansiële steun verleen het nie. Na die Anglo-Boereoorlog gee die nuwe regering egter onmiddellik aandag aan swart onderwys. Die skole wat gedurende die oorlogsjare gesluit is, heropen en word oor dieselfde kam geskeer as skole vir blankes. Onderwys word gratis voorsien en onderwysers word deur die staat aangestel en betaal. In 1903 stel die regering 'n Inspekteur van Swartonderwys aan. Gedurende die volgende jaar is die pos opgegradeer tot Superintendent van Swartonderwys (Behr, 1978:161).

Volgens die beleid van die Transvaalse Regering kon sendinggenootskappe hulle bedrywighede voortsit, maar onderwys is beheer deur middel van inspeksie. Die Onderwyswet van 1907 voorsien 'n stelsel van afsonderlike onderwysersopleiding vir swartes en blankes (Behr, 1978:161).

#### 2.4.4.3 ONDERWYSOPLEIDING

Die sendinggenootskap van Kilnerton was o.a. een van die inrigtings wat in 1885 gestig is en belangrike werk ten opsigte van onderwysersopleiding gedoen het. Hier het aanvanklik 30 studente as aspirant-onderwysers ingeskryf. Die meeste van hulle besit net die toelatingsvereiste van standerd drie. Na voltooiing van die opleidingskursus oor twee jaar, neem hulle beheer oor by sekere sendingskole. In 1905 ontstaan die sendingstasie Grace Dieu en in 1906 het 'n opleidingskool vir onderwysers hier tot stand gekom. Gedurende dieselfde jaar word die Semana-inrigting gestig. In die daaropvolgende jaar kry die inrigting 'n opleidingskollege vir onderwysers by met aanvanklik 14 mansstudente. In 1908 is die Wilberforce-inrigting in Evaton gestig waar ook onderwysers opgelei is. Net na die Anglo-Boereoorlog is ook 'n afdeling vir onderwysersopleiding by Botshabelo (naby teenswoordige Middelburg) begin (Horrell, 1963:21-23).

Op 1 Desember 1905 reik die Regering 'n kennisgewing uit en publiseer 'n sillabus vir die opleiding van swart onderwysers. Die toelatingsvereiste was standerd drie en die kursus het drie jaar geduur met 'n eksamen aan die einde van elke jaar. Die kurrikulum het die volgende bevat : Engelse spraak, lees, grammatika, stelwerk en spelling, rekenkunde, aardrykskunde, handskrif, swartborddemonstrasies, liggaamlike opvoeding en sang. Gedurende daardie tyd was daar vier inrigtings vir onderwysersopleiding (onder andere Kilnerton en Botshabelo) wat hulp van die staat ontvang het (Behr en Macmillan, 1971:386-387).

#### 2.4.4.4 SLOTOPMERKING

Met die stigting van die Unie van Suid-Afrika het die

onderwysstelsel van Transvaal reeds 'n definitiewe vorm aangeneem. Afsonderlike skole vir verskillende bevolkingsgroepe (elkeen met sy eie karaktertrekke en individualiteit) het bestaan (Behr, 1975:445).

#### 2.4.5 OVS

##### 2.4.5.1 INLEIDING

In 1823 word die eerste sendingskool vir swartes noord van die Oranjerivier by Philippolis opgerig. Nege jaar later is een by Thaba 'Nchu opgerig en in 1834 volg 'n sendingskool by Bethanie (naby die teenswoordige Edenburg) (Horrell, 1963:24).

Die Voortrekkers het hulle ook in die gebied noord van die Oranjerivier gevestig. Aanvanklik net by Thaba 'Nchu, maar nadat Potgieter die Matabeles verslaan het, is Winburg in 1838 gestig.

Sommige Voortrekkers het hulle weer in die gebied gevestig nadat hulle uit Natal teruggetrek het omdat die Britte Natal in 1843 geannekseer het. Die OVS-gebied is op sy beurt ook deur Brittanje geannekseer, maar feitlik onmiddellik weer afgegee en daarom kon die OVS in 1854 homself onafhanklik verklaar en 'n Republiek stig (Pells, 1938:37-38).

##### 2.4.5.2 ALGEMENE ONDERWYS

Die jong Republiek was in geen posisie om aandag aan swart onderwys te gee nie, veral weens 'n tekort aan geld. Desnieteenstaande keur hulle die toekenning van klein bedrae geld vir onderwys in die vorm van subsidies aan sendinggenootskappe goed (Behr en Macmillan, 1971:388). Na die oorlog van 1865 is grond aan die noordelike grens van Basoetoeland aan sekere hulpvaardige stamme toegeken en so het die NG-sendingkerk toegetree tot die onderwys deur die oprigting van 'n skool in die gebied. Die Anglikaanse kerk rig op hul beurt 'n skool naby Ladybrand (by Modderpoort) op. In 1872 stel die Volksraad Brebner aan as Inspekteur van Skole vir swartes en besluit om aan die NG-kerk 'n jaarlikse toelae van f45 te gee vir hulle werk by Witsieshoek. In 1903 bepaal 'n nuwe

onderwyswet dat sendingstasies wat industriële en ander onderwys aan die swartes verskaf, klein toelaes sou ontvang (Horrell, 1963:25-26).

Slegs een staatskool vir swartes is in hierdie tyd gestig en swart onderwys het dus 'n sendingonderneming gebly. Verantwoordelike bestuur is in hierdie tyd aan die OVS toegeken maar die Regering bemoei hom nie veel met swart onderwys nie (Behr, 1975:446).

#### 2.4.5.3 ONDERWYSERSOPLEIDING

Eerwaarde Shaw het reeds in 1848 in 'n verslag die noodsaaklikheid van opgeleide onderwysers en evangeliste onderstreep. Desnieteenstaande rig die Metodiste eers in 1892 die Moroka-inrigting (vir die opleiding van onderwysers) by Thaba 'Nchu op (Horrell, 1963: 25-26).

In Oktober 1908 open die NG-kerk 'n opleidingskool vir swart onderwysers by Viljoensdrif. Hierdie opleidingskool (die Stofberg-gedenkskool) lei swartes ook op vir werk op die sendingvelde van Suid-Afrika (Behr, 1975:446).

#### 2.4.5.4 SLOTOPMERKING

Onderwys aan swartes in die OVS val dus tot met Uniewording uitsluitlik in die hande van die sendinggenootskappe. Die pogings van die betrokke genootskappe was onsuksesvol as gevolg van die meeste stamme se migrasie-gewoontes, hulle onrustigheid en ook die vyandigheid tussen die Boere en Basoetoes (Behr, 1978: 161).

Al hierdie sake en ook die feit dat die Regering onwillig was om in te gryp, veroorsaak dat die swart onderwys van die OVS sleg afgesteek het by dié van veral die Kaap en Natal en in 'n mindere mate ook Transvaal.

#### 2.4.6 EVALUERING VAN ONDERWYSERSOPLEIDING GEDURENDE DIE TYDPERK TOT 1910

Loram (1917:131) beweer met reg dat "the necessity for Native training institutions follows as a corollary to the necessity for Native education". Skole vir swart kinders moet verkies-

lik deur swart onderwysers beman word en dit is noodsaaklik dat hierdie onderwysers opgelei moet word.

Daar is reeds gewys op die aandeel van elk van die vier gebiede met betrekking tot swartes se onderwys en veral ook ten opsigte van die opleiding van swart onderwysers tot en met Uniewording. Uit die ondersoek blyk duidelik dat, alhoewel daar verdienstelike werk verrig is, veral deur inrigtings soos Lovedale en Healdtown, onderwysersopleiding in die breë veel te wense oorgelaat het.

Ten spyte van goeie werk rondom die opleiding van onderwysers, het die volgende probleme in al vier gebiede uitgekristalliseer :

- \* 'n gebrek aan daadwerklike finansiële hulp van regeringskant,
- \* min inrigtings vir die opleiding van onderwysers was beskikbaar (deels as gevolg van gebrekkige fondse),
- \* toelatingsvereistes van leerling-onderwysers was baie laag. (Vereistes is in die Kaapprovinsie (1901), Natal (1912), Transvaal en OVS (1929) tot standerd ses verhoog) (Horrell, 1963:61).
- \* die voorsiening van onderwysers het nie aan die vraag voldoen nie,
- \* die opleiding van onderwysers en die onderwys in die algemeen het 'n lae standaard gehandhaaf. (Alhoewel die Komitee vir Swartonderwys reeds in 1908 aanbeveel het dat die standaard van swart onderwys moes korreleer met dié van blankes, moes "the language of the pupils, their home conditions, their social and mental environment, their hereditary tribal and racial instincts, and their future position and work in the country" wel in ag geneem word (Horrell, 1963:14).
- \* die moontlikheid het bestaan dat die blankes se kultuur en opvoedingsmetodes direk op swartes oorgeplaas kon word,
- \* 'n gebrek aan sentralisasie het 'n verskil in die ontwikkelingsstadia (ten opsigte van onderwysersopleiding) van die vier gebiede veroorsaak,
- \* sterk mededinging tussen die sendinggenootskappe strem op sigself ook ontwikkeling.

Reeds van die vroegste tye af was daar nie genoeg goed gekwalifiseerde onderwysers nie. Kwaliteit en kwantiteit ten opsigte van die opleiding van onderwysers het ontbreek.

#### 2.4.7 SAMEVATTEND

Tot en met Uniewording in 1910 was die ontwikkeling van onderwys in die vier gebiede op ongelyke vlak. In die Kaap vind ontwikkeling sneller plaas as in Natal, wat weer op sy beurt 'n sneller ontwikkeling toon in vergelyking met Transvaal. Die OVS toon die stadigste ontwikkelingsgang. Natal en die Kaap se onderskeie regerings openbaar 'n vrye en tegemoetkomende gesindheid teenoor swartes terwyl die OVS en Transvaal 'n meer eng en onderdrukkende beleid volg (Lekhela, 1972:15).

In die proses waar die belangrikheid van en waardering vir die sendelinge se rol in swart onderwys erken word, moet die tekortkominge van hulle aandeel egter ook aangestip word, omdat hul werk dan in perspektief gesien kan word. Die vertrekpunt vir evaluering van die aandeel se verdienstelikheid is om te bepaal met watter doelwit hulle onderwys aan swartes verskaf het. Die primêre doel van die sendelinge was die kerstening van die swartes - onderwys was 'n bysaak. Dit op sigself kan nie as verkeerd beskou word nie, maar die bewering deur Loram (soos aangehaal deur Kgware, 1973:5) dat hulle selfs die swartes materieel vergoed het om by hul sendinggenootskap aan te sluit, wys op hul werklike oogmerke (ook wat die onderwys betref). Die onderskeie sendinggenootskappe toon ook geen tekens van samewerking met mekaar nie. Hulle werk in isolasie en kerklike jaloesie en wedywering om die bekering van heidene, bestaan. 'n Verdere tekortkoming in die sendelinge se werk is die feit dat hulle die kultuur van die swartes ignoreer bloot omdat laasgenoemde as heidens beskou is.

Die werk van die sendelinge moet waardeur word ten spyte van die feit dat hulle gefaal het in enige poging om die swartes se kultuur te bewaar. Die swartman het 'n vreemdeling geword vir sy eie gelowe en gebruike. In die relatief kort tydperk van 80 jaar waartydens die blankes se beskawing en onderwys aan swartes bekend gestel is, het die pendulum van een uiterste na die ander geswaai - "dissociative interaction to a state resembling religious integration" (Lekhela, 1972:15).

Bartlett (aangehaal deur Loram, 1917:77) beweer egter dat die

swartes baie verskuldig is aan toegewyde manne en vroue wat 'n harde en moeilike lewe in die wildernis gelei het om hulle (die swartes) op te lei sodat hulle 'n rol kan speel in die beskawing (Loram, 1917:77).

## 2.5 ONDERWYSERSOPLEIDING TYDENS DIE TYDPERK VANAF 1910 TOT 1954

### 2.5.1 INLEIDING

Tydens die tydperk wat Uniewording voorafgaan, fungeer sending-skole in Suid-Afrika ongekoördineerd. Finansiële hulp van regeringskant was oor die algemeen baie beperk.

Die jaar 1910 (Uniewording) is nie net vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die algemeen van belang nie, maar ook vir die geskiedenis van swart onderwys. Dit is die begin van 'n periode gekenmerk deur groei of ontwikkeling in swart onderwys (Lekhela, 1972:16).

Die Unie van Suid-Afrika se grondwet bepaal dat Naturellesake deur die Minister van Naturellesake hanteer word terwyl provinsiale rade verantwoordelik is vir swart onderwys. Op grond van die beleid is swart onderwys afsonderlik gehou van algemene beleid ten opsigte van swartes, hoewel die twee in die praktyk ineengestremel was (Behr en Macmillan, 1971:388).

Die administrasie van swart onderwys is gedurende die tydperk baie gekompliseerd. Die beheer is verdeel tussen die staat, die provinsiale regerings, die sendinggenootskappe en die mense self (Horrell, 1968:1).

### 2.5.2 KAAPLAND

In die Kaapprovinsie het die ontwikkelingstempo stadig gebly (Behr, 1978:162). Tot in 1922 is hier feitlik geen poging aangewend om 'n onderskeid te tref tussen die kursusse vir blankes en die wat vir swartes voorgeskryf is nie (Behr, 1975:446).

Nuwe kursusse is in 1922 vir die opleiding van swart onderwysers ingestel. Hiervolgens is twee verskillende kursusse in die lewe geroep, naamlik 'n driejarige Laer Primêre onderwyskursus (met standerd ses as toelatingsvereiste) en 'n tweejarige Hoër Primêre kursus (met standerd agt as toelatingsvereiste). Laasgenoemde stel onderwysers in staat om onderrig te gee aan standerds vyf en ses van die primêre skool (Behr en Macmillan, 1971:389).

### 2.5.3 NATAL

Tot in 1917 vind daar taamlike snel uitbreiding in Natal plaas. Met dr. Loram se aanstelling as Hoofinspekteur van Naturelle-onderwys in 1918, neem uitbreiding selfs nog meer toe. Hy het baie goue wysigings ingestel ten opsigte van die bestaande stelsel. Hy hersien die opleidingskursus vir onderwysers, stel vakansiekursusse vir diensdoenende onderwysers in, omskryf onderwysdoelstellings duideliker en gee 'n kwartaalblad vir onderwysers uit. Sy benoeming val saam met 'n tydperk van finansiële voorspoed en sy planne was dus maklik uitvoerbaar (Behr, 1975:447).

### 2.5.4 TRANSVAAL

Na afloop van 'n ondersoek deur die Onderwysdepartement van Transvaal na die toestand van sake in swart onderwys, is bevind dat onderwys net in die engste sin van die woord plaasvind. 'n Wysigingsbesluit ten opsigte van die onderwysstelsel is aanvaar. 'n Nuwe leerplan (ingevoer gedurende 1915) is opgestel. Dit is gebaseer op die moontlikhede, behoeftes en aspirasies van swartes (Behr, 1975:447).

### 2.5.5 OVS

In 1923 word alle onderwysers in diens van erkende sendinggenootskappe op 'n register geplaas en 'n salaristoelae, volgens kwalifikasies, is deur die Provinsiale Raad aan hulle betaal. In 1924 volg die aanstelling van 'n Organiserende Inspekteur vir swart onderwys en hy bevind na 'n ondersoek dat toestande chaoties is. Die inspeksiestelsel is verbeter omdat soveel onderwysers ongekwalifiseerd en onderrigmetodes onbevredigend was (Behr, 1975:448).

Gedurende 1929 tree 'n verbetering in die opleiding van onderwysers in werking as die Onderwysdepartement sy eie leerplan vir die opleiding uitgee en sedert 1930 neem hy sy eie eksamens af. Die twee opleidingsinrigtings (Stofberg en Modderpoort) ontvang goeie finansiële hulp van die Provinsiale Regering (Behr en Macmillan, 1971:391).

### 2.5.6 DIE NATURELLE EKONOMIESE KOMMISSIE 1930 - 1932

Omdat onderwysersopleiding ook deel uitmaak van die onderwysstelsel, is dit belangrik dat daar ook vlugtig gekyk word na hierdie kommissie wat deur die Regering aangestel is weens 'n

gebrek aan 'n doelgerigte onderwysstelsel. Die belangrikste inset wat die kommissie gelewer het, was dat swart onderwys onder oë geneem is en gepoog is om probleme op te los. Daar is onder andere bevind dat swart onderwys te literêr was en nie veel in gemeen gehad het met die swartes se alledaagse lewe nie. Daar het nie veel gekom van hierdie kommissie se aanbevelings nie. In 1935 het dit egter nodig geword dat swart onderwys op 'n nasionale grondslag geplaas word en daarom is die Interdepartementele kommissie deur die Regering aangewys (Lekhela, 1972:17).

#### 2.5.7 DIE VERSLAG VAN DIE INTERDEPARTEMENTELE KOMMISSIE INSAKE NATURELLE-ONDERWYS (1935 - 1936)

Die Kommissie rapporteer in 1936 terug aan die Minister van Onderwys en wys daarop dat swartes, as gevolg van sosiale veranderinge, hulle in 'n dilemma bevind oor die aard en doel van hulle onderwys. Moes hulle voortgaan met opvoeding deur blankes met 'n Westerse kultuur; moes hulle eie kultuur ten alle koste behou word of moes daar 'n samesmelting plaasvind van beide kulture in die onderriggebeure (Lekhela, 1972:17).

'n Paar van die kernvraagstukke wat deur die Kommissie behandel is, was onder andere oor die administrasie en beheer, toesig en inspeksie en die verskillende soorte onderwys. Een van die soorte onderwys wat onder oë geneem is, was onderwysersopleiding. Wat hierdie aspek betref, het die Kommissie rapporteer dat elke provinsie self voorsiening gemaak het vir die opleiding van onderwysers. Daar was 'n totaal van 27 opleidingskole vir swartes. Studente kon na die suksesvolle voltooiing van die kursus, die Laer Primêre Onderwyserssertifikaat verwerf. Hierdie kursus het drie jaar geduur en het 'n toelatingsvereiste van standerd ses gehad. In die Kaap en Natal het sekere sentrums ook voorsiening gemaak vir 'n opleidingskursus vir 'n Hoër Primêre Onderwyserssertifikaat. Dié kursus het twee jaar geduur en het 'n toelatingsvereiste van standerd agt gehad. Alle opleidingskursusse het uit 'n akademiese en professionele deel bestaan. Die Kollege van Fort Hare het 'n tweejarige kursus vir sekondêre skoolkandidate aangebied (Unie van Suid-Afrika, 1936:art.183-185).

Die Kommissie het verder ook rapporteer dat daar in 1935 ongeveer 30% van die leerkragte aan swart skole ongekwalifiseerd was en dat 56% van alle onderwysers manlike persone was. 'n Aantal blankes was ook werksaam by swart skole (Behr, 1978:164).

Op grond van inligting wat die Kommissie verkry het van heelwat toonaangewende persone in die onderwys, het die Kommissie bevind dat hervorming van die bestaande onderwysstelsel noodsaaklik is (Behr, 1975:452).

Hulle bevind verder dat die stelsel vir finansiering van swart onderwys uiters onbevredigend is. Die idee is taamlik algemeen dat swart onderwys op die goedkoop manier verskaf moet word. Hulle waarsku dat die idee toekomstige geslagte duur te staan kan kom. (Regeringsbydrae per blanke leerling was 10 maal groter as vir swartes). (Unie van Suid-Afrika, 1936:art. 302).

Hulle bevind verder dat 'n hele aantal gesubsidieerde skole oorvol was en dat daar 'n groot personeeltekort heers. In ongesubsidieerde skole, waar onderwysdepartemente nie onderwysers aangestel het nie, stel sendinggenootskappe op eie onkoste swartes aan om te onderrig, alhoewel laasgenoemde weinig meer weet as die leerlinge (Behr, 1975:452).

## 2.5.8 ONDERWYSERSOPLEIDING GEDURENDE DIE OORLOGSJARE EN DAARNA (1939 - 1949)

### 2.5.8.1 INLEIDING

Suid-Afrika beleef gedurende dié periode 'n geweldige industriële opswaai. Dit veroorsaak grootskaalse verstedeliking en bring veranderinge ten opsigte van ekonomiese en sosiale toestande van al sy mense teweeg (Mathivha, 1981:74).

Net voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog is baie gedebatteer oor swartes se toekomstige posisie. Sou hulle deel vorm van 'n algemene, verwesterde gemeenskap of sou daar segregasie plaasvind? Moet die onderwysdoelstellings van swartes wees om hulle by te staan sodat hulle kan aanpas by 'n Westerse omgewing, of moet 'n grondslag vir afsonderlike gemeenskappe gelê word (Horrell, 1968:4).

Gedurende die na-oorlogse jare styg die uitgawes van swart onderwys geweldig. Die swart bevolking vermeerder vinnig en 'n groot verskuiwing van swartes vanaf die platteland na die stad vind plaas. Baie probleme ontstaan as gevolg van die samedromming van groot getalle swartes in die swart woonbuurte. Weens 'n gebrek aan behuising of geleentheid vir vryetydsbesteding raak jong swartes losbandig en ongedissiplineerd. 'n Ander oorsaak vir die toestand is die ontwrigting van die gesinslewe en ekonomiese druk. 'n Groot vraag na meer skole ontstaan. Die tekort aan skole veroorsaak dat talle swart kinders sonder skoolonderrig opgroei en jeugmisdaad word 'n wesenlike probleem (Behr, 1975:459).

#### 2.5.8.2 ONDERWYSERSOPLEIDING

Voornemende swart onderwysers kon teen 1949 in die Kaapprovinsie, Transvaal en die OVS opgelei word vir die Laer Primêre Onderwysertifikaat (drie jaar opleiding met standerd ses as toelatingsvereiste) of vir die Hoër Primêre Onderwysertifikaat (twee jaar professionele opleiding na standerd sewe). Die Kaapprovinsie besluit dat die Hoër Primêre sertifikaat die minimum vereiste vir manlike onderwysers moet wees. Natal het die sogenaamde O-stelsel gevolg (die O staan vir Onderwys) naamlik, die

- \* O 5 sertifikaat (twee jaar opleiding na standerd ses)
  - \* O 4 sertifikaat (twee jaar opleiding na standerd sewe)
  - \* O 3 sertifikaat (twee jaar opleiding na standerd tien)
  - \* O 2 sertifikaat (drie jaar opleiding na standerd tien)
- (Unie van Suid-Afrika, 1951:art. 285).

In 1925 bestaan 24 opleidingsinrigtings vir swart onderwysers. Teen 1947 het dit tot 37 vermeerder, waarvan 4 in die Transvaal direk deur die Departement beheer is. Die res is ondersteunde sendinginrigtings (14 in Kaapprovinsie, 9 in Transvaal, 6 in Natal en 4 in die OVS). In 1925 is daar 2 782 studente en in 1949 vermeerder dit tot 5 935.

In 1930 is daar 6 932 swart onderwysers en in 1949 17705 waarvan 3 525 ongekwalifiseerd is, 9 791 die Laer Primêre sertifikaat, 2 910 die Hoër Primêre sertifikaat en 1 479 die matrikulasie en professionele sertifikate en hoër kwalifikasies gehad het (Horrell, 1963: 62).

## 2.5.9 DIE VERSLAG VAN DIE EISELEN-KOMMISSIE

### 2.5.9.1 INLEIDING

Dit is weer eens belangrik om daarop te let dat die Eiselen-kommissie nie uitsluitlik oor onderwysersopleiding gaan nie hoewel aspekte van onderwysersopleiding tog aangeraak word. Die verslag was egter vir swart onderwys so belangrik dat dit kortliks bespreek moet word. Om aan die groeiende behoeftes van Bantoe-onderwys te voorsien en te verseker dat die swart onderwys van so 'n aard is dat dit die gemeenskap se vooruitgang bevorder - nie net individuele belange nie - was dit nodig om die hele aangeleentheid van swart onderwys in oënskou te neem en 'n nuwe toekomsplan uit te werk. Met hierdie doel voor oë stel die Unieregering in 1949 'n Kommissie van Ondersoek aan. Hierdie verslag, bekend as die Eiselen-verslag is 'n baie belangrike verslag sover dit swart onderwys betref. Die verslag gee aanleiding tot nuwe wetgewing in verband met swart onderwys, naamlik die Wet op Bantoe-onderwys, Wet 47 van 1953 (Behr, 1975:460).

Die kommissie moes oor die volgende aspekte navorsing doen en aanbevelings maak, naamlik :

- \* die formulering van beginsels en doelstellings vir die onderwys van swartes as 'n onafhanklike ras met inagneming van hulle inherente eienskappe, karaktertrekke en aanlegte;
- \* in hoe 'n mate moet bestaande primêre-, sekondêre-, en beroepsonderwys vir swartes, asook die opleiding van swart onderwysers verander om aan te pas by die voorgestelde beginsels sodat swartes voortaan beter toegerus is vir toekomstige betrekkings;
- \* die organisasie en administrasie van alle aspekte met betrekking tot swart onderwys;

- \* op watter basis finansiering van die onderwys moet plaasvind;
- \* enige ander aspekte van swart onderwys wat ter sprake is. (Unie van Suid-Afrika, 1951:art.1).

#### 2.5.9.2 BEVINDINGS

Die kommissie het baie swakhede in die destydse swart onderwysstelsel ontbloot. Van die mees opvallende tekortkominge was onder meer

- \* die onderwysprogram is nie 'n deel van die sosio-ekonomiese ontwikkelingsplan nie;
- \* daar is geen aktiewe deelname van swartes aan beheer oor onderwys sake nie en
- \* onderwysers is nie betrokke genoeg by die breëre beplanning van algemene ontwikkelingskemas vir swartes nie (Behr, 1984:179).

#### 2.5.9.3 AANBEVELINGS

Die Eiselen-kommissie bepaal dat swart onderwys op 'n breë grondslag beplan moet word. Hulle beskou dit as 'n lewensbelangrike maatskaplike diens wat vir die intellektuele, morele en emosionele ontwikkeling van die individu sowel as vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die swartes in die geheel van belang is. (Unie van Suid-Afrika, 1951:art.1051).

Die aanbeveling van die kommissie behels dat swart onderwys uit die hande van die provinsiale administrasie geneem word en aan 'n staatsdepartement van die sentrale regering oorgedra word. Hierdie departement moet op sy beurt voorsiening tref vir desentralisasie deur ses streekeenhede te stig. So 'n streekindeling sal verseker dat homogene bevolkingselemente sover moontlik saamgegroepeer word. Om aktiewe deelname van swartes in die onderwys van hul kinders te verseker, moet plaaslike bestuur aan hulle toegeken word (Unie van Suid-Afrika, 1951:art.1052).

Daar is verder aanbeveel dat daar vier soorte skoolonderrig ingestel word, naamlik 'n laer primêre skoolkursus, 'n hoër primêre kursus, 'n sekondêre kursus of 'n tegniese leergang.

Die swartman self moet 'n aktiewer aandeel hê aan die onderrig van sy rasgenote deur onder andere in die senior posisie aangestel te word. Die privaatskool vir swartes is ook nie nodig geag nie (Behr, 1978: 168). Die opleidingskole vir onderwysers moet onder andere voorsiening maak vir 'n driejarige Laer Primêre Onderwysertifikaat vir swartes met standerd ses as toelatingsvereiste en 'n tweejarige kursus vir die Hoër Onderwysertifikaat met die Junior Sertifikaat as toelatingsvereiste (Behr, 1975:464). Sodoende sou die standaard van onderwysersopleiding verbeter word.

In die Bantoe-onderwyswet (47/1953) is die meeste van die aanbevelings van die verslag van die Eiselen-kommissie geïnkorporeer.

#### 2.5.9.4 SAMEVATTEND

Hoewel die meerderheid blanke opvoedkundiges die Eiselen-kommissie se verslag en aanbevelings en die daaropvolgende Bantoe-onderwyswet van 1953 geweldig aanprys, is daar by die meeste swart opvoedkundiges nie soveel opgewondenheid daaroor nie. Kgwane (1978: 121) beweer by 'n geleentheid dat hoewel die Bantoe-onderwyswet van 1953 steeds 'n maatstaf is waarop die onderwys vir swartes gebaseer is, (hoewel die wet deur die Wet op Onderwys en Opleiding van 1979 vervang is) daar baie aspekte van die wet is wat nie aanvaarbaar is vir die swartes nie. Hy meen dat 'n rede waarom baie aspekte van die wet deur die swartes verwerp is, is omdat hulle nie betrek is tydens die formulering van die wet nie. Hulle het 'n onderwysstelsel verwerp wat gebaseer is op 'n filosofie dat die swartes 'n afsonderlike en onderskeie afdeling van die Suid-Afrikaanse gemeenskap is. Dit is dus ook nie verrassend dat die swart gebiede, wat selfs net gedeeltelike selfregering gekry het, feitlik onmiddellik hul eie onderwyswette opgestel het nie.

Groter bitterheid is opgemerk wanneer daar na ander uitlatings gekyk word. Mphahlele (1982:11-12) sê dat indien die idee van tuislande ondersteun word - indien

die swartes weggedryf word van die stedelike gebiede, moet swart onderwys verander "to stand with both feet in the reserves and have its roots in the spirit and being of the Black society". Volgens hom is daar geen plek vir die swartman in sekere werksrigtings nie, want sulke werk is gereserveer vir die blankes. Swartmense is nie toegelaat om te wei in "green pastures" wat vir blankes gereserveer is nie. "Groen weivelde" vir swartes kan in die tuislande gevind word waar pragtige geleenthede vir hulle geskep is. Onderwyskolleges en selfs universiteite is gebou, maar sodra die swartman hom bekwaam het, keer hy terug na die stedelike gebiede.

Dit is veral by die swartes wat in die blanke gebiede woon, waar die grootste probleme betreffende swart onderwys in die algemeen aangetref word. Die kwantiteit en kwaliteit van swart onderwysersopleiding laat veel te wense oor.

## 2.6 ONDERWYSERSOPLEIDING GEDURENDE DIE TYDPERK 1954 - 1968

### 2.6.1 INLEIDING

Vanaf 1954 tot 1958 is die Departement van Bantoesake verantwoordelik vir swart onderwys. In 1958 het 'n afsonderlike departement, naamlik die Departement van Bantoe-onderwys, met sy eie minister, tot stand gekom. Met die verkryging van interne selfregering stig die tuislande hul eie Departemente van Onderwys en Kultuur. Administratief is die departemente onafhanklik, maar hulle is tog professioneel baie nou gekoppel aan die sentrale Departement van Bantoe-onderwys (Behr, 1978:171).

Op 31 Mei 1961 het die Republiek van Suid-Afrika tot stand gekom. Die gebeurtenis is ook van besondere betekenis vir swart onderwys. Die apartheidsbeleid van die Nasionale Party sou in die daaropvolgende jare tot sy logiese konsekwensie uitgebou word. Dit sou die daarstelling van volledige uitgebreide en afsonderlike stelsels van onderwysvoorsiening vir die verskillende bevolkingsgroepe beteken (Behr, 1975:477).

Wat onderwysdienste betref, was van die belangrikste beleids-punte en oogmerke van die Departement van Bantoe-onderwys onder andere :

- \* die skool is 'n integrale deel van die gemeenskap en is deur die gemeenskap daargestel om te voorsien in hul behoeftes. Swartmense moes meer verantwoordelikheid aanvaar;
- \* onderwysposte moes sover moontlik deur swart leerkragte gevul word en
- \* moedertaalonderrig moes sover moontlik toegepas word (Behr, 1975:478-479).

Op 2 Augustus 1954 het die destydse Sekretaris van Naturelle-sake 'n brief aan alle instellings in beheer van onderwysopleiding (die groot meerderheid sendinggenootskappe) gestuur, waarin hulle van die besluit verwittig is dat die opleiding van onderwysers vir staatskole en gesubsidieerde skole slegs in die inrigtings van die Departement mag geskied. Instellings kon besluit of hulle die inrigting aan die Departement wou verkoop of uithuur of om die inrigtings te sluit en dit eerder in 'n primêre of sekondêre skool te verander. Geboue in blanke gebiede sou gehuur word indien die Departement dit nodig sou ag. Onderwysers in opleidingskole kon ook kies of hulle Departementele onderwysers wou word aldan nie.

Met die aanvaarding van verantwoordelikheid vir 'n stelsel van onderwys aan die swartes, het die Departement van Bantoe-onderwys in die tydperk na 1953 op 'n komprehensiewe skema van onderwysontwikkeling gefunksioneer soos wat nog nooit op die vasteland van Afrika gesien is nie. Die juridiese grondslag van onderwys aan swartes is ook in die tydperk gelê deur middel van

- \* die Wet op Bantoe-onderwys van 1953 (wet nr. 47 van 1953) soos gewysig;
- \* die Wet op Buitengewone Onderwys vir die Bantoe 1964 (wet nr. 24 van 1964) soos gewysig;
- \* die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding 1959 (wet nr. 45 van 1959) (Barnard, 1978:53).

Mphahlele (1982:12) beweer dat dit veral in die tydperk sedert 1954 was dat swart onderwys baie belemmer is. Hy beweer dat daar by Mokopane en ander onderwysersopleidingskolleges verhoed is dat meer as 15 manlike onderwysers per jaar kwalifiseer. Hy beweer voorts dat hierdie aspek 'n groot aanleidende oorsaak is vir die teenswoordige tekort aan gekwalifiseerde onderwysers.

Hoe dringend die probleme geword het, blyk duidelik uit berekenings wat departementele amptenare gemaak het. Hulle het bereken dat daar in 1968 60 000 onderwysers nodig sou wees om 'n effektiewe onderwysstelsel vir swartes daar te stel. Beskikbare fondse maak slegs vir 41 000 voorsiening. Hiervan is 7 500 ook nog privaat gefinansier (Atkinson, 1978:234). Die groot probleem was dus 'n tekort aan geld.

Hoewel daar in hierdie tydperk dus groot ontwikkeling was, was daar nog formidabele probleme wat oorbrug moes word. Groot ontevredenheid, soos wantroue en vyandiggesindheid teenoor die regering wat apartheid voorgestaan het, was teenwoordig. Ten spyte van die probleme, het van die departementele amptenare (veral die eerste sekretaris, F.J. de Villiers en sy opvolger J.H. van Dyk) met groot geesdrif aan die werk gespring om toestande te verbeter. Hulle het taalkomitees aangestel wat moes help met onder andere die terminologie. Moedertaalonderwys is aanbeveel, die werwing van onderwysers is aangepak om die tekorte aan te vul en daar is van indiensopleiding gebruik gemaak om onderwysstandaarde te verbeter (Atkinson, 1978:232-233). Daar is ook gepoog om die swartes groter deelname te gee aan die Departement se aktiwiteite deur 'n Adviesraad vir Bantoe-onderwys in 1964 te stig.

#### 2.6.2 GETALLE

Daar is sedert 1965 'n geweldige uitbreiding in swart onderwys. Die aantal skoolgaande kinders het vermeerder van ongeveer 1,5 miljoen in 1960 tot ongeveer 2 miljoen in 1965 en ongeveer 2,7 miljoen in 1970, terwyl die aantal onderwysers van ongeveer 28 000 in 1960 tot ongeveer 46 000 in 1970 vermeerder het. (RSA, 1987(a):221).

Die primêre doel was nou nie net meer die geletterdheid van swartes nie - groot hoeveelhede geskoolde mannekrag vir professionele en administratiewe beroepe moes nou opgelei word (Atkinson, 1978:234).

Verskeie noodmaatreëls is noodgedwonge ingestel om probleme te oorbrug. Die aantal kinders in die klasse was onhanteerbaar groot. Dubbelsessies is toe ingestel om te probeer help, maar die groot las van verantwoordelikheid moes uiteindelik deur

die swart onderwysers gedra word. Die Departement was bewus hiervan, wat duidelik blyk uit die woorde van die Direkteur (H.J. van Zyl): "The Department is conscious of the struggle that they (teachers) have to wage, and has the greatest appreciation for the devotion and diligence that they show under extremely difficult circumstances" (Atkinson, 1978:234).

In 1959 was daar 'n totaal van 26 088 swart onderwysers en vermeerder tot 31 705 in 1968. Daar was veral 'n skerp styging wat betref die aantal onderwyseresse, omdat alleen hulle toegelaat is om die Laer Primêre Onderwysertifikaat se kursus te volg (Horrell, 1968:86).

Teen die middel van 1958 was daar 39 inrigtings vir onderwysersopleiding - sedert 1949 was dit net 'n toename van twee. Ses van die inrigtings was in Noord-Transvaal, vyf in Ciskei en Wes-Kaap en elf in Transkei, agt in Natal en vier in die OVS. Twee universiteite het ook sedert die datum (1959) begin om kursusse vir onderwysersopleiding, op tersiêre vlak, aan te bied. Fort Hare het reeds vroeër sulke kursusse ingestel. Die Departement het ook gepoog om akkommodasie en kursusse wat beskikbaar was by die verskillende inrigtings, so te beplan dat dit saamval met die behoeftes van die verskillende etniese groepe (Horrell, 1964:95).

In 1968 toe die Departement van Bantoe-onderwys merk dat die voorsiening van sekondêre onderwysers deur die universiteite onvoldoende was om met die toenemende groei in leerlinggetalle tred te hou, stel hulle 'n Junior Sekondêre Onderwysertifikaat in. Ten minste een opleidingskool in elke tuisland het die kursus aangebied (Behr, 1978:186).

### 2.6.3 KURSUSSE

Die kursusse wat op daardie stadium (1968) deur swart onderwysstudente gevolg kon word was :

- \* 'n Laer Primêre Sertifikaat (slegs vir dames) - dit is 'n tweejarige kursus met Vorm 1 (standerd ses) as toelatingsvereiste
- \* 'n Hoër Primêre Sertifikaat - 'n tweejarige kursus met 'n junior sekondêre sertifikaat (standerd agt) as toelatingsvereiste
- \* 'n Sekondêre Onderwysdiploma - tweejarige professionele opleiding met matriek as vereiste

- \* 'n driejarige kursus wat lei tot die Universitêre Onderwysdiploma (nie-graad doeleindes) - matriek is 'n vereiste. Die studente neem 'n tweejaar-kursus wat gevolg word deur 'n jaar professionele opleiding
- \* 'n eenjarige na-graadse universitêre onderwysdiploma
- \* 'n universitêre onderwysdiploma word gelyktydig met die graadkursus aangebied
- \* spesiale eenjarige kursusse vir opgeleide onderwysers met ten minste 'n Hoër Primêre Sertifikaat
- \* 'n instruktorskursus in 'n ambag
- \* en vanaf 1968 die Junior Sekondêre Onderwysdiploma (Horrell, 1968:87-88).

#### 2.6.4 KWALIFIKASIES

Tabel 2.2 toon die kwalifikasies van onderwysers, die kwalifikasies van onderwysers in die verskillende afdelings en ook die persentasie onderwysers wat kwalifikasies besit in 1966.

Uit die tabel blyk dit duidelik dat die grootste persentasie onderwysers, naamlik 80,64% slegs die Laer Primêre - en Hoër Primêre Sertifikate besit het.

Die tabel toon verder dat die grootste getal (persentasie-gewys) onderwysers aan primêre skole verbonde is, maar ook dat hul kwalifikasies weer eens baie laag is.

Die persentasie onderwysers wat 'n graad plus professionele kwalifikasies besit, het afgeneem. Kgnore wys daarop dat die aantal swart gegradueerde onderwysers van 40% in 1949 tot 31% in 1963 gedaal het. Die probleem het daarin gelê dat baie van die beter gekwalifiseerde onderwysers bevordering tot inspektors gekry het, terwyl baie ander na die privaat sektor oorge-loop het as gevolg van lae salarisse, oorbevolking in klaskamers en tekorte aan toerusting (Horrell, 1968:89).

In 'n verklaring wat in 1969 deur die minister uitgereik is, sê hy dat die getal onderwysers met 'n st. 6 of 8-sertifikaat en geen professionele kwalifikasies in 1968 so hoog as 5 711 was. Syfers wys verder dat onderwysers wat nie 'n graad of professionele kwalifikasies besit het nie, van 1979 in 1961 tot 4 826 in 1966 vermeerder het (Horrell, 1968:90).

TABEL 2.2

DIE KWALIFIKASIES VAN ONDERWYSERS IN DIE VERSKILLENDE AFDELINGS ASOOK DIE PERSENTASIES IN DIE VERSKILLENDE AFDELINGS IN 1966 (Horrell, 1968:88-89).

	PRIM.	SEK. *	BEROEPS	PERSEN.
Graad + Prof. kwalifikasie	18	379	-	1,34
Graad alleenlik	-	20	1	0,07
Sek. Onderwysdiploma	121	184	-	1,03
Prof. kwalifikasies + 'n spesiale kursus	67	68	3	0,44
Hoër Primêre Onderwysdiploma	8 998	883	3	33,19
Laer Primêre Onderwysdiploma	13 897	224	8	47,45
Tegniese kwalifikasies	28	30	21	0,27
Laer kwalifikasies	4 647	170	9	16,21
Totaal	27 776	1 958	45	100,00%
GROOTTOTAAL	29 779			

\* Dit sluit sekondêre-, tegniese- en onderwysersopleidingsafdelings in.

#### 2.6.5 SALARISSE EN DIENSVoorwaardes

Ten spyte van salarisaanpassings wat in 1963 en 1967 en weer in 1969 gemaak is en 'n pensioenfonds wat in 1967 ingestel is, was swart onderwysers se salarisste steeds nie mededingend nie (Horrell, 1968:155). 'n Vergelyking tussen blanke en swart onderwysers met dieselfde kwalifikasies toon dat swartes minder verdien het (Horrell, 1968:94).

Kgware (1978:123) wys daarop dat hy in 1964 op die Adviesraad gedien het om swart onderwys te help verbeter. Daar is altyd gesê dat die voorstelle (om swart onderwys te verbeter) goed is, maar dat daar 'n tekort aan geld was. Hy vra verder die vraag hoekom die swartes vir hul eie onderwys moes betaal, terwyl blankes gratis onderwys ontvang. Hoekom is slegs R40 per jaar aan 'n swart kind bestee terwyl R600 per blanke kind bestee is?

'n Groot tekort aan geld kan dus ook aangevoer word as 'n rede vir die swak gekwalifiseerde onderwysers asook die kritieke tekort aan sodaniges.

#### 2.7 DIE TYDPERK SEDERT 1968

In hierdie tydperk is die beheer oor swart onderwys stelselmatig gedentraliseer na elkeen van die agt Nasionale State se onderwysdepartemente, terwyl die Departement van Bantoe-onderwys die beheer behou het oor swart onderwys binne blanke gebiede. Die Departement wat in 1958 tot stand gekom het (en wat sedert 1978 as die Departement van Onderwys en Opleiding bekend staan) het 'n groot taak. Die taak word gekompliseer deur die uitgestrektheid van die land. Doelmatige onderwys moet voorsien word aan verskillende bevolkingsgroepe met verskillende tale. Elkeen van die tale word aanvanklik as voertaal gebruik en as skoolvak aangebied. Die onderwysvoorsiening aan die swartes is dus volk-georiënteerd en wortel in die partikuliere kulture en tradisies van die verskillende swart volke (Barnard, 1984:20).

Die Wet op Bantoe-onderwys van 1953 het sekere basiese tekortkominge bevat en hoewel die wet verskeie kere gewysig is, sou verdere wysigings bloot lapwerk wees en daarom het die Minister van Onderwys en Opleiding in 1978 aangekondig dat 'n nuwe Wet voorgelê sou word. Die Wet op Onderwys en Opleiding van 1979 (90/1979) vervang en konsolideer al die ander wette. Daar word met hierdie wet wat op 1 Januarie

1980 in werking getree het, gepoog om die wetgewing vir swart onderwys in lyn te bring met ooreenstemmende wetgewing van die ander onderwysdepartemente. Dit stel die Departement van Onderwys en Opleiding in staat om die totale ontwikkeling van die swartes sinvol te beplan en uit te bou sodat dit in die totale onderwys- en opleidingsbehoefte van die swartes kan voorsien (Barnard, 1984:1). Die RGN se verslag en aanbevelings oor onderwysvoorsiening in die RSA wat in 1981 verskyn het (en wat later in besonderhede behandel sal word), was ook van besondere belang vir swart onderwys.

## 2.8 SAMEVATTING

Dit blyk baie duidelik dat swart onderwys van die begin af uitgelewer was aan die genade van die sendelinge en dat 'n stelsel van onderwys nie uit eie geleedere ontwikkel het nie. 'n Onderwysstelsel wat vir hulle vreemd was, is aan hulle voorgehou. Tot in 1910 was die sendingaksie se bydrae tot swart onderwys baie groot. In hierdie tydperk is dit ook moeilik om onderwys en onderwysersopleiding heeltemal te skei, aangesien die twee so nou met mekaar verweef was.

Die probleem van kwantiteit en kwaliteit wat tans bestaan, het sy oorsprong in hierdie vroeë tydperk. Daar was min, indien enige samewerking en koördinasie tussen die groot aantal sendinggenootskappe. Elkeen het sy eie onderwysstandaarde gehandhaaf en sy eie rigting ingeslaan. Dit tesame met die feit dat die staat so lank geneem het om toe te tree tot die onderwys, het swart onderwys 'n groot knou gegee. Dit was eers na 1910 dat die staat se bydrae toegeneem het.

Die bevolkingsontploffing by swartes het groot druk geplaas op 'n onderwysstelsel wat reeds geweldige agterstande gehad het om in te haal.

In die volgende hoofstuk sal daar gekyk word na die juridiese grondslag van en beheer oor onderwysersopleiding as verantwoordelikheid van die Departement van Onderwys en Opleiding.

3. DIE JURIDIESE GRONDSLAG VAN EN BEHEER OOR ONDERWYSERSOPLEIDING AS  
VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING

3.1 VOORSKOU

In hierdie hoofstuk word die juridiese grondslag van swart onderwys in die algemeen en onderwysersopleiding in die besonder behandel. Algemene onderwysbeleid word vlugtig behandel ten einde swart onderwys in konteks te bring en die aanbevelings van die RGN-onderzoek na die onderwys (1981) word ook vlugtig behandel. Dieselfde aspekte word ook bekyk in die beheeraspek van die onderwysstelsel.

3.2 INLEIDING

Opvoeding is een van die mees universele en belangrike gebeure wat die mens onderneem, "which is of great importance in and fundamental to childhood, to manhood and ultimately to nationhood" (Luthuli, 1982:25).

In ooreenstemming met die Reformatoriese leerstelling van interne soewereiniteit, erken die sentrale regering die bestaan asook die voortbestaan van die verskillende volke in Suid-Afrika. Die beleid van afsonderlike ontwikkeling van verskillende kultuurgroepe waarborg die identiteit en die ontwikkeling van die eie kultuur. Elke volk se onderwysbeleid word in breë trekke deur 'n eie wet of wette bepaal (Barnard, 1978:51).

Die onderwys en opvoeding van die jeug is onlosmaaklik aan die kultuur van die gemeenskap verbonde. Sonder kultuur, hoe primitief ook al, is daar geen opvoeding nie en sonder opvoeding, hoe primitief ook al, geen kultuur en geen gemeenskap nie. Soos 'n kultuurvolk of -gemeenskap ontwikkel, so ontwikkel die verskillende sosiale strukture of samelewingsverbande soos die gesin, staat, kerk en skool al hoe duideliker as afsonderlike instellinge wat wel in hulle werking met mekaar vervleg is, maar tog elkeen 'n eie taak het om in die samelewing te vervul (Rupert, 1974:3).

Die skool is een van die samelewingsverbande wat in vervlegting saamwerk en saamgeorganiseer word om 'n onderwysstelsel te vorm. Die staat speel 'n besondere rol in die vervlegting. Dit is slegs die staat wat vir en namens 'n hele gemeenskap optree en wie se besluite op alle terreine bindend is. Die staat speel 'n leidende rol in die reëling en beheer van die onderwysstelsel. Die staat kan dit egter nie alleen doen nie, want dan sal hy oortree op die gebiede van die ander (Rupert, 1974:4).

Onder leiding van die grondmotief of geestesmag word die volkskultuur - daaronder ook die onderwysstelsel - deur verskillende bepalende, beperkende en rigtinggewende of wel vergestaltende faktore bepaal. Hierdie faktore of omstandighede verskil van volk tot volk (Rupert, 1974:5).

Die swartes het op die huidige nie deel aan die staat nie en dus ook nie inspraak in wette waar dit oor "eie" sake soos onderwys handel nie. Die swartes se skoolstelsel is ook gebaseer op dié van die blankes wat dit vir hulle volksvreemd mag maak omdat hulle kultuur verskil van die blankes s'n.

Vir baie jare was die blanke verantwoordelik vir die onderwys van die swartes. Die hele stelsel van onderwys was blank georiënteerd. Die logiese vraag ontstaan by swart opvoedkundiges "why give a Black man a horse to ride whilst someone else holds the reins?" (Luthuli, 1982:34).

In hierdie klimaat van onsekerheid (onsekerheid oor baie dinge soos sy oorsprong, aard en wese, die plek wat sy kultuur in sy onderwysstelsel inneem, sy inspraak in sy onderwysstelsel) moet die swart student opgelei word om 'n goeie onderwyser te word. Die vraag kan gevra word of "sy" onderwysstelsel, die juridiese grondslag en beheer, "eie" aan hom is.

### 3.3 BELEID, BEHEER EN DIE ORGANISASIESTRUKTUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSSTELSEL

#### 3.3.1 BELEID

Beleid kan gedefinieer word as die breëre riglyne, beginsels en ideologiese aspekte wat 'n opvoedingstelsel ten grondslag lê, dit wil sê bepaalde rigtinggewende en prinsipiële beginsels (Barnard, 1978:55).

Die onderwysbeleid word in breë of minder breë trekke deur 'n wet of wette vasgelê sodat die belangrikste aspekte van die onderwys 'n duidelik juridiese grondslag het (Rupert, 1974:41).

As 'n wetgewende liggaam 'n demokraties verkose liggaam is wat die volk verteenwoordig, is sy bepalinge in die laaste instansie bepalinge deur die volk en word onderwysbeleid aldus deur die volk self bepaal. Wetgewing lê dus net vas wat reeds in die volkswil bestaan (Barnard, 1984:6).

Swartmense kan nie "hul" mense in die wetgewende liggaam kies nie. Hoewel die lid van 'n wetgewende liggaam wat ontwerpwetgewing indien, wel verskeie deskundige swartes en liggame raadpleeg ten opsigte van die onderwyswetgewing, word daar nie direkte insette deur swartes

self gelewer nie. Misverstande en wantroue mag ontstaan oor die werklike oogmerke en die wyse waarop wetgewing ingedien word. Luthuli (1982:35) kan met reg beweer "Black education should be rooted in a Black philosophy of life".

Onderwyswetgewing behoort dus 'n kanaal te wees waarlangs die grondmotiewe wat die volk beheers in die onderwys uitmond. In die geval van die swartes moet die onderwyswetgewing die volk in geheel wel-geval en dit moet met inagneming van die grondmotiewe van die volk geskied (Rupert, 1974:42).

Naas die sentrale regering is daar ook ondergeskikte wetgewende liggame wat kragtens gedelegeerde gesag van die sentrale regering bindende juridiese bepalings op hulle onderskeie gemeenskappe en gebiede kan uitvaardig. Sulke wetlike verordeninge mag nie in stryd wees met wette van die sentrale wetgewende liggaam nie (Barnard, 1984:7). Daar is tans 'n gesentraliseerde onderwysbeleid met gede-sentraliseerde implementering.

Die swartman word grotendeels uitgesluit wat die besluitnemingsproses betref. Dié van hulle wat wel insette lewer (soos byvoorbeeld die "verteenwoordigers" in die Raad van Onderwys en Opleiding) word genomineer en nie verkies nie. Professionele deelname in die formulering van wetgewing is afwesig en daar is 'n afkeer by swartes "who feel 'legislated for'" (Universiteit van Natal, 1982:20).

### 3.3.2 BEHEER

Beheer kan weer gedefinieer word as die aanvaarding van die verantwoordelikheid vir die uitvoering van neergelegde beleid. Beheer en beleid is afhanklik van mekaar. Onderwysbeheer behels die opneem of aanvaarding van verantwoordelikheid deur organe (soos 'n onderwysdepartement) vir die instelling, instandhouding en funksionering van 'n bepaalde onderwysstelsel (Barnard, 1984:13). In alle wetgewing word bepaal watter organe (beampies of liggame) vir die uitvoering daarvan verantwoordelik gehou word. 'n Onderwyswet, -ordonnansie of -dekrete is nie altyd voldoende gedetailleerd vir onmiddellike uitvoering nie en daarom word daar soms bepaal dat sekere organe, regulasies kan of moet opstel. In die loop van die uitvoering van verordeninge van wetgewende liggame en van die ondergeskikte wetgewing (die regulasies en reëls), word allerhande voorskrifte ingevolge hierdie wetgewing en ter aanvulling daarvan deur die uitvoerende organe (byvoorbeeld onderwysdepartemente), opgestel. Die voorskrifte

het die krag van 'n wet, maar hulle verskyn in die vorm van omsendbriewe en word nie amptelik gepromulgeer nie (Rupert, 1974:42).

Die regeringspatroon van 'n land weerspieël die beheer van sy onderwysstelsel. Sommige regerings oefen vanuit die regeringskantore streng beheer uit oor die meeste sake wat die burgers raak, terwyl ander regerings weer ten gunste is van groter seggenskap vir die plaaslike gemeenskappe. In die praktyk bestaan daar net soveel onderwysstelsels as wat daar lande is, maar met betrekking tot die beheer val hulle hoofsaaklik in twee hoofgroepe uiteen, naamlik gesentraliseerde- en gedesentraliseerde beheerstelsels (Barnard, 1984:13). Daar word ook soms 'n kombinasie van die twee gebruik naamlik die gemengde beheerstelsel.

In 'n gesentraliseerde onderwysstelsel oefen die sentrale regering beheer uit oor feitlik alle aspekte betreffende die onderwys, terwyl die beheer in die geval van 'n gedesentraliseerde stelsel grotendeels by die plaaslike gemeenskappe berus (Behr en Macmillan, 1971:5). In die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel word die gemengde stelsel gebruik naamlik 'n gesentraliseerde onderwysbeleid met gedesentraliseerde implementering.

### 3.3.3 DIE RGN-VERSLAG EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN OP BELEID EN BEHEER

#### 3.3.3.1 INLEIDING

Die Kabinet het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) in Junie 1980 versoek om 'n diepgaande ondersoek in te stel na die onderwys in al sy fasette. Die Regering het verlang dat op grond van die ondersoek 'n onderwysbeleid geformuleer moet word waardeur -

- \* die potensiaal van al die inwoners van die RSA verwesenlik kan word
- \* die ekonomiese groei in die RSA bevorder kan word, en
- \* die lewensgehalte van al die inwoners van die RSA verbeter kan word (RSA, 1983:1)

Daar moes ook aanbevelings gedoen word oor

- \* die organisasie- en beheerstruktuur en finansiering van die onderwys,
- \* die raadplegings- en besluitnemingsmeganismes in die onderwys,
- \* 'n onderwysinfrastruktuur om te voorsien in die mannekrag-

behoefte van die RSA en die selfverwesenliking van sy inwoners en

- \* 'n program ter bereiking van 'n gelyke gehalte onderwys vir alle bevolkingsgroepe (RGN, 1981(a):1)

Die ondersoek moes gedoen word met inagneming van onder andere die bestaande onderwysituasie, die bevolkingsamestelling in die Suid-Afrikaanse samelewing en die hulpbronne beskikbaar vir onderwys in die RSA (RSA, 1983:1).

Die Regering het die verslag in Julie 1981 ontvang en dit in Oktober 1981 saam met 'n Tussentydse Memorandum vrygestel. In die Memorandum het die Regering aangekondig dat hy oor die aanbevelings in die verslag sal besluit nadat belanghebbende instansies die geleentheid gehad het om kommentaar te lewer en nadat die Regering 'n geleentheid gehad het om die aanbevelings van die RGN en die kommentaar sorgvuldig te oorweeg. Daar is 'n Tussentydse Onderwystaakgroep ingestel om die verslag te oorweeg. Die Onderwystaakgroep het hul verslag in November 1982 aan die Minister van Nasionale Opvoeding oorhandig. Die Regering het op grond van al die gegewens beskikbaar die Witskrif opgestel (RSA, 1983:1).

### 3.3.3.2 DIE ROL VAN DIE SENTRALE OWERHEID TEN OPSIGTE VAN ONDERWYSVOORSIENING

#### 3.3.3.2.1 INLEIDING

Dit is die sentrale owerheid se taak om die belange van die staat en al sy inwoners te behartig. Die regering se hoofdoelwit is derhalwe om die grootste mate van geestelike en materiële wel-syn vir alle landsburgers te verseker. Die owerheid moet dus toesien dat bepaalde dienste gelewer en infrastrukture geskep word wat verseker dat 'n ordelike samelewing in die wydste betekenis van die woord, tot stand kom en in stand gehou word (RSA, 1983:1).

Dit is die Regering se taak om stelsels van onderwysvoorsiening tot stand te bring en op gekoördi-neerde wyse hulpbronne aan die stelsels van onderwysvoorsiening beskikbaar te stel (RSA, 1983:1).

#### 3.3.3.2.2 BELEID

Die Regering ag dit nie sy plig om self en vanuit 'n sentrale perspektief die stelsels van onderwysvoorsiening in al hul geledinge te administreer nie. Daar bestaan nogtans 'n behoefte aan 'n owerheidsbeleid oor die doelwitte, die struktuur en die werking van die stelsels van onderwysvoorsiening. Die Regering moet toesien dat besluite wat oor sekere aspekte van algemene belang binne die stelsels van onderwysvoorsiening geneem word, volgens 'n duidelike gekoördineerde beleid ooreenkomstig sy doelwitte geskied. Die beleid moet deeglik kennis neem van algemeen aanvaarde onderwysbeginsels en opvoedkundige en gemeenskapswaardes en moet voldoen aan die vereistes van administratiewe doelmatigheid en opvoedkundig funksionele effektiwiteit. Die beleid moet verder volle ruimte laat vir die selfbeskikking deur elke bevolkingsgroep oor sy onderwys as 'n eie saak ooreenkomstig die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (nuwe grondwet) (RSA, 1983:2).

#### 3.3.3.2.3 BEHEER

Die Regering ag dit nie as sy plig om self en vanuit 'n sentrale perspektief die stelsels van onderwysvoorsiening in al hul geledinge te administreer nie. Dit is die taak wat aan uitvoerende onderwysdepartemente en aan outonome inrigtings wat onder die beheer van statutêr ingestelde rade funksioneer, opgedra is. Ervaring het bewys dat administratiewe doelmatigheid verkry word met die toekenning van outonomie of bestuurselfstandigheid aan uitvoerende onderwysdepartemente en outonome inrigtings. Toereikende finansiering moet egter verkry word van owerheidsbronne. Administratiewe doeltreffendheid kan verkry word deur betekenisvolle devolusie

van gesag en daarmee saam desentralisasie van administratiewe werksaamhede. Om opvoedkundige, funksionele effektiwiteit te bewerkstellig is dit nodig dat onderwysinstansies ook beheer oor die funksionele aspekte van hul werksaamhede moet kan uitoefen. Gelykwaardige opvoedkundige standarde is baie belangrik en vergelykbare prosedures vir die voorsiening van hulpbronne is nodig en daarom moet die Regering strukture vir beraadslaging, oorleg en advieslewering daarstel (RSA, 1983:2).

#### 3.3.3.2.4 BEGINSELSTANDPUNTE VAN DIE REGERING

Die Regering het die 11 beginsels vir onderwysvoorsiening soos deur die RGN-verslag voorgestel, aanvaar met dien verstande dat hulle in onderlinge samehang en nie geïsoleerd vertolk moet word nie. Verder word dit in die Tussentydse Memorandum gestel dat die Regering by sy standpunt oor eie skole vir elke bevolkingsgroep, keusevryheid van die individu in onderwyskundige opsig en loopbaankeuse (binne die raamwerk van eie skole vir elke bevolkingsgroep), bly (RSA, 1983:3-4).

#### 3.3.3.3 VOORSTELLE EN AANBEVELINGS UIT DIE RGN-VERSLAG MET BETREKKING TOT DIE ONDERWYSBESTUUR IN DIE RSA

##### 3.3.3.3.1 INLEIDING

Die kern van die voorstelle is 'n drievlakpatroon van onderwysbestuur met sterk ingeboue strukture en prosedures vir deelname, konsultasie en onderhandeling op elke vlak. Dit verseker dat al die persone en belange wat betrokke is, 'n "sê" het en onderwysbeleid sowel as onderwyspraktyk kan beïnvloed. Op die eerste vlak is daar 'n enkele departement wat verantwoordelik is vir die breë onderwysbeleid van die RSA. Op die tweede vlak moet daar onderwysowerhede wees met spesifieke funksies aan hulle toegeken en wat daarop gemik is om onderwys binne 'n bepaalde gebied te voor-

sien. Op die derde (plaaslike) vlak sal die basiese bestuurseenheid die skool wees waarbinne die doeltreffendste voorsiening moontlik gemaak sal word vir die diversiteit van kultuur, godsdiens en taal en die verskillende behoeftes van kinders en volwassenes (RGN, 1981(a):196 - 197).

#### 3.3.3.3.2 DIE EERSTE (SENTRALE) VLAK

Daar moet 'n enkele ministerie van onderwys geskep word om te voorsien in die behoefte aan 'n nasionale onderwysbeleid wat gerig is op "gelyke geleentheid" en "gelyke gehalte en standaarde" en wat betrekking het op die veranderde onderwysbehoefte van die RSA. Die nasionale beleidsvlak sal die doeltreffendste gehanteer kan word deur 'n enkele ministerie. Die basiese verantwoordelikheid van die minister verantwoordelik vir onderwys sal wees om makrobeleid met betrekking tot die volgende te bepaal :

- \* Die voorsiening van onderwys in al sy aspekte
- \* Die finansiering van onderwys in terme van 'n formule gebaseer op norme wat gerig is op pariteit wat realisties voorsien in die basiese, funksionele behoeftes op alle vlakke (voor-basies, basies en na-basies) in die formele sowel as die nie-formele sektore
- \* Die basiese diensvoorwaardes van onderwysers
- \* Standaarde in onderwys en eksamens op nasionale vlak
- \* Die versameling van data oor onderwys om besluite oor makrobeleid, beplanning en evaluasie te onderskraag
- \* Internasionale onderwysverhoudings insluitende die onafhanklike state in Suider-Afrika (RGN, 1981(a): 197-198).

'n Tweede aanbeveling op die eerste vlak is dat 'n Suid-Afrikaanse Raad van Onderwys (SARO) deur wetgewing geskep moet word wat alle mense in

Suid-Afrika verteenwoordig. Die funksies van die Raad moet wees om

- \* advies te gee aangaande alle sake binne die terrein van die Minister
- \* die nodige infrastruktuur te skep (insluitende sy eie sekretariaat) om dit in staat te stel om aan die Minister advies te gee
- \* onderhandelings oor navorsing, samewerking en evaluasie van sake op die makrobeleidsvlak te inisieer
- \* as statutêre reg sodanige inligting te verkry soos wat nodig is om hulle funksie om te adviseer en verslag te doen, uit te voer en om
- \* aan die Parlement verslag te doen (RGN, 1981(a): 198-200).

Daar word ook 'n meganisme voorgestel om die georganiseerde onderwysberoep te verteenwoordig en daar moet Nasionale Koöperatiewe Onderwysdienste daargestel word om onder andere kurrikulering en evaluering, onderwystegnologie en fisiese beplanning na te vors en te ontwikkel (RGN, 1981(a):200-201).\*

#### 3.3.3.3.3 DIE TWEDE VLAKE

Daar is aanbeveel dat die volgende riglyne moes dien :

- \* 'n reeks tweedevlakonderwysowerhede wat bestaan uit 'n statutêre Tweedevlakraad wat verteenwoordigend is van die inwoners op hierdie vlak en 'n Tweedevlak Departement van Onderwys waarvan 'n Direkteur van Onderwys (wat deur die Raad aangestel word) die hoof is.

\* In paragraaf 3.3.5 sal die huidige implementeringsaksies van die Regering ten opsigte van eerstevlakbestuur, breedvoeriger bespreek word.

- \* die Tweedevlakraad sal oor die algemeen verantwoordelik wees vir die vasstelling van 'n operasionele onderwysbeleid op hierdie vlak binne die verband van nasionale makro-beleid
- \* die Tweedevlak Direkteur van Onderwys met sy departement, moet verantwoordelik wees aan die Tweedevlakraad vir die implementering van die operasionele beleid van die Raad en die beheer van die aktiwiteite van ondersteunende dienste (RGN, 1981(a):202).

#### 3.3.3.3.4 DIE DERDE VLAK

Die grootste moontlike graad van outonomie moet verleen word aan daardie instelling wat die naaste aan beide ouers en onderwysers is naamlik "die skool". Ouers en onderwysers moet 'n hoofaandeel hê aan die besluitnemingsproses op dié vlak. Die vryheid van ouerlike keuse is ook belangrik op die vlak (dit mag nie ander beperk of benadeel nie, die vooruitgang op die pad na gelyke geleenthede en standarde volgens nasionale beleid belemmer nie en onredelike eise stel nie). Skole moet voorts ook saamgegroepeer word - "plaaslike skoordistrikte" om beheereenhede kleiner as 'n "streek" te vorm. Sleutelrolle moet deur skoolhoofde en "kringonderwysbeamptes" in die hervorming en rekonstruksie van onderwysbeheer op plaaslike en "streeksvlakke" gespeel word. Aanstellings van onderwysers moet deur die streeksowerheid gedoen word. Binne die beperkinge van die breë kurrikulumbelied wat op nasionale en streeksvlak bepaal is, moet 'n mate van vryheid gelaat word ten opsigte van die inhoud op die skoolvlak (RGN, 1981(a):202-203).

#### 3.3.3.4 ONDERWYSBESTUUR OP DIE EERSTE OWERHEIDSVLAK

##### 3.3.3.4.1 OWERHEIDSBELEID TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERWYS

##### 3.3.3.4.1.1 AANBEVELINGS VAN DIE ONDERWYS- TAAKGROEP

Wat betref owerheidsbeleid ten opsigte van die onderwys, onderskei die Onderwystaakgroep tussen makrobeleid en uitvoerende beleid. Daarvolgens is makrobeleid die oorhoofse wetlike riglyne (binne bepaalde beginsels) waarvolgens uitvoerende onderwysowerhede en inrigtings te werk gaan by die verskaffing van onderwys, terwyl uitvoerende beleid die riglyne wat deur uitvoerende beleid instansies opgestel word met die oog op die verskaffing van onderwys, in ooreenstemming met die goedgekeurde makrobeleid, is. Die ministerie is verantwoordelik vir die bepaling van makrobeleid vir die voorsiening van onderwys (RSA, 1983:4-5).

#### 3.3.3.4.1.2 DIE BESLUIT VAN DIE REGERING

Die Regering wys op die onderskeid tussen eie en algemene sake en sien onderwys as 'n eie saak. Omdat die swartes op dié stadium nog uitgesluit is uit die nuwe bedeling, wys die Regering daarop dat wetgewing en ook algemene beleid (ook met betrekking tot die swartes) as algemene wetgewing deur die Parlement gehanteer word (RSA, 1983:6).

#### 3.3.3.4.2 WETGEWENDE GESAG TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERWYS

Die Grondwet bepaal dat die wetgewende gesag ten opsigte van algemene wetsontwerpe by die Parlement (wat uit drie huise bestaan) berus. Wetgewing oor onderwys vir swartes buite die Nasionale state word as algemene wetgewing deur die Parlement gehanteer (RSA, 1983:6). Blankes, Kleurlinge en Indiërs besluit dus oor onderwys sake van die swartes.

#### 3.3.3.4.3 UITVOERENDE GESAG TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERWYS

Die Onderwystaakgroep beveel aan dat uitvoerende gesag op die eerste vlak die beste praktiese toepassing in een ministerie sal vind. Die ministerie sal verantwoordelik wees vir die

bepaling van makrobeleid. Die Regering wil hom nie daartoe verbind nie omdat hulle onderwys as 'n eie saak beskou. Die swartes se onderwys sal deur 'n blanke minister geadministreer word (RSA, 1983:6-7).

#### 3.3.3.5 ONDERWYSBESTUUR OP TWEDE OWERHEIDSVLAK

'n Aantal afsonderlike tweedevlakonderwysdepartemente vir verskillende bevolkingsgroepe moet ingestel word, aldus die Onderwystaakgroep, en hulle moet in streke verdeel word. Tweedevlakrade moet vir elke tweedevlakonderwysdepartement geskep word. Die rade moet ook wetgewende gesag hê. Die Regering wys weer daarop dat onderwys 'n eie saak is. Wat swartes betref, is hul administrasie reeds op 'n streeksgrondslag - (daar is sewe afgebakende geografiese streke) (RSA, 1983:16-17).

#### 3.3.3.6 ONDERWYSBESTUUR OP DERDE OWERHEIDSVLAK

Op derdevlak beveel die Onderwystaakgroep aan dat die grootste mate van outonomie (versoenbaar met die ordelike voorsiening van onderwys) op skoolvlak verleen moet word. Hulle lig ook beginsels uit, bepleit die samestelling en funksies van ouer-verteenvoordigende rade en doen aanbevelings oor die groepering van die verskillende soorte skole. Die Regering wys weer daarop dat bevolkingsgroepe self oor eie onderwys op plaaslike vlak sal besluit. Die Regering aanvaar die ouer-verteenvoordigende liggame (RSA, 1983:18-20).

### 3.3.4 WETTE WAT DIE JURIDIESE GRONDSLAG VORM VIR SWART ONDERWYS

#### 3.3.4.1 INLEIDING

Soos reeds in paragraaf 3.3.3.2.2 aangetoon is, vorm wetgewing die grondslag vir onderwysbeleid. Dit is daarom noodsaaklik om ook te kyk na die belangrikste wette wat deur die jare die beleid vir swart onderwys neergelê het.

#### 3.3.4.2 DIE WET OP SWART ONDERWYS (WET 47 VAN 1953, SOOS GEWYSIG)

Hoewel hierdie Wet nie meer van krag is nie, was dit die eerste werklike poging om swart onderwys op 'n georganiseerde grondslag te kry en ook om swart onderwys op te hef. Die Wet op Swart Onderwys wat gevolg het op die verslag van die Eiselen-Kommissie, word beskryf as "the watershed in the control of educational services for

Blacks in this country" (Ackerman, 1975:22-38).

Kragtens hierdie wet is die administrasie en beheer van swart onderwys, wat voorheen deur die provinsies behartig is, nou aan die sentrale regering oorgedra. Swart onderwys was toe 'n afdeling van die Departement van Naturelle-sake (Behr, 1984:182-183).

Msomi (1978:190) verklaar dat die sentralisasie van swart onderwys en die bepaling van Wet 47 van 1953 groot skokke veroorsaak het. Hy beweer dat die Wet sterk gekritiseer is, selfs deur sommige blankes. Voorts was dit gedurende dié tyd dat daar 'n groot nasionale ontwaking was by swartes wat vergestalt is in die werksaamhede van die ANC en die PAC. Hy beweer egter dat die departement wel ook 'n positiewe bydrae gelewer het soos byvoorbeeld om die getal swart kinders wat in skole toegelaat is, baie te laat toeneem, meer skole te bou en meer werksgeleenthede vir onderwysers te skep. In die geheel gesien kon swartes nie die Wet aanvaar nie omdat hulle, volgens Msomi, nie geraadpleeg is oor die bepalings van die Wet nie. Voorbeelde wat hy noem is moedertaalonderwys, die kurrikulum, sillabusse en ander beleidsbepalings. Hy meen dat bogenoemde dinge die gevolg is van 'n regering wat tot sy eie voordeel besluite neem vir die swartes (Msomi, 1978:191).

Hierdie Wet is verskeie kere gewysig om artikels in die oorspronklike onderwyswet te vervang, naamlik deur Wette (44/1954), (36/1956), (33/1959), (55/1961), (44/1970), (56/1977) en (67/1978).

Twee ander belangrike wette vir swart onderwys wat ook as juridiese grondslag van onderwys aan swartes binne blanke gebied beskou kan word, is die Wet op Buitengewone Onderwys vir die Bantoe (24/1964) en die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding (45/1959) (Barnard, 1978:10).

#### 3.3.4.3 DIE WET OP ONDERWYS EN OPLEIDING (WET 90 VAN 1979)

In Maart 1978 het die Minister van Onderwys en Opleiding aangekondig dat 'n nuwe wet tydens die Parlementsitting

van 1979 voorgelê sou word. Die Wet op Swart Onderwys van 1953 het sekere basiese tekortkominge - soos onder andere die feit dat swart mense geen statutêre mag gehad het nie - bevat en daarom het 'n nuwe wet nodig geword. Die wetsontwerp sou eers deur swart onderwysleiers en die Adviesraad van die Departement (almal swartes) bestudeer word vir kommentaar en aanbevelings. Die Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979) vervang en konsolideer vorige wetgewing. Met hierdie Wet, wat op 1 Januarie 1980 in werking sou tree, is daar gepoog om die wetgewing vir swart onderwys in lyn te bring met ooreenstemmende wetgewing van ander departemente. Die Wet sou die Departement in staat stel om die totale ontwikkeling van swart onderwys sinvol te beplan en uit te bou (Barnard, 1984:11).

Wat onderwysbeleid betref, bepaal die Wet ook verder dat die Minister na oorlegpleging met, of na oorweging van voorstelle van die Adviesraad, van tyd tot tyd die algemene beleid wat ten opsigte van onderwys gevolg moet word, kan bepaal, en wel binne die raamwerk van sewe kardinale beginsels. Volgens Behr (1984:200) volg die wet dieselfde patroon as dié vir blanke onderwys en wat deur die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (39/1967) neergelê is.

Die beginsels kan as volg saamgevat word :

- \* Die onderwys in skole wat deur die Departement in stand gehou, bestuur en beheer word, moet 'n Christelike karakter hê, maar geloofsoortuiginge van leerlinge moet ook eerbiedig word wat betref godsdiensoonderrig en godsdienstige plegtighede.
- \* Moedertaalonderwys as medium van onderrig moet nagestreef word (tot minstens standerd twee) - ouers kan daarna kies.
- \* Die doel en strewe is om verpligte en gratis onderwys orals in te voer (met die ouers se samewerking).
- \* Tydens die verskaffing van onderwys moet met die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die kind en ook opleidingsbehoefte van die land, voorligting

aan die kind gegee word

- \* Daar moet koördinasie wees met ander onderwysdepartemente wat betref sillabusse, kursusse en eksamenstandaarde
- \* Erkenning moet verleen word aan die aktiewe betrokkenheid van ouers en die gemeenskappe
- \* Gesondheidsdienste moet in samewerking met die Departement van Gesondheid ingevoer word (RSA, 1979:art. 3).

Die Wet bepaal ook aspekte wat handel oor die beheer, administrasie, organisering van en verslag oor werksaamhede van die Departement van Onderwys en Opleiding.

'n Belangrike bepaling van die Wet handel oor die Raad van Onderwys en Opleiding. Genoemde Raad moet uit minstens 20 lede, wat deur die Minister aangestel word, bestaan. Hulle adviseer die Minister oor algemene beleid wat in verband met onderwys op skool en onderwysersopleiding gevolg behoort te word vir sover dit professionele aspekte van en riglyne vir sodanige onderwys en opleiding betref (RSA, 1979:art. 4).

Verskeie ander aspekte soos die tipes skole en inrigtings, private en staatsondersteunde skole, ouerbetrokkenheid, die kwessie rondom die aanstelling, bevordering en ontslag van onderwysers, onderwysverenigings, verpligte en gratis onderwys, is almal aspekte wat deur die wet (90/1979) behandel word (RSA, 1979).

Wat baie duidelik uit hierdie Wet blyk, is die magte wat die blanke minister besit. Hy raadpleeg wel swartes, maar die probleem bly egter dat die finale verantwoordelikheid oor onderwys vir swartes by 'n blanke berus.

#### 3.3.4.4 PROSEDURES BY PROGRAMMERING EN DIE OPSTEL VAN NUWE WETGEWING EN REGULASIES DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING

##### 3.3.4.4.1 WETGEWING

Wetgewing word deur die verskillende afdelings van die Departement van Onderwys en Opleiding gefinisieer - op sentrale, sowel as streekvlak. Afdelings op die sentrale vlak van die Departe-

ment moet probleme of leemtes wat regstelling vereis, identifiseer en dit voor 1 Maart elke jaar aan die regsbeampte van die Departement rapporteer. Streekdirekteure moet dieselfde doen, maar moet dit aan die Hoofdirekteur : Beheer rapporteer. Nadat laasgenoemde dit ook onder die aandag van ander hoofdirekteure wat daarby belang mag hê gebring het, word dit deurgestuur aan die regsbeampte verantwoordelik vir die nodige wetsontwerp(e) vir indiening by die Parlement in die daaropvolgende jaar. Wanneer afdelings hul behoeftes stel, moet hulle dit volledig verduidelik en 'n aanduiding gee van hoe hulle die oplossing sien.

Met al die inligting en kommentaar beskikbaar, stel die regsbeampte 'n konsepwetsontwerp op. Hy stuur dit terug aan die afdeling wat daarmee akkoord moet gaan. Daarna word die voorgestelde wetgewing aan die Direkteur-generaal voorgelê vir departementele beginselgoedkeuring. Na sodanige goedkeuring word die konsepwetgewing aan belanghebbende departemente binne die Departement van Onderwys en Opleiding vir hulle kommentaar gestuur.

Hierna word die konsepwetgewing met 'n verduidelikende memorandum aan die Minister voorgelê vir beginselgoedkeuring. Inligting moet dus volledig wees. Wanneer dit aan die Minister voorgelê word, moet die bepalings van die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwys sake (Wet 76 van 1984) onder die Minister se aandag gebring word.

Indien die Minister die voorgestelde maatreël in beginsel goedkeur, gee hy opdrag dat die kabinetsmemorandum versprei word en dat die saak op die betrokke Kabinetskomitee se agenda geplaas word. Na goedkeuring deur die betrokke Kabinetskomitee en bekragtiging deur die Kabinet moet die departement die wetsontwerp aan die

Staatsregsadviseurs vir nasiening stuur. Nadat die wetgewing deur hulle nagesien en gesertifiseer is, stel die regsbeampte 'n tweedeleesing-toespraak en komiteestadiumnotas vir elke wetsontwerp op in samewerking met die betrokke afdeling of hoofdirekteur (RSA, 1984(e):1-4).

#### 3.3.4.4.2 REGULASIES EN STATUTE

Regulasies en statute is ook wetgewing (hoewel van ondergeskikte aard) en moet dus ook aan die regsbeampte oorgelaat word vir formulering.

Die prosedures wat met regulasies gevolg word, is dieselfde as die vir wette. Wanneer die Minister dit goedgekeur het, reël die regsbeampte dat dit in die staatskoerant gepubliseer word en sien toe dat 'n eksemplaar daarvan aan die betrokke afdeling gestuur word. 'n Verspreidingslys word dan ook opgestel (RSA, 1984:5).

### 3.3.5 HUIDIGE REËLINGS MET BETREKKING TOT BELEID EN BEHEER AS UITVLOEISEL VAN DIE RGN-VERSLAG

#### 3.3.5.1 INLEIDING

Sedert die RGN-verslag (1981) en die daaropvolgende Witskrif van die Regering (1983) verskyn het, is baie veranderinge aangebring in die onderwysopset van die land. Dit getuig van die Regering se bereidwilligheid om uitvoering te gee aan die uitvoerbare aanbevelings van die RGN-verslag en dat dit hul erns is om gelyke, gehalte onderwys aan alle bevolkingsgroepe te voorsien.

Om strukturele ordening te verleen aan hierdie implementeringsaksies word gepoog om sover moontlik te hou by die afbakening wat die RGN-verslag voorhou, naamlik

- \* Eerste Vlak - dit wil sê sentrale beleid en beheer
- \* Tweede Vlak - dit is die streeksorganisasie en
- \* Derde Vlak - dit wil sê die plaaslike organisasie

#### 3.3.5.2 EERSTE VLAK

### 3.3.5.2.1 DIE ROL VAN DIE MINISTERIE EN DIE DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

Gedurende 1984 het daar uiters belangrike beleidsontwikkelings op nasionale vlak ten opsigte van die onderwys in Suid-Afrika plaasgevind. Hierdie ontwikkelings raak alle onderwysdepartemente, maar veral die onderwysdepartemente wat die ontwikkelende swart bevolkingsgroepe bedien. Die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene onderwys-sake (Wet 76 van 1984) beliggaam die beleid soos in die Witskrif vervat en stel die strukture daar om die beleid te kan uitvoer. 'n Nuwe Ministerie (Die Departement van Nasionale Opvoeding) het tot stand gekom om alle onderwysdepartemente ten opsigte van nasionale onderwysbeleid van diens te wees met betrekking tot die volgende kardinale onderwysgeleenthede soos in Artikel 2 van die genoemde wet (RSA, 1984(g):art. 2).

- \* norme en standaarde vir die finansiering van lopende en kapitaalkoste van onderwys vir alle bevolkingsgroepe
- \* salarisse en diensvoorwaardes van personeel
- \* die professionele registrasie van onderwysers
- \* die norme en standaarde vir leerplanne en eksaminering en vir sertifisering van kwalifikasies.

Hierdie nasionale onderwysbeleid geld vir alle bevolkingsgroepe en word uitgevoer deur die uitvoerende onderwysdepartemente wat die verskillende bevolkingsgroepe dien (RSA, 1985(a):52).


Vergelyk Tabel 3.1 vir die organogram oor onderwysbeheer van algemene sake.

### 3.3.5.2.2 ADVIESLIGGAME

Die nasionale onderwysbeleid word vasgestel deur die Minister van Nasionale Opvoeding in oorleg met die Ministers van Staatsdepartemente wat vir

TABEL 3.1

ORGANOGRAM : ONDERWYSBEHEER (ALGEMENE SAKE) (Wet 70 van 1984 (SAOR, 1984: 1))



Toeligting

- (1) Die drie Ministers van Onderwys en kultuur is net verantwoordelik vir die uitvoering van algemene onderwysbeleid in soverre dit die eie groep raak, maar tree beleidsbepalend op ten opsigte van eie sake-onderwys.
  - \* Swartes - beleidsbepalend val hulle onder die ander drie m.a.w. beleid word vir swartes neergelê deur blankes, kleurlinge en Asiërs.
- (2) Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys (SARO) bestaan uit :
  - 'n Voorsitter deur die Minister van Nasionale Opvoeding aangestel
  - 4 verteenwoordigers van die georganiseerde profesie
  - hoogstens 20 kundiges aangestel na oorleg met die onderskeie ministers
  - 'n Uitvoerende beampete in diens van die Staat.
- (3) Die adviesraad vir Universiteite en Teknikons (AUT) word geraadpleeg oor sake wat hulle raak.
- (4) Die instemming van die Minister van Finansies moet verkry word rakende norme en standaarde van finansiering en rakende salarisse en diensvoorwaardes.
- (5) Die komitee van Onderwysdepartementshoofde (KODH) bestaan uit :
  - Die Direkteur-generaal van Nasionale Opvoeding as voorsitter
  - die 3 hoofde van Onderwys en Kultuur
  - hoof van Onderwys en Opleiding
  - een lid van die komitee van Onderwysshoofde (blankes) deur die KOH benoem.
- (6) Die georganiseerde onderwysprofesie moet in die Navorsingskomitee vir Onderwysstrukture (NAKOS) en die SARO en in elke komitee of subkomitee van SARO en KODH verteenwoordig wees.

onderwys verantwoordelik is en op aanbeveling van statutêre adviesliggame wat alle bevolkings-groepe insluit. Voorbeelde van die adviesliggame is

- \* Die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys
- \* Die Adviesraad vir Universiteite en Teknikons
- \* Die Raad vir Universiteits- en Technikaangeleenthede
- \* Komitee van Onderwysministers
- \* Die Komitee van Onderwysdepartementshoofde
- \* Konferensie van Ministers van Onderwys en
- \* Die werkgroep van Hoofde van Onderwysdepartemente (RSA, 1986(a):54-56).


#### 3.3.5.2.3 DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING

Die Departement is in 'n uitgebreide hiërargiese struktuur georganiseer. Soos uiteengesit in Tabel 3.2 bestaan die sentrale organisasie van die Departement uit die Minister, die Adjunk-minister, die Direkteur-generaal, twee Adjunk-Direkteur-generaals en vyf Hoofdirekteure bygestaan deur Direkteure, Adjunk-direkteure, Assistent-direkteure en 'n groot aantal bekleërs van vakkundige en administratiewe poste met laer graderings (RSA, 1985(a):12).

Die Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp staan aan die hoof van hierdie departement en hy beskik oor die hoogste beleidbepalende en -uitvoerende gesag en doen jaarliks verslag aan die Parlement (die hoogste wetgewende liggaam) oor die toestand van onderwys aan swartes. Hy word bygestaan deur 'n Adjunk-minister. Die permanente hoof-uitvoerende beampste in die Departement van Onderwys en Opleiding is die Direkteur-generaal van Onderwys en Opleiding wat regstreeks aan die Minister verantwoordelik is (Barnard, 1984:20). Die administratiewe en professionele beheer oor die Departement is die

FIGUUR 3.2

STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING (RSA, 1988:32)



verantwoordelikheid van die Direkteur-generaal van Onderwys en Opleiding wat bygestaan word deur twee Adjunk-Direkteur-generaals en vyf Hoofdirekteure wat vir onderwysontwikkelingsdienste, buiteskoolse ontwikkelingsdienste, administratiewe dienste, streekkoördinering en onderwys hulpsdienste verantwoordelik is (RSA, 1987(a):9).

Daar is vyf vlakke van bestuur in die Departement se beheerstruktuur. Oorkoepelende beheer word vanuit die kantoor van die Direkteur-generaal (Hoofkantoor), uitgeoefen oor streke, kringe, wyke, skole en ander opvoedkundige inrigtings. Ten spyte hiervan is daar nogtans 'n behoefte by leerlinge en hul ouers om regstreeks met die owerhede op die verskillende vlakke te kommunikeer. Tabel 3.3 toon die struktuur wat ontwerp is om aan die behoefte te voldoen (RSA, 1985(a):43).


#### 3.3.5.2.4 RAAD VAN ONDERWYS EN OPLEIDING

Die Wet op Onderwys en Opleiding van 1979 maak voorsiening vir 'n Raad van Onderwys en Opleiding wat uit minstens twintig lede bestaan. Hulle word deur die minister aangestel. Die Raad adviseer die minister oor die algemene beleid wat in verband met onderwys op skool en onderwysersopleiding gevolg behoort te word vir sover dit die professionele aspekte van en riglyne vir sodanige onderwys en opleiding betref (RSA, 1979: art. 4).

Die Raad van Onderwys en Opleiding bestaan uit 25 lede en is deur 'n stelsel van streekkomitees verteenwoordig van die sewe streke waarin die Departement se werksaamhede uitgevoer word. Die Raad dien die Minister en Adjunk-minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp van advies oor beleidsake en ontwikkelings en lig hulle in oor die sienswyses van die onderskeie gemeenskappe in verband met die onderwys en opleiding van hulle kinders. Die Raad skakel direk met die kantoor

TABEL 3.3

KOMMUNIKASIESTRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING (RSA, 1984(a):43)



van die Direkteur-generaal en lewer 'n groot bydrae tot die formulering en uitvoering van beleid.

### 3.3.5.3 TWEDEVLAKBESTUUR

#### 3.3.5.3.1 GEDESENTRALISEERDE STREEKORGANISASIE

Hoewel dit niks met onderwys te doen het nie kan daar tog gewys word op die Regering se erns om hierdie tweedevlakbestuur uit te bou. Streekdiensrade (waar swartes op verteenwoordig is) is ingestel as bewys hiervan).

Wat onderwys betref is die Departement van Onderwys en Opleiding vir beheer en organisasiedoelendes in sewe streke verdeel. Die snelle groei in die Departement se werksaamhede het veral gedurende die afgelope drie jaar groter desentralisasie van werksaamhede en bestuursverantwoordelikhede na streekkantore genoodsaak. Dit het ook tot gevolg gehad dat poste by die kantoor van die Direkteur-generaal (Hoofkantoor) afgeskaf is en dat die diensstate vir streke aansienlik uitgebrei moes word. Namate die desentralisasieproses voortgesit word, word al hoe meer verantwoordelikhede onder andere vir die beheer en beplanning van onderwys op plaaslike vlak, aan streekkantore opgedra (RSA, 1985(a):60).


Die sewe streke is sover moontlik volgens etniese groepe ingedeel. Vergelyk Tabel 3.4 vir die gedesentraliseerde streekorganisasie van die Departement van Onderwys en Opleiding.

Aan die hoof van elke streek staan 'n Streekdirekteur wat beheer uitoefen oor sewe tot tien inspeksiekringe. Die Streekdirekteur word bygestaan deur vier Adjunk-direkteure wat onderskeidelik vir beplanning, beheer, hulpdienste en administratiewe dienste in die streek verantwoordelik is. Aan die hoof van elke kring staan 'n Assistent-direkteur

TABEL 3.4

STREEKORGANISASIE VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING (RSA, 1987(a):13-35)

TABEL 3.4



\* (1) 4 adjunk-direkteure in elke streek verantwoordelik vir (1) Kringkoördinering  
 (2) Onderwysontwikkelingsdienste  
 (3) Hulpdienste  
 (4) Onderwysadministrasie

met gemiddeld drie Inspekteurs wat hom bystaan. Elke Inspekteur is verantwoordelik vir die beheer oor 'n aantal opvoedkundige inrigtings in 'n inspeksiewyk (RSA, 1986(a):14).

Die Streekdirekteur is aan die Direkteur-generaal verantwoordelik. Elke Inspekteur van Onderwys in die verskillende kringe binne die bepaalde streek is verantwoordelik vir professionele leiding, inspeksie en plaaslike beheer, administrasie en organisasie in die spesifieke kring (Barnard, 1984:21).

Die prinsipaal van elke skool is verantwoordelik vir professionele en administratiewe leiding aan en beheer oor onderwysers en leerlinge. In groter skole word hy bygestaan deur 'n adjunk-hoof en een of meer departementshoofde en administratiewe personeel (RSA, 1986(a):14).

Die Streekdirekteure van die sewe streke vergader gereeld met die oog op beter koördinering tussen hulle en om die Direkteur-generaal te adviseer. Beter kommunikasie met inspekteurs en skole word so bewerkstellig en leiding ten opsigte van kontrole word gegee (RSA, 1985(a):43).

#### 3.3.5.3.2 STREEKKOMITEES VAN DIE RAAD VAN ONDERWYS EN OPLEIDING

Die komitees bestaan uit 18 lede. Dertien van hulle kom uit die verkose beheerliggame. Hulle taak is om die Streekdirekteur van advies te dien oor onderwys en opleiding in 'n betrokke streek. Hulle adviseer ook die Raad van Onderwys en Opleiding oor algemene beleid en riglyne vir onderwys en opleiding (RSA, 1986(a):66).

#### 3.3.5.4 DERDEVLAKBESTUUR - (PLAASLIKE BEHEER)

##### 3.3.5.4.1 INLEIDING

Die Wet op Onderwys en Opleiding (Wet 90 van 1979) maak voorsiening vir die aktiewe betrokkenheid deur ouers en die gemeenskap in die onderwys.

Die Minister kan enige rade, komitees en besture instel en verteenwoordiging (in so 'n instelling) aan iemand verleen. Dit maak verder voorsiening dat die Direkteur-generaal oor sekere aangeleenthede in verband met die beheer en bestuur van staatskole - (1) en gemeenskapskole of openbare skole - (2) geadviseer word (RSA, 1979:art. 7).

Deur hierdie betekenisvolle aandeel in die opvoeding en onderwys van hulle kinders, leer ouers en gemeenskappe gaandeweg om verantwoordelikheid te aanvaar vir die voortgesette onderwys van hul kinders en om te handel ooreenkomstig bepaalde wette en regulasies. Die skool is immers 'n integrale deel van die gemeenskap en daarom is die gemeenskap medeverantwoordelik vir die oprigting en instandhouding van die skole en die beheer oor die onderwys (Barnard, 1984:24).

Voor 1980 het daar in sekere gebiede skoolrade bestaan wat in beheer was van die onderskeie skole. Hulle was die wettige werkgewers van die onderwyspersoneel. Die verhouding van die onderwysers tot skoolrade het egter probleme veroorsaak en daarom is die wet so verander dat die Departement van Onderwys en Opleiding self die aanstelling van onderwysers gedoen het. Skoolrade het dus teen die einde van 1979 ophou bestaan (Barnard, 1984:24).

#### 3.3.5.4.2 KLASLEIERS EN VERTEENWOORDIGENDE STUDENTERADE

Hulle word op 'n demokratiese wyse verkies. Klasleiers tree op as skakel tussen leerlinge en hul klasonderwyser. Hulle het verder ook die taak om hul medeleerlinge te motiveer. Die studenterade het op hul beurt 'n skakelfunksie tussen leerlinge en personeel, en deur die

- (1) Hierdie staatskole is staatsinstellings wat deur beheerrade bestuur word. Lede word deur die Streekdirekteur aangewys.
- (2) Openbare skole is ook staatsinstellings maar is die verantwoordelikheid van ouer/skoolkomitees. Hierdie komitees word deur die gemeenskap verkies.

skoolhoof, tussen leerlinge en beheerliggame. Verskeie pogings is aangewend om 'n algemeen aanvaarbare konstitusie vir verteenwoordigende studenterrade daar te stel. Die proses is ongelukkig vertraag deur die onbuigsame houding wat sekere organisasies soos byvoorbeeld COSAS (Council of South African Students) ingeneem het en hul weiering om, nadat hulle die voorgestelde konstitusie verwerp het, by te dra tot die hersiening daarvan (RSA, 1986(a):64).

Die Departement van Onderwys en Opleiding bly by die beginsel dat skoliere een of ander vorm van verteenwoordiging behoort te hê. Gevolglik is riglyne vir die instelling van verteenwoordigende studenterrade aan alle skole gestuur om hulle te help met die instelling van sodanige liggame by individuele skole. Die drie belangrikste riglyne wat neergelê is, is

- \* Die verteenwoordigende studenterrade moet demokraties verkies word, met ander woorde deur middel van geheime stemming.
- \* Die verteenwoordigende studenterraad word nie toegelaat om beheer oor die skool uit te oefen of om die funksies van die prinsipaal, personeel, ouerverenigings en beheerrade oor te neem nie. Lede van die studenterraad maak nietemin deel uit van die skakelkomitee by elke skool en word gereeld deur die prinsipaal en personeel geraadpleeg.
- \* Daar word van die verteenwoordigende studenterrade verwag om hulle belangstelling en aksies tot onderwysaangeleenthede van hulle individuele skole te beperk en hulle word nie toegelaat om met enige buiteorganisasie te affilieer nie (RSA, 1986(a):64).

#### 3.3.5.4.3 SKOOLSKAKELKOMITEES

Hierdie komitees word vir sekondêre skole ingestel om effektiewe skakeling en kommunikasie tussen leerlinge, personeel, beheerliggame, ouers, die gemeenskap en die Departement van Onderwys en Opleiding te bewerkstellig. Vir die doel is daar verteenwoordiging vir elk van die volgende groepe in die skoolskakelkomitees, naamlik studenterade, personeel, beheerliggame en ouer-ouderwysersverenigings. Onder voorsitterskap van spesiaal opgeleide beamptes, deur Streekdirekteure aangewys, skakel hierdie komitees selfs met die Minister deur die kanale wat in Figuur 3.3 aangedui word (RSA, 1985(a):45).

#### 3.3.5.4.4 BEHEERLIGGAME

Vir elke gemeenskapskool (die ou benaming) of openbare skool word 'n skoolkomitee (7 lede) en by 'n staatskool 'n beheerraad (4 lede by primêre en 7 by sekondêre skole), deur die ouers uit geledere van die gemeenskap verkies en dit bied hulle die nodige inspraak in hul kinders se onderwys. Die beheerliggame dien as skakel tussen die ouergemeenskap en die personeel en tussen die ouergemeenskap en die Departement. Hulle moet 'n wakende oog hou oor die algemene welsyn van die skool, die belange van die skool bevorder en beskerm, die Direkteur-generaal adviseer, toesig hou oor geboue, terreine en omheinings, aanbevelings doen oor aanstellings, bevorderings en ontslag van personeel en ouerdae en funksies beplan (Barnard, 1984:25).

#### 3.3.5.4.5 KOMITEES VAN VOORSITTERS VAN BEHEERLIGGAME

Hulle word saamgestel uit die voorsitters van die verkose beheerliggame van skole. Dit is veral hierdie komitees se taak om aanbevelings te doen ten opsigte van die beplanning van onderwys in hul onderskeie woonbuurtes. Hulle skakel deur

die kringinspekteur sowel as die streekkomitees van die Raad van Onderwys en Opleiding (RSA, 1986(a):66). Hierdie komitees is dus streekgebonde.

### 3.3.6 BEHEER VAN ONDERWYSKOLLEGES

#### 3.3.6.1 STATUS VAN ONDERWYSKOLLEGES

Onderwyskolleges vir swartes se status word bepaal deur :

- \* die toelatingsvereiste vir studente : standerd tien
- \* die vlak van onderrig : tersiër
- \* die kursusstruktuur : driejarige na-standerd tien kursusse
- \* die personeelsamestelling :
  - Rektor : posvlak 6 of 7
  - Vise-rektor : posvlak 5 of 6
  - Departementshoof : posvlak 4 of 5
  - Senior dosent : posvlak 3
  - Dosent : posvlak 2
- \* die personeelvoorsieningskaal, naamlik een dosent vir elke twaalf studente (RSA, 1984(f):2).

Bestaande wetgewing tref geen onderskeid tussen onderwyskolleges en skole nie en laat dus nie reg geskied aan die status van die onderwyskolleges nie. Hoewel die regulasies ook nog nie ten volle reg laat geskied aan die status van die kolleges nie is daar wel aanduiding dat die status van onderwyskolleges van die Departement van Onderwys en Opleiding gelykstaande is aan dié van onderwyskolleges van die ander onderwysdepartemente wat daarop neerkom dat hulle volwaardige tersiëre inrigtings is. 'n Belangrike implikasie hiervan is dat inspeksie van professionele werk van dosente nie toelaatbaar is nie omdat onderwyskolleges semi-outonoom is (RSA, 1984(f):2).

#### 3.3.6.2 ADMINISTRATIEWE BEHEER

Administratief val onderwyskolleges onder die betrokke Streekdirekteur waar die spesifieke kollege geleë is en

alle skakeling na en van die kollege met betrekking tot administratiewe sake moet deur die Streekdirekteur gaan. Die Beheerraad, onder voorsitterskap van die Streekdirekteur, saam met die Rektor is verantwoordelik vir die beheer van die kollege met betrekking tot die volgende:

- \* personeelvoorsiening
- \* toerusting
- \* begroting
- \* dissipline

(RSA, 1984(f):2-3).

### 3.3.6.3 PROFESSIONELE BEHEER

Die standaard van opleiding word voorgeskryf in die strukture en sillabusse van die onderskeie kursusse. Handhawing van standaard geskied deur eksterne eksaminering van sekere vakke. Praktiese Onderwys word intern afgeneem deur kolleges, maar word ook ekstern gemodereer. Vakkundige leiding word deur die Afdeling: Onderwysersopleiding en die Vakadviseurs by die Departement van Onderwys en Opleiding (Hoofkantoor) gegee (RSA, 1984(f):3).

Die globale behoefte aan fasiliteite vir die opleiding van onderwysers word deur die Afdeling: Onderwysersopleiding van die Departement van Onderwys en Opleiding bepaal in samewerking met die verskillende streke. Die behoeftes van 'n bepaalde streek/gebied het teen die agtergrond van die geheelbeeld (geheelbeeld oor onderwysersopleiding by die Departement van Onderwys en Opleiding), 'n deurslaggewende invloed op die beslissing met betrekking tot die verskaffing van opleidingsgeriewe in so 'n streek/gebied (RSA, 1984(f):3).

Goedkeuring vir die stigting van 'n nuwe kollege word deur die Minister verleen op aanbeveling van die Direkteur-generaal. Die maksimum inskrywing, kursussamestelling en -besetting, sowel as die vakkeuse vir die Sekondêre Onderwysdiploma (SOD) (die vakke vir die Primêre Onderwysdiploma (POD) is verpligtend) word deur die Afdeling: Onderwysersopleiding in oorleg met die betrokke Streek-

direkteur bepaal (RSA, 1984(f):3).

Die beraming van die finansiële behoeftes met betrekking tot kapitale uitgawes word saamgevat deur die Afdeling: Geboue van die Departement, na aanleiding van die projeksies, behoeftestellings en drie-jaarberamings van die streke en die Afdeling: Onderwysersopleiding. Beraming van ander finansiële behoeftes word in oorleg met die Hoofdirekteur: Buiteskoolse Opleiding deur die Streekdirekteur voorgelê ten opsigte van

- \* personeelvoorsiening
- \* administratiewe uitgawes
- \* toerusting en voorrade

(RSA, 1984(f):3).

Advertering en vulling van poste is die taak van die Afdeling: Personeelontwikkeling van die Departement, op grond van die goedkeuring van die Minister en op versoek van die Afdeling: Onderwysersopleiding. In die geval van 'n nuwe kollege is dit wenslik dat die Rektor ses maande voor die opening diens sal aanvaar (RSA, 1984(f):3-4).

#### 3.3.6.4 BEDRYF VAN ONDERWYSKOLLEGES

Bostaande gee reeds 'n aanduiding van die beleid met betrekking tot die bedryf van reeds bestaande kolleges.

Beramings en finansiële behoeftes deur die Rektor en sy personeel gaan deur die Streekdirekteur na die Programbestuurder (wat in dié geval die Hoofdirekteur: Onderwysersopleiding is). Die Finansiële Beheerstelsel (FBS) word gebruik - dit is 'n gerekenariseerde beheerstelsel. Bestellings en toerusting en voorraad volgens en binne die beperking van die begroting word met kennisname van die Streekdirekteur, aan die hand van die katalogusse en behoeftelyste wat deur die Afdeling: Onderwysersopleiding van die Departement beskikbaar gestel word aan die Eerste Onderwysbeplanner (EOB): Onderwystegnologie wat met die Afdeling: Voorsieningsadministrasie skakel, besorg. Verskuiwing van fondse word op versoek van die Rektor, na aanbeveling deur die Streekdirekteur deur die Programbe-

stuurder voorgelê vir goedkeuring (RSA, 1984(f):4).

Bydraes en wenke van dosente met betrekking tot die ontwikkeling van strukture en leerplanne sal met graagte deur die Afdeling: Onderwysersopleiding van die Departement met die tussenkoms van die Rektor, ontvang word. Bydraes van kolleges in hierdie verband word trouens as een van hulle funksies as tersiêre inrigtings beskou. Vakkomitees van die verskillende vakke lewer reeds 'n beperkte bydrae in die verband. Spontane wedersydse skakeling tussen die kolleges en vakadviseurs met betrekking tot bepaalde vakaangeleenthede, hou baie voordele in en behoort aangemoedig te word. 'n Gees van wedersydse vertroue en respek is hiervoor nodig. Die aanbieding van vakseminare (een per jaar per vak), deur die vakadviseurs het groot waarde vir beide die dosente en die vakadviseurs en kan ook groot waarde hê vir die vakkomitees. Wenke en insette deur lede van die vakkomitees kan so oorgedra word aan die dosente (RSA, 1984(f):4).

#### 3.4 SAMEVATTING

Die RGN-ondersoek na die onderwys (1981) was 'n belangrike gebeurtenis wat 'n groot invloed gehad het op die onderwysbestel van die land. Baie aanbevelings is gedoen wat deur die Regering aanvaar is en wat ook reeds geïmplementeer is. (Vergelyk paragraaf 3.3.3 en 3.3.5).

Swart onderwys, het ten spyte van hierdie positiewe aspek, geweldig baie probleme omdat die grondslag wat neergelê word op die "verkeerde" beginsels berus. Hierdie beginsels behels onder meer dat swartes uitgesluit word in die maak van beleid. Wat beheer betref, laat hulle posisie op sentrale vlak ook veel te wense oor. Baie min swartes word in die topstrukture aangetref. Dit is slegs op plaaslike vlak dat hulle tot hulle reg kom.

Op die huidige stadium veroorsaak Wet 76 van 1984 dat swartes se onderwys nie 'n eie saak is soos die ander drie bevolkingsgroepe nie, maar dat 'n blanke minister die finale verantwoordelikheid oor swart onderwys dra. Ander bevolkingsgroepe lê dus beleid neer vir die swartes.

Die onderwysstelsel van die swartes is blank geïntendeerd. Die

kultuur van die verskillende etniese groepe word misken in hul onderwysstelsel. Swartes het nie genoegsame inspraak in hul onderwysstelsel nie. Beleid word vir hulle neergelê deur blankes. "They feel legislated for" (University of Natal 1982:20).

Swart onderwys het baie ander probleme soos wat later in Hoofstuk 4 en 5 aangetoon sal word. Dit het deur die jare 'n groot agterstand opgebou. Om onderwys op gelyke voet te kry, gaan groot finansiële kostes meebring. Genoegsame fondse om dit te doen ontbreek. Die huidige Regering het dit egter sy erns gemaak met swart onderwys en Dr. Gerrit Viljoen (Minister van Onderwys en Opleiding) het al by geleentheid gesê dat swart onderwys so gou moontlik sy eie minister moet kry. Daar sal vir swartes voorsiening gemaak moet word in 'n nuwe bedeling (Vosloo, 1986:3).

Mnr. P.W. Botha het al by verskeie geleenthede verwys na die erns waarmee die regering swart onderwys bejeën. By een so 'n geleentheid, op 5 Mei 1980, verklaar hy: "The Government pledges itself to the goal of equal education for all population groups (under state control) but emphasizes that the historical backlog cannot be overcome overnight. My government and I are prepared to accept a programme whereby the goal of equality in education for all population groups can be attained as soon as possible within South Africa's economic means" (RSA, 1983:691).

#### 4. HUIDIGE OPLEIDINGSGELEENTHEDE VIR SWART ONDERWYSERS BY ONDERWYSKOLLEGES

##### 4.1 VOORSKOU

In hierdie hoofstuk word die huidige onderwysersopleidingsgeleentehede vir swartes behandel. Al die aspekte rondom onderwysersopleiding soos onder meer die doelwitte, behoeftes, werwing en keuring en fisiese fasiliteite word uiteengesit, terwyl die mikpunte van die Departement van Onderwys en Opleiding ook bespreek word. Die opleidingsgeleentehede word dan in verskillende afdelings uiteengesit, naamlik :

- \* Inisiële opleiding
- \* Verdere opleiding en
- \* Indiensopleiding

Hoewel universitêre opleiding nie hier ter sprake is nie, word swart onderwysers tog daar opgelei en daarom word 'n klein afdeling ook daaraan gewy.

Die verskillende kursusse wat daar tydens inisiële opleiding by onderwyskolleges gevolg kan word, word ook uiteengesit.

##### 4.2 LIGGING

Ten opsigte van die plasing van opleidingsgeriewe vir swart onderwysers kan Suid-Afrika in drie dele verdeel word naamlik


- \* die onafhanklike state (TBVC-lande)
- \* die nasionale state en
- \* die blanke streke.

Elkeen van die drie het hul eie onderwysersopleidingsinrigtings. Die Departement van Onderwys en Opleiding is verantwoordelik vir die opleiding van swart onderwysers in die blanke streke.

Gedurende 1984 het 'n Afdeling : Skakeling sy beslag gekry. Die Departement van Onderwys en Opleiding het daardeur gedurig skakeling met nasionale- en onafhanklike state oor onderwysgeleentehede van gemeenskaplike belang. Op versoek is formele strukture en prosedures (ten opsigte van hierdie skakeling) opgestel (RSA, 1985(a):47-59).

In Figuur 4.1 word die onderwysstreeksverdeling vir swartes in Suid-Afrika geïllustreer terwyl Tabel 4.1 die opleidingsinrigtings onder die beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding aantoon.

Onafhanklike state	1	Bophuthatswana
	2	Transkei
	3	Venda
	4	Ciskei
Nasionale state	5	Gazankulu ✓
	6	Kangwane
	7	Kwandebele
	8	Kwazulu ✓
	9	Lebowa ✓
	10	Qwa qwa
Blanke streke	A	Johannesburg
	B	N. Tvl.
	C	Hoëveld
	D	Oranje - Vaal
	E	Natal
	F	Kaapland
	G	O.V.S.
	H	Walvisbaai



Figuur 6.1 Srekeverdeling vir Swartrouwers in Suid-Afrika.  
(Research Institute for Educational Planning 1985:1)

TABEL 4.1

ONDERWYSERSOPLEIDINGSKOLLEGES ONDER DIE BEHEER VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING (RSA, 1987(b):39-40).

STREEK EN KOLLEGE	ADRES	KURSUS	KULTUURGROEP BY INRIGTING
<u>A. Johannesburg</u>			
Die Streekdirekteur	Privaatsak X01 Booyens	-	-
1. Soweto Onderwyskollege A1 op Figuur 4.1	Bus 90064 Bertsham	POD (Pre-primêr) (1) POD (Junior-primêr) (2) POD (Senior-primêr) (3) SOD (akademies) (4) SOD (Teg. Tekene)	Zulu Tswana S.Sotho N.Sotho Xhosa/Tsonga
2. Molapo Onderwyskollege A2	Bus 164 Florida	SOD (Tegnies)	Alle groepe
<u>B. Natal</u>			
Die Streekdirekteur	Privaatsak X9026 Pietermaritzburg	-	-
3. Indumiso Onderwyskollege E1 op Figuur 4.1	Privaatsak X9077 Pietermaritzburg	POD (Junior-primêr) POD (Senior-primêr) SOD (akademies) SOD (Huishoudkunde) SOD (Tegniese Tekene) SOD (Landbou) SOD (Tegnies)	Zulu
<u>C. Noord-Transvaal</u>			
Die Streekdirekteur	Privaatsak X100 Pretoria		
4. Transvaal Onderwys- kollege B1	Privaatsak X11 Soshanguve	POD (Junior-primêr) POD (Senior-primêr) SOD (akademies) SOD (Huishoudkunde) Kuns spes. L.O. spes.	Alle groepe
5. Kollege vir verdere Opleiding B2	Privaatsak X49 Soshanguve	Biblioteekkunde spes. Remediêrende Ond.	Alle groepe
6. Technikon Noord Transvaal B3	Privaatsak X24 Soshanguve	SOD (tegnies)	Alle groepe
<u>D. Oranje-Vaal</u>			
Die Streekdirekteur	Privaatsak X54 Vereeniging		
7. Mphohadi Onderwyskollege D2	Privaatsak X66 Kroonstad	POD (Senior-primêr) SOD (akademies) SOD (Huishoudkunde)	S.Sotho
8. Sebokeng Onderwyskollege D1	Bus 3005 Drie Riviere	POD (Junior-primêr) POD (Senior-primêr) SOD (akademies) SOD (Landbou)	S.Sotho Zulu
<u>E. Kaapland</u>			
Die Streekdirekteur	Privaatsak X3903 Port Elizabeth		
9. Kaaplandse Onderwys- kollege	Privaatsak 2041 Fort Beaufort	POD (Junior-primêr) POD (Senior-primêr) SOD (akademies) SOD (Huishoudkunde)	Xhosa
10. Weskaaplandse Onderwys- kollege (Good Hope) - F2	Eluxolweni Primêre skool p/a Khayelitsha	POD (Junior-primêr) POD (Senior-primêr) POD (Pre-primêr)	
11. Port Elizabeth Onderwys- kollege (Algoa) - F3	Bus 14489 Port Elizabeth	SOD (Tegnies) POD (Junior-primêr) POD (Senior-primêr)	Alle groepe

STREEK EN KOLLEGE	ADRES	KURSUS	KULTUURGROEP BY INRIGTING
<u>F. Hoëveld Streek</u>			
Die Streekdirekteur	Privaatsak X63 Springs		
12. Oos Rand Onderwys- kollege C2	Privaatsak X52 Springs	POD (Senior-primêr) SOD (akademies) SOD (Tegnies)	N.Sotho Zulu
13. Kathorus Onderwys- kollege C1	Privaatsak X02 Katlehong	POD (Junior-primêr) POD (Senior-primêr)	
<u>G. Oranje Vrystaat</u>			
Die Streekdirekteur	Privaatsak X20514 Bloemfontein		
14. Phatsimang Onderwys- kollege	Privaatsak X5047 Kimberley	POD (Junior-primêr) POD (Senior-primêr) SOD (akademies)	Tswana
15. Kagisanong Onderwys- kollege	Privaatsak X20523 Bloemfontein	POD (Junior-primêr) POD (Senior-primêr)	S.Sotho Tswana/Xhosa

- (1) vergelyk paragraaf 4.4.2
- (2) vergelyk paragraaf 4.4.3.2
- (3) vergelyk paragraaf 4.4.3.3
- (4) vergelyk paragraaf 4.4.4

#### 4.3 ONDERWYSERSOPLEIDING BY ONDERWYSKOLLEGES

##### 4.3.1 INLEIDING

Die onderwysprofessie (wat deur baie as die mees eerbiedwaardige professie in die wêreld beskou word) bied 'n unieke uitdaging aan enige jongmens met 'n gevoel van sosiale verantwoordelikheid. Die professie se belangrikheid spruit uit die feit dat opvoeders die jongelinge na verantwoordelike volwassenheid wil lei deur leiding, vorming en aanmoediging aan hulle te verskaf. Die opleiding van onderwysers is dus 'n gebeurtenis waar progressiewe professionele ontwikkeling verskaf word. Onderwys, wat een van die mees eksakte en verantwoordelike professies is, stel hoë standaarde ten opsigte van die opvoeding en dit bied 'n uitdaging vir die toekomstige onderwyser. Onderwys is 'n "labour of love" met die ontwikkeling van die "hele" kind as die vergoeding. Die onderwysprofessie het dus jongmense met integriteit nodig (RSA, 1985(b):4).

Professionele vorming en voorbereiding van onderwysers is bedoel om persone te bekwaam vir suksesvolle taakverrigting in die onderwys. Effektiewe onderwys behels meer as die beheersing van 'n spesifieke vakgebied. By onderwysersopleiding behoort 'n wetenskaplike benadering gevolg te word en kursusse moet akademiese, professionele en praktiese komponente insluit. Die komponente moet geïntegreer word om 'n gebalanseerde eenheidstruktuur te vorm. Die koördinering van opleidingskursusse en standaarde verdien aandag omdat die gehalte van dienslewering direk afhanklik is van die kwaliteit van die opleiding (RGN, 1981 (b):7).

##### 4.3.2 BELEID VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING

###### 4.3.2.1 INLEIDING

Die beleid van genoemde departement kan soos volg saamgevat word : Die voorsiening van genoeg, voldoende gekwalifiseerde onderwysers om aan die swart inwoners van die RSA, gelyke onderwysgeleentheid, met insluiting van gelyke standaarde, as die ander bevolkingsgroepe te bied (RSA, 1987 (b):1).

#### 4.3.2.2 DOELWITTE

Hierdie beleid kan nader omskryf word deur die volgende doelwitte wat deur die Departement van Onderwys en Opleiding gestel word naamlik :

- \* Die lewering deur voordiens-opleidingsprogramme (inisiële opleiding) van genoeg voldoende gekwalifiseerde en toegeruste jong onderwysers om binne afsienbare tyd die gehalte vir die swart bevolkingsgroepe op dieselfde peil as dié vir ander bevolkingsgroepe te bring.
- \* Om deur programme vir verdere opleiding van onderwysers, die gehalte van ondergekwalifiseerdes te verbeter terwyl hulle ook hulle kwalifikasies verbeter.
- \* Om deur indiensopleiding die dienslewering van alle onderwysers op peil te hou deur middel van kits- en opknappingskursusse sonder dat dit noodwendig met kwalifikasieverbetering gepaard gaan (RSA, 1987(b):2).

Die Departement van Onderwys en Opleiding implementeer dus 'n opleidingsprogram met drie komponente, naamlik inisiële opleiding, verdere opleiding en indiensopleiding.

#### 4.3.3 DIE BEHOEFTE AAN ONDERWYSERS

Om te voorsien in die vraag na onderwysers vir 'n skoolbevolking van 1,4 miljoen primêre en 275 000 sekondêre leerlinge, bly 'n prioriteit. In 1986 was daar slegs 36 969 onderwysers in primêre en 11 130 onderwysers in sekondêre skole (vergelyk Tabel 5.14), en vanweë 'n ongeëwenaarde vraag na onderwys op al die verskillende vlakke, is die verskaffing van toepaslik gekwalifiseerde onderwysers 'n uitdaging. Teen 1992 sal daar 1,7 miljoen leerlinge in die primêre skole wees en 640 000 in sekondêre skole. Dit beklemtoon die omvang van hierdie uitdaging. Groot getalle onderwysstudente sal gewerf en opgelei moet word om in die groot vraag te voorsien en om terselfdertyd die onderwyser-leerling verhouding te verlaag. (Om die omvang van die probleem beter te begryp vergelyk Tabelle 5.1; 5.6; 5.7; 5.8; 5.9 en 5.10). Daar moet

ook aandag geskenk word aan die opgradering van onder- en ongekwalifiseerde personeel (vergelyk Tabel 5.12), asook die volgehoue indiensopleiding van alle personeel om sodoende die gehalte van onderwys te verbeter (RSA, 1985(a): 81).

By die bepaling van die aantal studente wat opgelei moet word, moet die volgende faktore in ag geneem word :

- \* verlies aan onderwysers in diens as gevolg van bedankings, aftredes en sterftes;
- \* die jaarlikse vermeerdering in leerlinggetalle;
- \* die realisering van 'n gunstige onderwyser-leerling verhouding en
- \* die verbetering van diensdoende onderwysers se kwalifikasies (RSA, 1985(a):83).

#### 4.3.4 BEPLANNING OM IN DIE BEHOEFTE TE VOORSIEN

Beplanning speel 'n baie belangrike rol in alle aktiwiteite. Dit is selfs noodsaakliker indien die behoefte so groot en die probleme so omvangryk is, soos in die geval van die voorsiening van swart onderwysers.

Die Regering het die volgende aanbevelings van die Onderwys-taakgroep met betrekking tot die opleiding van onderwysers aanvaar:

- \* Geografies en demografies goed geplaasde opleidingsinrigtings moet dringend verskaf word
- \* Fisiese geriewe moet volgens nasionale norme voorsien word om gelyke gehalte te verseker
- \* Die verbetering van substandaardgeriewe
- \* Die inhaal van agterstande
- \* Die daarstelling van 'n effektiewe balans tussen akademiese, professionele en praktiese-beroepsgerigte komponente in die opleiding van onderwysers
- \* Geordende samewerking tussen universiteite, teknikons en onderwyskolleges met betrekking tot die opleiding van onderwysers
- \* Gekoördineerde samewerking tussen tersiêre inrigtings om te voorsien in nood aan tegniese en ander vorms van algemeen vormende voorbereidende loopbaanonderwys en die tekort aan

onderwysers in die rigtings (RSA, 1987(b):6-7).

Teen die agtergrond van die Witskrif is daar die volgende mikpunte met betrekking tot inisiële opleiding gestel en waar van toepassing word dit deurgevoer.

- \* Projeksië en gereelde hersiening daarvan met betrekking tot die behoefte aan onderwysers
- \* 'n Realistiese en geleidelike verlaging in die leerling-onderwyser verhouding, met inagneming van die relevante tendense en veranderlikes. Hierby is ingesluit die instelling van tien nuwe onderwyskolleges van die begin van 1985 teen 'n tempo van twee per jaar
- \* Die verbetering van die standaard van opleiding, met insluiting van die moontlikheid van die instelling van vierjarige onderwyskursusse wat tans ondersoek word
- \* Onderlinge samewerking tussen tersiële inrigtings met die moontlikheid van wedersydse akkreditering van kursusse.
- \* Die verskaffing van beter en meer moderne toerusting vir die aanwending van die nuutste tegnieke by die opleiding van onderwysers met insluiting van oudio- en rekenaartegnologie
- \* Die uitbreiding van opleidingsfasiliteite vir tegniese onderwysers (RSA, 1987(b):7-8).

#### 4.3.5 TOELATINGSVEREISTES VIR AL DIE KURSUSSE

##### 4.3.5.1 INLEIDING

Enige persoon wat in besit is van 'n matrieksertifikaat mag normaalweg enige van die POD- of SOD-kursusse volg, maar soos die RGN in sy verslag noem, is dit so dat geen ander enkele faktor so bepalend is vir die kwaliteit van onderwysers wat in 'n land (of gemeenskap) voorsien word, as die kwaliteit van die korps van onderwysers, dosente en instruktors nie. Die kwaliteit van taakverrigting deur die korps word deur 'n reeks faktore medebepaal, onder andere werwing, seleksie, opleiding (voor indiensneming en daarna), die kwaliteit van werkslewe (ook diensvoorwaardes) en die kwaliteit van

onderwysbestuur en administrasie en ander diensomstandighede (RGN, 1981(a):181). Studente moet streng gekeur word.

Die agterstand in swart onderwys kan nie oornag uitgeskakel word nie. Hoewel daar 'n groot behoefte is om die kwaliteit en kwantiteit van onderwysersopleiding te verhoog (genoeg professioneel bekwame onderwysers is 'n dringende probleem) (RGN, 1981(b): 16) laat die beskikbare finansiële bronne dit nie toe om alle aansoeke van voornemende onderwysstudente te aanvaar nie. Die rede hiervoor is dat enige opleiding baie kostes meebring soos byvoorbeeld vir salarisse van doserende personeel asook vir noodsaaklike fasiliteite. Slegs 'n beperkte aantal inrigtings, en plek in die inrigtings, is beskikbaar en na aanleiding van 'n program van die Departement van Onderwys en Opleiding en op grond van ander aangeleenthede soos byvoorbeeld prestasies, persoonlike onderhoude en plaaslike behoeftes, word keuring deur elke inrigting afsonderlik gedoen. Hoewel die beginsel van vraag en aanbod, wat toelating betref, ook in onderwysersopleiding behoort te geld, is dit om verskeie redes glad nie moontlik nie. By alle onderwyskolleges is daar baie meer aansoeke as wat daar plekke beskikbaar is. By Sebokeng Onderwyskollege was daar byvoorbeeld in 1986 meer as seshonderd aansoeke terwyl daar slegs tweehonderd gekeur kon word. Die vraag na genoeg gekwalifiseerde onderwysers is groot, so ook die aanbod (aansoeke om toelating tot 'n opleidingsinrigting) maar weens veral finansiële faktore is dit onmoontlik om opleiding aan almal te voorsien en so oornag die probleem op te los.

#### 4.3.5.2 WERWING EN KEURING

Werwing en keuring van onderwysstudente moet nie slegs gesien word as 'n poging om genoeg personeel te bekom om die aantal beskikbare poste in die onderwys te vul nie, maar as 'n poging om geskikte potensiële

onderwysers in die onderwys as 'n loopbaan geïnteresseerd te kry. Akademiese bedrewenheid en prestasies (hoe belangrik dit ook al as kriterium by die keuring van onderwysstudente is), kan nooit die uitsluitlike maatstaf vir oorweging en beoordeling wees nie. Die strewe moet wees om onderwysers, wat 'n beeld projekteer waarmee die kind graag wil identifiseer, na die onderwys te lok. Persoonlikheidsienskappe en lewensbeskouing is ook hier van belang omdat die onderwyser die ouers bystaan in hulle (die ouers) se opvoedingstaak. Die opleiding van onderwysers, indiensneming en algemene professionele erkenning deur aantreklike diensvoorwaardes en -omstandighede is nou verwant aan die kwessie van werwing en keuring. Die onderwysprofessie moet mededingend bly met die privaatsektor (RGN, 1981(b): 8-9).

Pogings om genoeg onderwysers te voorsien behoort nie daartoe te lei dat kwaliteit opgeoffer word ter wille van kwantiteit nie, 'n balans tussen die twee is noodsaaklik (RGN, 1981(b):16).

Werwing moet gekoppel wees met keuring, maar gedurende tye van tekorte word streng keuring onmoontlik. Werwing is baie belangrik by die kwaliteit sowel as kwantiteit van die kandidate. Die intensiteit van die werwingsveldtog hang af van die beskikbaarheid van kandidate in die onderwysmark. Geen werwingsveldtog kan effektief wees tensy die aantal kandidate die aantal poste oorskry nie (RGN, 1981(b):28).

In swart onderwys is daar 'n kritieke tekort aan professioneel, bekwame onderwysers, maar baie faktore veroorsaak dat hoewel daar soms baie aansoeke is om toelating, almal nie aanvaar kan word nie. Keuring moet plaasvind. Fisiese geriewe soos byvoorbeeld geboue en meubelment maak dit onmoontlik om die tekorte oornag te verander. Die gevaar bestaan ook dat wanneer swak opgevoede persone toegelaat word

tot die professie, hulle op hul beurt weer swak leerlinge lewer. Dit kan 'n bese kringloop tot gevolg hê.

#### 4.3.6 STANDAARDE

Daar word steeds deur die Departement van Onderwys en Opleiding gestreef na die verbetering van die gehalte van die opleiding wat die onderwyskolleges verskaf. Evaluering van die driejarige diplomakursusse het van die staanspoor af plaasgevind en verskeie aanpassings ter verbetering van die kursusse is reeds aangebring met die oog op verhoging van standarde sowel as die meer doeltreffende opleiding en toerusting van die aspirantonderwyser. Daar word ook tans beplan om 'n opvolgaksie na die doeltreffendheid al dan nie, van die jong onderwyser wanneer hy die beroepswêreld betree, te loods. Onderwyskolleges kan dus terugvoer van hulle oud-studente ontvang sodat hulle die doeltreffendheid en toepaslikheid van hul opleiding kan evalueer en die nodige aanpassings kan maak. Die ondersoek na samewerking van tersiêre inrigtings en moontlike akkreditering het ook die verhoging van opleidingstandarde ten doel (RSA, 1987(b): 12).

#### 4.3.7 FISIESE GERIEWE

In ooreenstemming met die Witskrif is dit reeds geruime tyd die beleid en praktyk in die Departement van Onderwys en Opleiding om geriewe ooreenkomstig die SANSO-norme vir die opleiding van onderwysers te verskaf. Die onderwyskolleges wat sedert die laat sewentigs ingerig is, is vergelykbaar met die van ander onderwysdepartemente. Daar is reeds 'n aantal jare gelede begin met die verbetering van die ouer kolleges wat in substandaard geboue gehuisves was. Die nuwe gebouekompleks by die Oos-Rand Onderwyskollege is voltooi, terwyl daar ver gevorder is met 'n nuwe kompleks by Sebokeng Onderwyskollege (RSA, 1987(b):15).

Die fisiese geriewe by kolleges sluit onder andere demonstrasie en waarnemingslokale, ruimtes vir mikro-onderrig en kafeteriageriewe in. By ouer kolleges word die geriewe wat ontbreek, stelselmatig aangevul. Die lokaliteit van nuwe

kolleges word bepaal op grond van demografiese en geografiese oorwegings, sowel as nasionale en streekbehoefte. Die strewe is om hierdie kolleges na die gemeenskap te bring en groter gemeenskapbetrokkenheid by kolleges te kry. Tot aan die begin van 1987 is vier nuwe kolleges geopen naamlik in Bloemfontein, Kimberley, Katlehong en Port Elizabeth. In 1987 is 'n nuwe kollege (Good Hope Onderwyskollege) tydelik in Khayelitsha geopen. Ander nuwe kolleges wat in die vooruitsig gestel word, is onder andere 'n tweede kollege by Soweto, een vir Wes-Transvaal, 'n tweede een vir die Oos-Rand, een vir Oos-Transvaal en een vir Noord-Natal (RSA, 1987(b): 16).

#### 4.3.8 DIE BENUTTING VAN TEGNOLOGIE BY ONDERWYSERSOPLEIDING

Dit is die beleid van die Departement om, binne die begroting, die onderwyskolleges met die beste en modernste tegnologie toe te rus. Voorbeelde van die tegnologie is onder meer die IBM-videoprojek waar standaard 8-, 9- en 10-leerplanne vir Biologie, Wiskunde en Skeinat op videos opgeneem is, Taallaboratoriums, Mediasentrums en Rekenaarondersteunde onderrig (ROO) (RSA, 1987(b):34-35).

#### 4.4 INISIËLE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

##### 4.4.1 INLEIDING

Die vyftien onderwyskolleges (1987) onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding is veral verantwoordelik vir inisiële opleiding. Die studente kan inskryf vir óf die Primêre óf die Sekondêre Onderwysdiploma - in beide gevalle is dit 'n driejarige kursus met standaard tien as toelatingsvereiste. Die kurrikulum van hierdie diplomas sluit skoolvakke sowel as vakke vir professionele vorming in. In 1984 was daar 1 526 en 3 000 studente vir die Primêre en Sekondêre Onderwysdiplomakursusse onderskeidelik ingeskryf, waarvan 328 en 808 onderskeidelik in die finale jaar was. Huidige fasiliteite sal uitgebrei en die produksietempo aansienlik versnel moet word omdat die swart skoolbevolking geweldig toeneem en daar steeds gepoog moet word om die onderwyser-leerling verhouding te laat afneem. Inisiële opleiding word ook by die universiteite aangebied. Vierjarige graadkursusse sowel as eenjarige nagraadse en twee- en driejarige voorgraadse onder-

wysersdiplomakursusse kan by hierdie universiteite gevolg word (RSA, 1986(a):39).

Alle opleidingskursusse wat 'n toelatingsvereiste van laer as standaard tien het, is in 1982 uitgefaseer. Die aantal swart leerlinge wat die Senior Sertifikaat verwerf het, het ook geweldig toegeneem (Behr, 1984:212). Daar is dus begin om die kwantiteit en die kwaliteit van onderwysersopleiding te verbeter.

Vergelyk Tabel 4.2 vir die getalle studente in 1986 in die verskillende studiejare asook die kursusse wat geneem kan word.

#### 4.4.2 PRE-PRIMÊRE OPLEIDING

##### 4.4.2.1 INLEIDING

Die doel met pre-primêre onderwys is om kinders vir die skool gereed te maak sodat hulle meer effektiewe baat by die onderwys kan vind, van beide die primêre en die sekondêre skool, om sodoende die uitsak- en die druipsyfer (veral in swart onderwys) te verminder. Daar word in hierdie fase van 'n kind se lewe 'n basis gelê vir die gesonde intellektuele ontwikkeling van die kind en die aanleer en ontwikkeling van vaardighede wat die kind in sy skool en latere lewe sal nodig kry (RSA, 1985(a):65).

Die meeste geregistreerde en ongeregistreerde pre-primêre inrigtings word deur private instansies en ook kerke, myne en gemeenskapsrade beheer. Die Departement van Onderwys en Opleiding besef die belangrikheid van pre-primêre onderwys en geregistreerde inrigtings word ook deur hulle gesubsidieer, maar baie jare het verloop voordat daadwerklike pogings van die Departement se kant gekom het om hierdie belangrike tydperk van opvoeding werklik tot sy reg te laat kom. So byvoorbeeld het vyftien studente eers in 1984 hul driejarige na-standaard tien, Primêre Onderwysdiploma (Pre-Primêr) by Soweto Onderwyskollege voltooi. By St. Francis

TABEL 4.2

TOTALE GETAL STUDENTE (1986) IN DIE VERSKILLENDE STUDIEJARE EN IN DIE  
VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS IN DIE ONDERWYSKOLLEGES (RSA, 1987(a):303-306).

	EERSTEJAARS	TWEEDEJAARS	DERDEJAARS	TOTAAL
PRE-PRIM	66	28	30	124
JUN. PRIM	365	245	128	738
SEN. PRIM	731	791	378	1 900
SOD	1 041	1 111	944	3 096
SOD (Teg.)	230	140	16	386
TOTAAL	2 433	2 315	1 496	6 244
SPESIALISERINGSKURSUSSE				142
GROOTTOTAAL				6 386

\* Die spesialiseringkursusse behels 'n vierde jaar in vakke soos  
onder meer Liggaamlike Opvoeding en Kuns.

Onderwyskollege te Langa (verwyderde kampus van die Kaaplandse Onderwyskollege) was vyftien tweede-jaarstudente vir hierdie kursus ingeskryf. By beide is vanaf die begin van 1986 gereeld studente ingeskryf. Ook by ander kolleges soos byvoorbeeld Sebokeng Onderwyskollege word daar vanaf 1988 studente ingeskryf (RSA, 1985(a):83).

Die voorsiening van gekwalifiseerde onderwyseresse vir pre-primêre onderwys is nou by die Departement 'n prioriteit. Ter aanvulling van die spesialisering-kursusse in pre-primêre onderwys wat by onderwyskolleges aangebied word, word by geregistreeerde inrigtings, soos die Indiensopleidingsentrum te Soshanguve, indiensopleiding verskaf aan ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde personeel (RSA, 1985(a):65).

Die doel van die pre-primêre kursus vir studente is om onderwysers, wat oor 'n matrieksertifikaat beskik, op te lei om onderwys te gee aan kinders in voorskoolse, sowel as substanderd A en B. Die kursus duur drie jaar. Die naam van die sertifikaat wat hulle ontvang, is die Primêre Onderwysdiploma (Pre-Primêr) (RSA, 1984(a):1).

Vergelyk Tabel 4.1 vir die inrigtings wat hierdie kursus aanbied asook Tabel 4.2 vir die getal Pre-Primêre onderwysstudente van 1986.

#### 4.4.2.2 DIE STRUKTUUR VAN DIE PRE-PRIMÊRE ONDERWYSDIPLOMA (PPOD)

Die verskillende vakke wat deur die studente geneem moet word, word in groepe verdeel ten einde 'n beter struktuur te vorm en om vakke wat bymekaar hoort bymekaar te hou. Tabel 4.3, 4.4 en 4.5 toon 'n volledige uiteensetting van al die vakke vir die verskillende jare wat die Pre-Primêre onderwysstudent suksesvol moet deurloop.

#### 4.4.2.3 EKSAMINERING EN SERTIFISERING

Aan die einde van die eerste, tweede en derde jaar

TABEL 4.3

STRUKTUUR VIR PPOD-EERSTE JAAR (RSA, 1984(a):4-5).

VAKKE	PERIODES (1)	EVALUERING (2)
<u>GROEP 1</u>		
1. Opvoedkunde	5	krediet (3)
2. Onderwystegnologie	4	"
3. Onderwyspraktyk	9	"
<u>GROEP 2</u>		
1. Eerste Taal	3	interne eksamen
2. Engels (medium vir kommunikasie)	2	krediet
3. Afrikaans (medium vir kommunikasie)	2	krediet
<u>GROEP 3</u>		
1. Godsdiensoonderrig	2	interne eksamen
2. Taal- en begripontwikkeling	2	" "
3. Omgewingsopvoeding en Wetenskap	2	" "
4. Kuns en kreatiewe aktiwiteite	2	" "
5. Musiek en beweging	2	" "
6. Ontwikkelingsspel	1	" "
<u>GROEP 4</u>		
1. Kindergesondheidsorg + Voeding	3	krediet
2. Studentevoorligting	1	"
3. Biblioteekoriëntasie	1	"
4. Praktiese werk	4	"

(1) 40 minuut periodes per week

(2) Metode van evaluering

(3) Die standaard wat deur die student bereik word, kom van 'n geakkumuleerde punt wat gedurende die kursus behaal word. Die punt word gebaseer op praktiese werk, werkstukke, projekte, toetse en eksamens.

TABEL 4.4

PPOD SE STRUKTUUR - TWEEDE JAAR (RSA, 1984(a):6-7).

VAKKE	PERIODES	EVALUERING
<u>GROEP 1</u>		
1. Opvoedkunde	5	krediet
2. Onderwystegnologie	5	"
3. Onderwyspraktyk	9	"
<u>GROEP 2</u>		
1. Eerste Taal	2	interne eksamen
2. Engels as kommunikasiemedium	2	krediet
3. Afrikaans as kommunikasiemedium	2	"
<u>GROEP 3</u>		
1. Eerste Taal	2	krediet
2. Tweede Taal	2	"
3. Wiskunde	3	"
4. Handskrif	1	"
5. Omgewingsleer + Gesondheidsopv.	1	"
6. Gesondheidsonderrig	2	"
7. Musiek	2	"
8. Kuns en beeldhouwerk	2	"
9. Liggaamlike Opvoeding	1	"
<u>GROEP 4</u>		
1. Gesondheidsorg en Voeding	1	krediet
2. Praktiese werk (hulpmiddels)	3	"

TABEL 4.5

PPOD SE STRUKTUUR - DERDE JAAR (RSA, 1984(a):6-7).

VAKKE	PERIODES	EVALUERING
<u>GROEP 1</u>		
1. Opvoedkunde	5	krediet
2. Onderwystegnologie	5	"
3. Onderwyspraktyk	9	"
<u>GROEP 2</u>		
1. Eerste Taal	3	interne eksamen
2. Engels as kommunikasiemedium	2	krediet
3. Afrikaans as kommunikasiemedium	2	"
<u>GROEP 3</u>		
1. Godsdiensoonderrig	2	interne eksamen
2. Taal en begripontwikkeling	2	eksterne moderasie
3. Omgewingsopvoeding + Wetenskap	2	" "
4. Kuns en kreatiewe aktiwiteite	2	" "
5. Musiek en Beweging	2	" "
6. Ontwikkelingsspel	3	" "
<u>GROEP 4</u>		
1. Praktiese werk (Hulpmiddels)	2	krediet
2. Skoloriëntasie	2	"
3. Kinderliteratuur	2	"

word interne eksamens afgeneem in alle vakke. Eksterne moderering (deur 'n paneel inspekteurs deur die Departement van Onderwys en Opleiding benoem) vind slegs in die derde jaar plaas en wel net in die onderwyspraktyk en ook praktiese werk (wat hulpmiddels insluit). Die slaagsyfer is vyftig persent. Alle vakke moet geslaag word. Aanvullings- eksamens kan ook geskryf word indien 'n student 'n sub- minimum van veertig persent in 'n vak verwerf. Om in die eerste klas te slaag, moet 'n student se simbool in onderwyspraktyk 'n C wees en moet hy sestig persent in ten minste ses vakke verwerf. Om 'n onderskeiding te verwerf moet 'n B-simbool in Onder- wyspraktyk verwerf word en tagtig persent in ten minste ses van die vakke (RSA, 1984(a):11-14).

#### 4.4.3 PRIMÊRE OPLEIDING

##### 4.4.3.1 INLEIDING

Primêre skoolonderwys is algemeen, fundamenteel, grondliggend en voorbereidend van aard. Dit lê die grondslag vir sekondêre onderwys deur die kind onder meer in te lei in lees-, skryf- en rekenvaardigheid en die kultuur van sy gemeenskap. In die junior primêre fase word klasonderwys verskaf, terwyl vak- onderwys geleidelik in die senior primêre skoolfase ingevoer word (Barnard, 1984:32).

Dit is belangrik dat elke voornemende onderwyser weet wat die doel van primêre onderwys is. Die belangrik- heid van die opleiding van pre-primêre en primêre onderwysers kan nie genoeg beklemtoon of benadruk word nie, aangesien primêre opvoeding die fondament uitmaak waarop alle verdere onderwys voortbou (RSA, 1985(b):12).

##### 4.4.3.2 JUNIOR PRIMÊRE KURSUS (JPOD)

Die druipe- en uitsaksyfer van kinders in die junior primêre fase is baie hoog. In 1985 het 32 800 leer- linge (in gebiede onder die beheer van die Departe- ment van Onderwys en Opleiding) die skool verlaat sonder om substanderd A te slaag, terwyl die getal

in die hele RSA-gebied (dit wil sê ook die onafhanklike en nasionale state) 160 800 was (Research Institute for Educational Planning, 1986:1). Een van die redes vir die hoë uitsaksyfer is dat leerlinge nie skoolgereed is nie. Dit is dus noodsaaklik dat die onderwysstudent hom vergewis van die skoolgereedheidsprogramme en wat dit behels om sodoende 'n positiewe bydrae te lewer in hierdie baie belangrike tydperk in die kind se lewe. Remediërende onderwys kan bestaande probleemgevalle ook verbeter. Die doel van die Junior Primêre Onderwysdiplomakursus (JPOD) is om onderwysers (wat oor 'n matrieksertifikaat beskik) op te lei om onderwys te gee aan kinders van substanderd A tot standerd twee. Die kursus duur drie jaar en onderwysers word op 'n kategorie C-salarisskaal geplaas (m+3 jaar) (RSA, 1984(b):2).

Gedurende 1984 is die strukture van beide die Junior- en Senior Primêre Onderwysdiplomakursusse hersien. In die nuwe strukture word voorsiening gemaak vir differensiëring tussen die Junior- of Senior Primêre rigtings reeds vanaf die eerste jaar. Gedurende die student se opleiding word ook meer klem gelê op kontak met die onderwyspraktyk (RSA, 1985(b):83).

Vergelyk Tabel 4.1 vir die onderwyskolleges wat hierdie kursus aanbied asook Tabel 4.2 vir die getal Junior Primêre onderwysstudente van 1986. Tabel 4.6, 4.7 en 4.8 toon die struktuur van die Junior Primêre Onderwysdiplomakursus aan.

Gedurende die eerste en tweede jaar van studie moet interne eksamens afgeneem word in die volgende vakke, naamlik Eerste Taal (dit wil sê die spesifieke Afrika taal), Engels A of Afrikaans A, Engels B of Afrikaans B en Wiskunde. Aan die einde van die derde studiejaar word 'n eksterne eksamen in die bogenoemde vakke geskryf. Die slaagvereiste is vyftig persent en alle vakke moet geslaag word. Aanvullende eksamens kan

TABEL 4.6

STRUKTUUR VAN JPOD KURSUS - EERSTE JAAR (RSA, 1984(b):4).

VAKKE	PERIODES	EVALUERING
<u>GROEP 1</u>		
1. Opvoedkunde 1	5	krediet
2. Onderwystegnologie	2	"
3. Junior-Prim. Vakdidaktiek (1)	13	"
4. Onderwyspraktyk (1)	7	interne eksamen
<u>GROEP 2</u>		
1. Eerste Taal 1	3	interne eksamen
2. Eng. A 1 of Afr. A 1	3	" "
3. Eng. B 1 of Afr. B 1	3	" "
4. Wiskunde 1	3	" "
5. Omgewingsleer + Gesondheidsleer	2	krediet
6. Bybelkunde	2	"
<u>GROEP 3</u>		
1. Studentevoorligting	1	krediet
2. Biblioteekoriëntasie	1	"

(1) Junior-Prim. Vakdidaktiek sluit die volgende vakke in :

Godsdiensoonderrig (1 periode); Musiek (1 periode); Eerste Taal (2 periodes); Tweede Taal (2 periodes); Wiskunde (2 periodes); Handskrif (2 periodes); Omgewingsleer en Gesondheidsleer (1 periode) en Kuns (2 periodes).

TABEL 4.7

JPOD - TWEEDE JAAR KURSUS (RSA, 1984(b):3).

VAKKE	PERIODES	EVALUERING
<u>GROEP 1</u>		
1. Opvoedkunde	5	krediet
2. Onderwystegnologie	3	"
3. Junior Prim. Vakdidaktiek (1)	14	"
4. Onderwyspraktyk	7	interne bevordering
<u>GROEP 2</u>		
1. Eerste Taal	3	interne eksamen
2. Engels A of Afrikaans A	3	" "
3. Engels B of Afrikaans B	3	" "
4. Wiskunde	3	" "
5. Omgewingsleer + Gesondheidsleer	2	krediet
6. Bybelkunde	2	"

(1) Junior Primêre Vakdidaktiek sluit die volgende vakke in :

Godsdiensonderrig (1 periode); Musiek (1 periode); Liggaamlike Opvoeding (2 periodes); Eerste Taal (2 periodes); Tweede Taal (2 periodes); Wiskunde (3 periodes); Omgewingsleer en Gesondheidsleer (1 periode) en Kuns (2 periodes).

TABEL 4.8

JPOD - DERDE JAAR KURSUS (RSA, 1984(b):3).

VAKKE	PERIODES	EVALUERING
<u>GROEP 1</u>		
1. Opvoedkunde	5	krediet
2. Onderwystegnologie	5	"
3. Junior Prim. Vakdidaktiek (1)	19	"
4. Onderwyspraktyk	-	eksterne moderasie
<u>GROEP 2</u>		
1. Eerste Taal	3	eksterne eksamen
2. Engels A of Afrikaans A	3	" "
3. Engels B of Afrikaans B	3	" "
4. Wiskunde	3	" "
5. Omgewingsleer + Gesondheidsleer	2	krediet
6. Bybelkunde	2	"

(1) Junior Primêre Vakdidaktiek sluit die volgende vakke in :

Godsdiensoonderrig (1 periode); Musiek (2 periodes); Liggaamlike Opvoeding (2 periodes); Eerste Taal (3 periodes); Tweede Taal (2 periodes); Wiskunde (3 periodes); Omgewingsleer + Gesondheidsleer (1 periode); Kuns (2 periodes) en Naaldwerk en Tuinbou (3 periodes).

geskryf word indien vakke gedruip word. Om 'n diploma te verwerf, moet 'n student in sy onderwyspraktyk 'n D-simbool verwerf en vyftig persent in sowel die hoofvakke as die kredietvakke (vergelyk Tabel 4.8). Vir die eersteklas moet hy 'n C-simbool in Onderwyspraktyk en sestig persent in ten minste twee van die Groep twee vakke wat ekstern geskryf word, kry en ook sestig persent in ten minste drie kredietvakke. Vir 'n onderskeiding moet tagtig persent in die vak behaal word terwyl 'n B-simbool in Praktiese Onderwys behaal moet word (RSA, 1984(b): 8-11).

#### 4.4.3.3 SENIOR PRIMÊRE KURSUS (SPOD)

Die doel van die Senior Primêre Onderwysdiplomakursus (SPOD), is om onderwysers (wat oor 'n matrieksertifikaat beskik) op te lei om onderwys te gee aan kinders van standerd twee tot standerd vyf. Die kursus duur drie jaar en onderwysers word op 'n kategorie C-salarisskaal geplaas (m+3 jaar) (RSA, 1984(c):1).

Aanvangsonderwys word in primêre skole so aangebied dat leerlinge die basiese lees-, reken- en skryfvaardighede volkome sal bemeester. Die vaardighede moet 'n stewige grondslag lê vir verdere onderwys in die sekondêre skool en moontlik daarna. In die senior klasse van die primêre skool word voorligting verskaf sodat leerlinge later in die sekondêre skool sinvolle beroepsgerigte vakkeuses kan maak. Leerlinge moet ook kennis maak met die noodsaaklike vormende onderrig wat tot gesonde houdings lei. Aandag word dus nie net aan inhoudsvakke gegee nie, maar ook aan vormingsvakke soos Godsdiensonderrig en Kuns (RSA, 1985(c):67).

Vergelyk Tabel 4.1 vir die onderwyskolleges wat hierdie kursus aanbied asook Tabel 4.2 vir die getal Senior Primêre onderwysstudente in 1986. Tabel 4.9, 4.10 en 4.11 toon die struktuur van die Senior Primêre Onderwysdiplomakursus aan.

TABEL 4.9

DIE STRUKTUUR VAN DIE SENIOR PRIMÊRE ONDERWYSDIPLOMA - EERSTE JAAR  
(RSA, 1984(c):4).

VAKKE	PERIODES/PER WEEK	EVALUERING
<u>GROEP 1</u>		
1. Opvoedkunde	5	krediet
2. Onderwystegnologie	3	"
3. Klaskamerpraktyk	2	" (1)
4. Senior Primêre Didaktiek (2)	16	interne bevordering
<u>GROEP 2</u>		
1. Eerste Taal	3	interne bevordering
2. Spes. Engels A of Afrikaans A	3	" "
3. Spes. Engels B of Afrikaans B	3	" "
4. Wiskunde	3	" "
5. Bybelkunde	2	krediet
6. Biologie of Algemene Wetenskap of Geskiedenis of Aardrykskunde	3	"
<u>GROEP 3</u>		
1. Studentevoorigting	1	krediet
2. Biblioteekoriëntasie	1	"

(1) In hierdie vak word geen eksamen aan die einde van die jaar geskryf nie.

(2) Senior Primêre Didaktiek sluit die volgende vakke in :  
Eerste Taal (2 periodes); Tweede Taal (2 periodes); Wiskunde (2 periodes); Geskiedenis (4 periodes); Naaldwerk of Tuinbou (4 periodes); Boekopvoeding (1 periode) en Gesondheidsopvoeding (1 periode).

TABEL 4.10

SPOD - TWEEDE JAAR STRUKTUUR (RSA, 1984(c):4).

VAKKE	PERIODES/PER WEEK	EVALUERING
<u>GROEP 1</u>		
1. Opvoedkunde	5	krediet
2. Onderwystegnologie	4	"
3. Senior Primêre Didaktiek (1)	19	"
4. Onderwyspraktyk	-	interne bevordering
<u>GROEP 2</u>		
1. Eerste Taal	3	interne bevordering
2. Spes. Engels A of Afrikaans A	3	" "
3. Spes. Engels B of Afrikaans B	3	" "
4. Wiskunde	3	" "
5. Bybelkunde	2	krediet
6. Biologie of Algemene Wetenskap Geskiedenis of Aardrykskunde	3	"

(1) Senior Primêre Didaktiek sluit die volgende vakke in :

Eerste Taal (2 periodes); Tweede Taal (2 periodes); Wiskunde (2 periodes); Aardrykskunde (4 periodes); Godsdiensonderrig (2 periodes); Kuns en Beeldhouwerk (4 periodes); Voorligting (2 periodes) en Gesondheidsopvoeding (1 periode).

TABEL 4.11

SPOD - DERDE JAAR STRUKTUUR (RSA, 1984(c)).

VAKKE	PERIODES	EVALUERING
<u>GROEP 1</u>		
1. Opvoedkunde	5	krediet
2. Onderwystegnologie	5	"
3. Senior Primêre Didaktiek (1)	20	"
4. Onderwyspraktyk	-	eksterne moderasie
<u>GROEP 2</u>		
1. Eerste Taal	3	eksterne eksamens
2. Spes. Engels A of Afrikaans A	3	" "
3. Spes. Engels B of Afrikaans B	3	" "
4. Wiskunde	3	" "
5. Biologie of Algemene Wetenskap of Geskiedenis of Aardrykskunde	3	" "

(1) Senior Primêre Didaktiek sluit die didaktiek van die volgende vakke in :

Eerste Taal (3 periodes); Tweede Taal (4 periodes); Wiskunde (3 periodes); Algemene Wetenskap (4 periodes); Godsdiensoonderrig (1 periode); Liggaamlike Opvoeding of Musiek (4 periodes) en Gesondheidsopvoeding (1 periode).

Gedurende die eerste en tweede jaar van studie word interne eksamens afgeneem in die volgende vakke naamlik: Eerste Taal (Afrika taal), Engels A of Afrikaans A, Engels B of Afrikaans B en Wiskunde. Aan die einde van die derde jaar word 'n eksterne eksamen (wat deur die Departement van Onderwys en Opleiding afgeneem word) in bogenoemde vakke geskryf. Al die ander vakke word as kredietvakke gereken. Die slaagvereistes is 50% en alle vakke moet geslaag word. Om 'n diploma te verwerf, moet die student in sy onderwyspraktyk 'n D-simbool behaal en 50% in sowel die hoofvakke as die kredietvakke. Vir 'n eersteklas moet hy 'n C-simbool in Onderwyspraktyk en 60% in ten minste twee van die vier Groep twee vakke, wat eksamen geskryf word, kry en ook 60% in ten minste drie kredietvakke. Vir 'n onderskeiding is 80% en 'n B-simbool (Onderwyspraktyk) nodig (RSA, 1984(c): 8-10).

#### 4.4.4 SEKONDÊRE OPLEIDING

##### 4.4.4.1 SEKONDÊRE ONDERWYSDIPLOMA (SOD)

Die doel van hierdie kursus is om studente 'n grondige kennis van (en professionele opleiding in) twee skoolvakke te gee sodat hulle hierdie vakke tot op standerd tien vlak doeltreffend kan aanbied. Die duur van die kursus is drie jaar en onderwysers wat gekwalifiseer het, word op die kategorie C-skaal geplaas (m+3 jaar). Die naam van die sertifikaat is die Sekondêre Onderwysdiploma (SOD).

In hierdie kursus val die klem op die vakinhoud en metodiek van die skoolvakke asook die professionele vorming van die student. Gedurende die eerste jaar word die standerd ses en sewe leerplanne gedek van die spesifieke twee vakke wat gekies word. Die standerd agt en nege leerplanne word in die tweede jaar gedoen terwyl die standerd tien leerplan saam met akademiese verryking in die derde jaar gedoen word. Die toelatingsvereiste vir hierdie kursus is :

- \* die student moet in besit wees van 'n standerd tien sertifikaat
- \* 'n slaagvereiste van ten minste standerd tien vlak in die Groep twee (skoolvak) waarin die student wil spesialiseer, moes deur hom bereik gewees het (RSA, 1984(d):1).

Vergelyk Tabel 4.1 vir 'n uiteensetting oor watter kolleges hierdie kursus aanbied terwyl Tabel 4.2 die aantal Sekondêre onderwysstudente van 1986 aantoon.

Tabel 4.12, 4.13 en 4.14 toon die struktuur van die Sekondêre Onderwysdiplomakursus aan.

Eksamens word afgelê in altwee skoolvakke. Aan die einde van die eerste jaar en die tweede jaar word hierdie eksamens intern afgeneem en aan die einde van die derde jaar word dit ekstern deur die Departement van Onderwys en Opleiding afgeneem. Die eksamen dek die werk wat voorgeskryf word in die sillabus vir die betrokke jaar. Twee vraestelle (van 2 ure elk) word geskryf. Die eerste vraestel handel oor metodiek terwyl die tweede een inhoud van die standerd ses en sewe leerplan in die eerste jaar, die standerd agt en nege leerplan in die tweede jaar en standerd tien plus verryking in die derde jaar, bevat. Aanvullingsksamens kan in hoogstens drie kredietvakke en een akademiese vak geskryf word. 'n Subminimum van dertig persent is nodig om te kwalifiseer vir aanvullingksamens (RSA, 1984(d):8-11).

Slaagvereistes is soos dit in die ander kursusse beskryf is. (Vergelyk paragraaf 4.4.3.2 en 4.4.3.3).

#### 4.4.4.2 SEKONDÊRE ONDERWYSDIPLOMA (TEGNIES)

Hoë prioriteit word verleen aan tegniese-, ambags- en nywerheidsopleiding, onder meer omdat swartes 'n al hoe groter rol speel in die beskikbaarstelling van opgeleide werkers om met die ekonomiese

TABEL 4.12

DIE STRUKTUUR VAN DIE SEKONDÊRE ONDERWYSDIPLOMA - EERSTE JAAR (RSA, 1984(d):5).

VAKKE	PERIODES	EVALUERING
<u>GROEP 1</u>		
1. Opvoedkunde	5	krediet
2. Onderwystegnologie	3	"
3. Onderwyspraktyk (Observasie by skole)		interne eksamine- ring
<u>GROEP 2</u>		
Vakinhoud en metodiek - standerd ses en sewe leerplan		
1. Eerste skoolvak (1)	9	interne eksamine- ring
2. Tweede skoolvak (1)	9	" "
<u>GROEP 3</u>		
1. Spes. Afrikaans/Engels A (2)	5	krediet
2. Spes. Afrikaans/Engels B (2)	5	"
3. Lewensfilosofie	2	"
4. Liggaamlike Opvoeding	2	"
5. Musiek en sang	1	"
6. Studentevoorligting	1	"
7. Biblioteekoriëntasie	1	"
8. Kuns	2	"

- (1) Vakke soos Afrikaans, Engels, Wiskunde, Geskiedenis ensomeer (afhangende van dit wat die spesifieke kollege aanbied).
- (2) Studente wat of net Afr. of Eng. in matriek geslaag het, moet Afr./Eng. A neem en die ander een Afr./Eng. B. Indien altwee geslaag is mag die student 'n keuse maak, behalwe waar Afr./Eng. 'n hoofvak (Groep 2) vak is, dan moet die A-baan gevolg word.

TABEL 4.13

DIE STRUKTUUR VAN DIE SEKONDÊRE ONDERWYSDIPLOMA - TWEEDE JAAR (RSA, 1984(d):5).

VAKKE	PERIODES	EVALUERING
<u>GROEP 1</u>		
1. Opvoedkunde	6	krediet
2. Onderwystegnologie	4	"
3. Onderwyspraktyk (interne bevordering)		interne eksamens
<u>GROEP 2</u>		
1. Eerste skoolvak	9	interne eksamens
2. Tweede skoolvak (Inhoud en metodiek : standerd agt en nege leerplan)	9	" "
<u>GROEP 3</u>		
1. Spes. Afr./Eng. A	3	krediet
2. Spes. Afr./Eng. B	3	"
3. Liggaamlike Opvoeding	2	"
4. Lewensfilosofie	2	"
<u>GROEP 4</u>		
Daar word in EEN van die volgende vakke gespesialiseer :		
A. Byvakke		
1. Godsdiensonderrig 1		
2. Skoolvoorligting 1		
3. Biblioteekkunde 1	7	krediet
4. Musiek		
5. Basiese Landbou 1		
6. Basiese Tik 1		
7. Naaldwerk 1		
8. Metodiek en Organisasie van sport		
OF B. Addisionele tyd vir praktiese werk in skoolvakke :		
1. Opvoedkundige Handwerk; 2. Landbou; 3. Tik; 4. Kuns;		
5. Huishoudkunde; 6. Liggaamlike Opvoedkunde en 7. Tegniiese Tekene		

TABEL 4.14

SOD - DERDE JAAR SE STRUKTUUR (RSA, 1984(d):6).

VAKKE	PERIODES	EVALUERING
<u>GROEP 1</u>		
1. Opvoedkunde	6	krediet
2. Onderwystegnologie	5	"
3. Onderwyspraktyk (Intern afgeneem met eksterne moderasie)		interne eksamens
<u>GROEP 2</u>		
1. Eerste skoolvak *	9	eksterne eksamens
2. Tweede skoolvak *	9	" "
3. Inhoud en Metodiek van standerd tien asook verryking		
<u>GROEP 3</u>		
1. Spes. Afr./Eng. A.	2	krediet
2. Spes. Afr./Eng. B	3	"
3. Liggaamlike Opvoeding	2	"
4. Lewensfilosofie	2	"
<u>GROEP 4</u>		
Een van die volgende :		
Byvakke :		
1. Godsdiensonderrig 2		
2. Skoolvoorligting 2		
3. Biblioteekkunde 2	7	krediet
4. Musiek 2		
5. Basiese Landbou 2		
6. Basiese Tik 2		
7. Naaldwerk 2		
8. <u>Metodiek en Organisasie van Sport</u>		
OF addisionele tyd vir praktiese werk in skoolvakke :		
1. Opvoedkundige Handwerk; 2. Landbou; 3. Tik; 4. Kuns;		
5. Huishoudkunde; 6. Liggaamlike Opvoeding; 7. Tegniese Tekene		

groei van die RSA vol te hou, 'n Tegniese studierigting kan aan 'n gewone sekondêre skool gevolg word. Matrikulasievystelling kan ook verwerf word (Barnard, 1984:39-40).

Die vraag na tegniese skoling is groot en so ook die getal leerlinge wat hier betrek word; daarom is dit ook noodsaaklik om tegniese onderwysersopleiding te verskaf. Om die redes is die SOD (tegnies)-kursus ingestel.

Die Technikon Noord-Transvaal (Soshanguve) het reeds die eerste groep onderwysers wat hul driejarige SOD (tegnies) studie voltooi het, gelewer. Die Molapo-sentrum (verwyderde kampus van Soweto Onderwyskollege) doen ook onderwysersopleiding terwyl die Oos-Randse Onderwyskollege in 1985 met die SOD (tegnies)-kursus begin het. Verskeie ander onderwyskolleges sal komprehensiewe (1) kolleges word waar tegniese onderwysersopleiding ook gedoen sal word (RSA, 1985(a):85).

Die studente wat die SOD (tegnies)-kursus volg kry goeie praktiese, teoretiese en professionele opleiding wat hulle in staat stel om by 'n tegniese sentrum, 'n sekondêre skool of 'n sekondêre komprehensiewe (1) skool onderwys te gee (RSA, 1985(b):14).

Vergelyk Tabel 4.1 vir die inrigtings waar tegniese opleiding gegee word asook Tabel 4.2 vir die getal tegniese onderwysstudente in 1986. Tabel 4.15 toon die struktuur vir die SOD (tegnies)-kursus.

Daar bestaan ook 'n eenjarige tegniese instruktorsertifikaat wat by Plessislaer Tegniese Kollege in Pietermaritzburg aangebied word. Gespesialiseerde opleiding in die volgende rigtings word hier aangebied en studente kan EEN van die volgende rigtings kies :

(1) 'n Komprehensiewe skool of kollege is 'n inrigting waar beide akademiese en tegniese studierigtings aangebied word.

TABEL 4.15

DIE STRUKTUUR VAN DIE SEKONDÊRE ONDERWYSDIPLOMA (TEGNIES) (RSA, 1984(b):14).

VERPLIGTE VAKKE	SPECIALISERINGSVAKKE
Opvoedkunde Onderwystegnologie Onderwyspraktyk Spesiale Afr./Eng. A Spesiale Afr./Eng. B	
Uit die volgende rigtings kan een ambag gekies word :  <u>SIVIEL</u> Sterkteleer : Materiaal + Strukture Boukonstruksie Opmeetkunde Boutekene  <u>ELEKTRIES</u> Digitale Elektronika Elektrotegniek Industriële Elektronika Elektriese Ingenieurswese  <u>MEGANIES</u> Sterkteleer : Materiaal + Strukture Meganotegniese Kragmasjiene Meganiese Tekene en Ontwerp	
	Bou- en Messelaarswerk Houtwerk Loodgieterswerk  Elektronika Elektries  Sweis- en Metaalbewerking Pas- en Draaiwerk Motorwerktuigkunde

Houtbewerking  
Messel- en Bouwerk  
Metaalwerk en Pas en Draaiwerk  
Elektrisiënswerk  
Tegniese Tekene  
(RSA, 1985(b):19).

In 1986 het hierdie inrigting 132 studente gehad  
(RSA, 1987(b):306).

#### 4.5 VOORTGESETTE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

##### 4.5.1 INLEIDING

Die Regering het positief kennis geneem van die aanbevelings van die Onderwystaakgroep oor voortgesette opleiding wat as volg in die Witskrif geformuleer is :

- \* Fasiliteite vir voortgesette opleiding moet deeglik beplan word sodat dit maklik toeganklik kan wees, ook deur middel van afstandonderrig.
- \* Kriteriavereistes vir alle opleidingskursusse moet eenvormig wees met die oog op kontrole van standaarde en sertifikaatverwerwing.
- \* Daar behoort voortgesette opleidingsfasiliteite vir bekleërs van alle tipes onderwysposte te wees.
- \* Opleiding van opleiers is 'n belangrike faset van die opleiding en voortgesette opleiding van onderwysers en daarom behoort daar aandag geskenk te word aan die toerusting van onderwysopleiers vir hulle aandeel in voortgesette opleiding.
- \* Naas verdere opleiding met die oog op die verwerwing van hoër kwalifikasies, is voortdurende indiensopleiding van kritiese belang (RSA, 1987(b):17).

Die Departement van Onderwys en Opleiding maak met voortgesette opleiding voorsiening vir beide verdere opleiding en indiensopleiding van onderwysers. Die onderskeid bestaan daarin dat indiensopleiding nie tot verdere/verbeterde kwalifikasies lei nie, maar in die geval van verdere opleiding lei dit wel tot kwalifikasieverbetering. Indiensopleidingskursusse word aangebied met die oog op die opknapping van onderwysers se vakkennis, vertrouwdmaking met nuwe sillabusse en sillabusinhoude asook die verbetering van onderwysers se doelmatigheid en vaardigheid in die klaskamer (RSA, 187(a):18

Elke mens, hoe oud hy ookal is, kan altyd iets byleer. Die mens is nooit te oud om te leer nie. Dit geld ook vir die onderwyser. Selfs goeie en goed gekwalifiseerde onderwysers kan en moet altyd bereid wees om te leer en sodoende te verbeter in die uitvoering van hul belangrike werk. Daar mag nie gestagneer word in die onderwys nie en daar moet met nuwe ontwikkelings tred gehou word.

In swart onderwys het daar 'n ongelukkige kringloop ontstaan waar die swakker kwaliteit onderwyser (weens geen of gebrekkige opleiding) weer verantwoordelik is om leerlinge op te voed en dan nie altyd daarin slaag om suksesvol te wees in sy opvoedingstaak nie. Die opvoedkundige verbetering van die swartes is noodsaaklik vir die vooruitgang van die land (RGN, 1981(b): 23).

Dit is absoluut noodsaaklik dat swart onderwysers verdere opleiding moet ondergaan, want hulle kwalifikasies is baie laag. Vergelyk Tabel 5.11 om 'n vergelyking te tref tussen blankes en swartes se kwalifikasies in 1980, terwyl Tabel 5.12 die kwalifikasies van swartes in 1986 aantoon. Dit wys hier uit dat hoewel daar 'n verbetering vanaf 1980 tot 1986 was, die kwalifikasies van swart onderwysers nog kommerwekkend laag is. In 1986 was daar 8 123 van die nagenoeg 47 317 onderwysers in diens van die Departement van Onderwys en Opleiding, wat ongekwali-fiseerd was. Van die 39 194 gekwalifiseerde onderwysers (dit wil sê onderwysers wat wel professionele opleiding ondergaan het) het slegs 17 498 oor 'n matrieksertifikaat beskik. Meer as vyftig persent van die totale getal onderwysers in die Departement van Onderwys en Opleiding beskik dus byvoorbeeld nie oor 'n matrieksertifikaat nie (RSA, 1985(a):187).

Swart onderwysers sal dus verdere opleiding moet ondergaan om hulle beter toe te rus vir hul taak en om sodoende die kwaliteit te verbeter.

#### 4.5.2 INDIENSOPLEIDING

##### 4.5.2.1 INLEIDING

Die gangbare beskouing dat 'n onderwyser se aanvanklike professionele opleiding voldoende is vir die suksesvolle beoefening van sy beroep vir die volle duur van

sy beroepsleeftyd, is gaandeweg besig om te verdwyn. Hollins, soos aangehaal in die RGN-verslag (RGN, 1981(b):7) beweer: "In teaching, initial training is seen as inefficient in preparing students for the classroom, however good it may be as a general education. In the last ten years educationists have come to agree that in-service training is the answer." Onderwys kan slegs suksesvol beoefen word deur persone wat bereid is om hulself steeds verder en beter te bekwaam. Snelle ontwikkeling op wetenskaplike en tegnologiese gebied noodsaak dat onderwysers op hoogte van sake moet bly. Indiensneming van ontoereikend opgeleide personeel soos in die geval van die swartes skep baie probleme, maar dit kan moontlik gouer opgelos word deur die beginsel van voortgesette opleiding toe te pas (RGN, 1981(b):8).

Die aanbeveling van 'n opleidingskursus vir ervare onderwysers ten einde ander onderwysers deur indiensopleidingskursusse by verskillende sentra op te lei vir bepaalde vakke of skoolfasies, word sterk aanbeveel deur die RGN-verslag. Wat hierdie tipe dienslewering aan die swart gemeenskap betref, behoort die klem dus baie sterk op leemtes in die basiese opleiding van die onderwyser te val, waardeur die kwaliteit van sy arbeid en dus die gehalte van die onderrig en die resultaat daarvan (naamlik die prestasies van leerlinge) verhoog kan word. Hoewel 'n poging aangewend word om die probleem te verlig, was daar in 1980 slegs 1434 onderwysers uit 'n totaal van 70 195 betrek by indiensopleiding te Mamelodi (RGN, 1981(b):55).

Daar is 'n ernstige tekort aan onderwysers wat bekwaam en goed opgelei is in hulle vakrigtings. Indiensopleiding is 'n uitweg om die probleem te probeer verlig, maar dit het nie die probleem in geheel opgelos nie. Deur hierdie opleiding is gepoog om die kwaliteit van die onderwys te verbeter. Onderwysers kon nie vir te lang tydperke uit klasse onttrek word om sodoende hul

kwalifikasies te verbeter nie en daarom is indiensopleidingskursusse gebruik om die probleem van tekorte aan professioneel, bekwame onderwysers te probeer oorbbrug.

#### 4.5.2.2 GESENTRALISEERDE INDIENSOPLEIDING

In 1986 is 8 103 onderwysers by 403 indiensopleidingskursusse betrek. Tot in 1984 is op sekondêre onderwysers gekonsentreer. Primêre skool onderwysers word tans meer betrek. Vir 1987 was daar beplan om 4 360 primêre skool onderwysers en 9 400 sekondêre skool onderwysers by 619 kursusse te betrek (RSA, 1987(b): 22-23).

Ten einde 'n merkbare verbetering in onder andere standaard tien uitslae te bewerkstellig, is 'n projek genaamd "Alpha" in 1986 van stapel gestuur ten einde standaard agt en tien onderwysers se vlak van bedrewendheid en effektiwiteit te verbeter. Daar word beraam dat sowat 1 500, 2 160 en 2 250 onderwysers onderskeidelik in 1987, 1988 en 1989 by die projek (gesentraliseerd) betrokke sal wees. Na raming kan sowat 7 200 onderwysers jaarliks betrokke raak sodra die aksie na streke gedentraliseer word. Die opleiding van die onderwysers in die geïdentifiseerde vakke naamlik Afrikaans, Engels, Wiskunde, Skeinat, Rekeningkunde, Geskiedenis en Aardrykskunde, behels die opgradering van vakinhoudelike kennis en didaktiese vaardighede deur die aanwending van 'n interaktiewe videostelsel (IVIS) en die toepassing van bemeesteringsleerbeginsels. Daar word voorts beoog om die suksesse wat onderwysers met hierdie opleiding behaal, as krediete te erken wat uiteindelik kan lei tot die verkryging van verbeterde/hoër kwalifikasies (RSA, 1987(b):23-24).

#### 4.5.2.3 GEDESENTRALISEERDE INDIENSOPLEIDING

Indiensopleidingskursusse wat deur Onderwysadviesdienste aangebied is het in 1986 6 640 onderwysers by 173 kursusse betrek. Ook onderwysadviseurs (Kringinspekteurs) het 15 023 onderwysers by 628

kursusse betrek (RSA, 1987(b):24-27).

Opleiding was hoofsaaklik vakgerig hoewel sommige kursusse (veral vir beheerpersoneel), bestuursgeoriënteerd was (RSA, 1985(a):89).

#### 4.5.2.4 TOEKOMSPERSPEKTIEF VIR INDIENSOPLEIDING

Die volgende word deur die Departement van Onderwys en Opleiding in die vooruitsig gestel:

- \* Indiensopleiding sal gaandeweg toenemend gedentraliseerd word sodat elke streek in sy eie behoeftes kan voorsien
- \* Indiensopleiding en verdere opleiding sal by bestaande onderwyskolleges aangebied word. Dit het in 1988 'n aanvang geneem
- \* Onderwysentra sal moontlik ook onder andere deur onderwysadviseurs wat by onderskeie streke ingedeel is, benut word vir indiensopleidingsdoeleindes in die kringe (RSA, 1987(b):34).

#### 4.5.3 VERDERE OPLEIDING

##### 4.5.3.1 INLEIDING

Die beleid van die Departement van Onderwys en Opleiding is om in die kortste moontlike tyd alle onderwysers in hulle diens, die geleentheid te bied om hul kwalifikasies tot minstens 'n M+3-vlak (kategorie C) te verbeter. Die hoofdoel met die opleiding is om onderwysers professioneel en akademies beter toe te rus.

By 51 sogenaamde kringentra vir volwassenes dwarsoor die land, word onderwysers die geleentheid gebied om opleiding te ontvang ten einde 'n matrieksertifikaat te verwerf. Spesiaal voorbereide studiemateriaal word gratis aan die betrokke onderwysers beskikbaar gestel. Gedurende 1986 het 13 765 onderwysers vaksuksesse in die Nasionale Senior Sertifikaat eksamen behaal.

Die persentasie onderwysers sonder 'n standerd-10 sertifikaat het van 1983 tot 1986 afgeneem van 73,6% tot 56,1%. Onderwysers kan dan na die verwerving van 'n standerd 10-sertifikaat en 'n basiese professionele onderwyskwalifikasie, kwalifiseer vir verdere opleiding (RSA, 1987(b):18).

#### 4.5.3.2 VOLTYDSE EENJARIGE SPESIALISERINGSKURSUSSE BY ONDERWYSKOLLEGES

Die doel van hierdie kursusse is om ervare en professioneel, opgeleide onderwysers die geleentheid te bied om in sekere rigtings te spesialiseer. Die rigtings wat aangebied word is Liggaamlike Opvoeding en Kuns by Transvaal Onderwyskollege te Soshanguve, Houtwerk by Amanzimtoti Onderwyskollege, Biblioteekkunde by Soweto Onderwyskollege en Die Kollege vir Voortgesette Opleiding, terwyl laasgenoemde ook die kursus vir Remediërende Onderwys aanbied. Die eenjarige tegniese instruktorskursus word by Plessislaer Tegniese Kollege in Pietermaritzburg aangebied. Na voltooiing van die kursusse word onderwysers in 'n hoër kategorie, naamlik kategorie D, geplaas. Die gewone kursusse by onderwyskolleges duur gewoonlik drie jaar en kry 'n kategorie C indeling. Kandidate vir die kursus moet oor 'n matrieksertifikaat sowel as 'n erkende onderwysdiploma beskik om toegelaat te word. Die maksimum ouderdom om in aanmerking te kom is vyftig jaar (in die geval van Liggaamlike Opvoeding is dit dertig jaar). Minstens twee jaar onderwyservaring (behalwe in die geval van Liggaamlike Opvoeding waar dit direk na inisiële opleiding kan geskied) is nodig. Kandidate moet verder ook keuringstoetse ondergaan en slegs 'n beperkte aantal word toegelaat. Suksesvolle kandidate (wat ook deur die Streekdirekteur aanbeveel word) kry ook volle salaris en ander diensvoorwaardes terwyl hulle studeer (RSA, 1985(b):16).

#### 4.5.3.3 UNIVERSITÊRE OPLEIDING

Hoewel hierdie navorsing eintlik op onderwyskolleges onder die beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding van toepassing is, en universitêre opleiding nie onder hulle ressorteer nie, is dit nodig dat universitêre opleiding ook kortliks bespreek word. Die rede hiervoor is dat baie onderwysers by universiteite opgelei word.

Universiteit Vista lewer 'n belangrike bydrae in die voortgesette opleiding van sekondêre skool onderwysers. In 1986 was daar 11 572 onderwysers ingeskryf by Vista vir die SOD-kursus. Vista beplan om ook voortgesette (afstandonderrig) onderwysersopleidingskursusse vir primêre skool onderwysers aan te bied (RSA, 1987(b):19-20).

Tabel 4.16 wys die hoeveelheid studente wat in 1984 in 'n opvoedkundige rigting by die verskillende universiteite gestudeer het. By hierdie getal persone kan daar nog bygetel word as dit in ag geneem word dat ander studierigtings soos 'n BA- of BSc-kursus ook later op 'n onderwysloopbaan kan uitloop. Graad-, nie Graad en nagraadse kursusse in verskillende rigtings soos die Lettere en Wysbegeerte-, Handels- en Wetenskaplike rigtings word ook deur baie onderwysers gevolg om sodoende hul kwalifikasies te verbeter. Ook by blanke universiteite is daar verskeie swart onderwysers ingeskryf om verdere opleiding te ondergaan. Sowel voltydse as deeltydse studie word deur swart onderwysers aangepak en die Departement help onderwysers sover dit binne hul vermoë is om hul kwalifikasies te verbeter. Verskeie hulp-skemas onder meer in die vorm van beurse, eenmalige kontantbedrae en studieverlof word aangebied.

Daar word tans 'n bedrag van R150 betaal vir elke onderwyser wat 'n jaarkursus in die verskillende studierigtings suksesvol voltooi het. Studieverlof word op meriete toegeken. Vir elke dag wat 'n onderwyser vakansieverlof tot sy meriete het (12 dae per

jaar) gee die Departement hom ook 'n dag waarop hy volle betaling ontvang indien hy dit as studieverlof neem (RSA, 1985(a):29-30).

TABEL 4.16

UNIVERSITÊRE OPLEIDING IN 'N OPVOEDKUNDIGE RIGTING (RSA, 1985(a):257).

Fort Hare	Univ. v. Noorde	Univ. v. Zoeloeland	Vista	Unisa
560	1 123	1 073	5 059	Onbekend

#### 4.5.3.4 TOEKOMSPERSPEKTIEF

Die volgende word in die vooruitsig gestel :

- \* Die uitbreiding van die reeds bestaande spesialisingskursusse om ook die sogenaamde skaars vakke in te sluit.
- \* Die invoering van die VPOS (Verdere Primêre Onderwysertifikaat) vir primêre skool onderwysers ten einde tot kategorie B te kan vorder.
- \* Die instelling van die VPOD-kursus (Verdere Primêre Onderwysdiploma) vir primêre skool onderwysers ten einde tot kategorie C te kan vorder na verwerwing van die VPOS.
- \* Die invoering van die Hoër Onderwysdiploma wat tot 'n kategorie D-kwalifikasie sal lei.
- \* Benewens Vista se betrokkenheid by voortgesette opleiding van sekondêre skool onderwysers, sal primêre skool onderwysers ook betrek word.
- \* Departemente vir Verdere Opleiding word vanaf 1988 by bestaande onderwyskolleges gestig met verdere opleiding as die uitsluitlike doel (RSA, 1987(b): 22).

#### 4.6 EVALUERING VAN HUIDIGE TOESTAND

Hoewel daar baie kritiek teen die swart onderwyssubstelsel uitgespreek word, is dit goed om die onderwysituasie met ander lande in Afrika te vergelyk ten einde meer perspektief te kry. Slegs Nigerië

en Egipte het meer primêre skole as Suid-Afrika. Die aantal onderwysers in Suid-Afrika (180 000) is die hoogste in Afrika. Die onderwyser-leerling verhouding 1:42 is dieselfde as die res van Afrika. In Suid-Afrika is 76% van die totale bevolking geletterd wat die hoogste in Afrika is en 6% hoër as die wêreldbevolking (RSA, 1986(c):2).

Die statistiek is glad nie sleg vir 'n land wie se onderwysstelsel aan die felste kritiek denkbaar onderwerp word nie.

#### 4.7 SAMEVATTING

Hoewel dit duidelik is dat daar tans nog groot tekortkominge en probleme in swart onderwys bestaan en dat die huidige opleidingsgeriewe vir leerlinge en onderwysers nie voldoende is nie, bestaan daar wel bewyse dat daar veel gedoen is (en nog gedoen word) om swart onderwys op te hef.

Die gaping wat daar wel bestaan tussen fasiliteite en standaarde in swart skole vergeleke met blanke skole, sal nie spoedig kan verdwyn nie, al is gelyke geleentheid wel die doelwit. Die hele opgraderingsproses moet tot sy maksimum versnel word. Die opleiding van onderwysers, die oprigting van klaskamers en die voorsiening van boeke neem baie tyd en groot somme geld in beslag. Die probleem is baie groot en daarom behoort die regte benadering by die swartes te wees om eerder konstruktief op te bou as om af te breek en te brand van dit wat wel bestaan (al is dit miskien nie genoeg nie). Alleen so sal daar vooruitgang en verbetering wees.

## 5. 'N EVALUERING VAN DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS AAN ONDERWYSKOLLEGES ONDER DIE BEHEER VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING

### 5.1 VOORSKOU

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om kriteria vas te stel waaraan 'n onderwyskollege behoort te voldoen. Daar word ook na onder meer buitelandse "schools of education" of onderwyskolleges gekyk ten einde 'n aantal riglyne neer te lê. Die probleemareas in swart onderwys in die algemeen en swart onderwysersopleiding in die besonder word dan aangetoon. Dit moet aanvaar word dat probleme wat in swart onderwys voorkom ook vanselfsprekend op onderwysersopleiding van toepassing sal wees. Op grond van die beskikbare feite word 'n evaluering gedoen van onderwyskolleges onder die beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding. Daarna word moontlike riglyne en oplossings voorgestel om probleme te bekamp en te oorbrug.

### 5.2 KRITERIA WAARAAN 'N ONDERWYSKOLLEGE BEHOORT TE VOLDOEN

#### 5.2.1 INLEIDING

Hoewel dit baie moeilik is om kriteria neer te lê wat algemeen geldend is vir alle onderwyskolleges, word daar gepoog om tog die aspekte wat relevant is of behoort te wees, aan te toon.

Dit is in die eerste plek nodig om 'n onderwyskollege te definieer en dit dan as vertrekpunt te gebruik. 'n Onderwyskollege is 'n inrigting waar onderwysers voorberei word vir hul onderwystaak. Die inrigting het 'n tweeledige funksie naamlik om op te lei en om na te vors. Dit gaan dus hier om die oordrag, die verspreiding en die voortbrenging van kennis. Onderwyskolleges is professionele inrigtings waar dit gaan om die opleiding van onderwysers deur die toepassing van kennis wat hulle vir hul onderwystaak benodig (Halls, 1985:4445).

#### 5.2.2 WETLIKE STATUS VAN DIE INRIGTING

Die eerste en belangrikste vraag wat uitgeklaar moet word wanneer 'n inrigting beplan word, is wat die wetlike status van so 'n inrigting sal wees. Verder moet daar ook besin word oor die implikasies vir die totstandkoming en bedryf van die inrigting (Woodburne, 1958:1). Die belangrikste vrae wat hier gevra moet word, is onder andere

- \* Wat is die doel van die inrigting?
- \* Wie beheer die inrigting?

- \* Wie lê die beleid vir die inrigting neer?
- \* Wie sorg vir die uitvoering van neergelegde beleid, soos onder andere die bedryf van die inrigting?
- \* Watter kursusse sal die inrigting aanbied?

#### 5.2.3 DOELWITTE EN FILOSOFIE VIR DIE INRIGTING

Enige inrigting of organisasie wat effektief funksioneer of wil funksioneer, moet 'n filosofie hê. Hierdie filosofie toon aan wat die inrigting/organisasie se algemene funksie en waardesisteem is.

Hierdie filosofie sal verder aantoon dat die inrigting/organisasie uit geboue, ander fasiliteite (soos onder andere toerusting) en mense bestaan. So 'n filosofie impliseer verder die uiteensetting van basiese standpunte oor die doel van sy bestaan soos onder meer ten opsigte van sy funksies, die studente, personeel, bestuurstyl, groei en etiek van die organisasie sowel as die doelwitte wat bereik wil word. Die organisasie of inrigting moet so funksioneer sodat sy globale doelwitte kan realiseer. Hierdie doelwitte moet realisties en duidelik wees en deur elke lid van die organisasie nagestreef word (RSA, 1987(d):1).

Dit moet egter onthou word dat veranderde tye ook veranderde behoeftes en doelwitte meebring. Die behoeftes en doelwitte van die sewentigerjare verskil van die tagtigerjare (Midjaas, 1982:1658). Dit noodsaak weer goeie en deeglike beplanning.

#### 5.2.4 BEPLANNING

Beplanning as sodanig kan nie as 'n kriterium in sy eie reg beskou word nie, maar dit maak so 'n belangrike onderdeel uit van feitlik al die ander kriteria, dat dit nodig is om dit in die eerste plek aan te stip en die belangrikheid daarvan uit te wys. Deeglike beplanning oor onder meer die gebied waar kolleges opgerig moet word, hul toeganklikheid (ook vir verskillende bevolkingsgroepe), toelatingsvereistes, standaarde en ook die fasiliteite self, is van kardinale belang indien daar 'n sukses van die onderwysersopleiding gemaak wil word.

Die samestelling van die span beplanners is ook baie belangrik. Saam met die administrateurs en beleidmakers in die onderwys-

stelsel behoort daar ook gespesialiseerde konsultante, komitees van opvoedkundiges en onderwysers, spesiale belangegroeppe en ook die publiek in die span opgeneem te word (Gardner, 1985:1572).

#### 5.2.5 WERWING EN KEURING

Elke inrigting moet 'n goeie werwings- en keuringsproses hê ten einde die beste kwaliteit persoon vir die inrigting te kry.

Met betrekking tot die keuringsproses moet dit altyd in gedagte gehou word dat daar twee keuses uitgebring moet word. Die eerste keuse word deur die voornemende student gemaak oor die inrigting waarheen hy/sy wil gaan en die tweede is die keuse wat die inrigting doen of hy die spesifieke persoon wil aanvaar of nie (Lavin, 1971:181). Wat die eerste keuse betref kan baie aspekte 'n invloed hê op die keuse soos onder andere die sosio-ekonomiese struktuur, die intellektuele vermoë, geslag, ras en godsdiens van die persoon asook ander aspekte soos demografiese en streekaspekte. Die voornemende student kan ook deur sy ouers, die gemeenskap en sy vriendekring beïnvloed word in sy keuse.

Dit is hier ook belangrik om daarop te wys dat die inrigting ook 'n sekere beeld uitdra en dat dit voornemende studente en ook die gemeenskap beïnvloed. Die inrigting se prestasies op sport- en akademiese gebied het ook 'n beslissende invloed op die keuse wat uitgebring word.

Die tweede keuse word deur die persone, wat in die beheerposisie aangestel is, bepaal. Voorafbepaalde keuringsprosedures behoort gevolg te word.

#### 5.2.6 TOELATINGSVEREISTES

Toelatingsvereistes by 'n onderwyskollege behoort hoog (streng) te wees. Die kwaliteit van die onderwys in die algemeen hang af van die kwaliteit persoon wat opgelei gaan word asook die kwaliteit opleiding wat hy ondergaan. Akademiese prestasie, hoewel nie as die enigste kriterium nie, moet relatief hoog wees - 'n matrieksertifikaat met minstens 'n gemiddelde C-simbool (60%) behoort die minimumvereiste van die voornemende student te wees. Verder behoort die vakke wat die student in sy

voornemende kursus wil neem ook op die matrieksertifikaat te verskyn. (1) 'n Gestandaardiseerde toelatingseksamen behoort ook deur voornemende studente geskryf te word.

#### 5.2.7 FISIIESE FASILITEITE

Fisiese fasiliteite sluit grond, die geboue en die toerusting in en hierdie drie aspekte is almal van beplanning en finansies afhanklik. Dit beteken dus dat fisiese geriewe baie varieer in ooreenstemming met die vlak van ekonomiese ontwikkeling van verskillende volke en/of lande (Beynon, 1985: 3908).

Dit is lank reeds bekend dat die mens bewustelik en onbewustelik beïnvloed word deur sy omgewing. Winston Churchill (voormalige Eerste Minister van Brittanje) het die verhouding die beste opgesom met die woorde : "We shape our buildings and then they shape us." Daar is psigologiese- sowel as fisiologiese uitwerkings wat die omgewing op die mens uitoefen in terme van hitte, lig, klank en ruimte (Gardner, 1985:1572).

Dit is daarom noodsaaklik dat daar tydens die beplanning en die toewysing van geld deeglik gekyk sal word na die omgewing, die geboue wat opgerig gaan word en ook die toerusting wat gebruik gaan word ten einde die optimale opleidingsfasiliteite daar te stel.

Daar is tien funksionele kenmerke van fasiliteite geïdentifiseer wat dwarsdeur die wêreld deur beplanners en ontwerpers gebruik word. Dié kenmerke is :

- \* Toereikendheid - dit gaan hier om die verhouding tussen die grootte van die terrein waarop die geboue opgerig sal word en die grootte wat benodig word vir opleiding of onderwys asook die aantal studente wat geakkommodeer moet word.
- \* Geskiktheid - dit sluit eienskappe in soos die tipe fasiliteite wat beskikbaar is om aan 'n spesifieke opleidingsprogram te voldoen.

(1) By die SOD-kursus kan 'n student twee vakke uit verskillende moontlikhede soos onder meer Afrikaans, Engels, Wiskunde, Skeinat, Ekonomie, Biologie, Geskiedenis en swart tale kies (vergelyk Tabelle 4.12, 4.13 en 4.14). By die POD-kursus is 'n vak soos Wiskunde verpligtend en daarom behoort die vak ook op die kandidaat se matrieksertifikaat te verskyn.

- \* Veiligheid - dit is eienskappe wat fasiliteite struktureel veilig maak en die studente en personeel beskerm teen onder andere die gevare van verkeer, vuur, bomme en ongelukke.
- \* Gesondheidsaspek - dit is die mate waartoe die inrigting se "bewoners" of "gebruikers" verseker word van genoeg lig, ventilasie, sanitasie, goeie akoestiek, warmte en water.
- \* Toeganklikheid - die nabyheid van die inrigting aan die gemeenskap wat moet bedien word of daar toeganklike paaie is en wat die algemene toegangsmoontlikhede van die fasiliteite is. Die teenwoordigheid van koshuise maak die toeganklikheidsaspek soveel groter.
- \* Buigzaamheid of veranderbaarheid - dit kan gesien word as die moontlikhede wat die fasiliteite het vir verandering om byvoorbeeld nuwe uitdagings soos programwysigings die hoof te kan bied.
- \* Effektiwiteit - dit is die mate van studentevervoer, isolasie van geraas en die terreinafbakening ten einde maksimale gebruik te verseker.
- \* Ekonomie - dit is die prestasie om die maksimale gebruik van fasiliteite teen die minimum koste te verseker.
- \* Uitbreidingsmoontlikhede - die moontlikheid om die terrein en geboue te vergroot om in opvoedkundige behoeftes te voorsien.
- \* Voorkoms - die omgewing, kleurskakering, paslikheid van toerusting en meublement om die estetiese behoeftes van die gebruikers te bevredig (Gardner, 1985:1572).

#### 5.2.8 STANDAARDE

Soos dit reeds in paragraaf 5.2.5 gestel is, is die beeld wat die inrigting uitdra baie belangrik vir die werwing en keuring van studente. Dit is daarom belangrik dat nie alleen hoë akademiese standaarde gehandhaaf moet word nie, maar ook hoë standaarde ten opsigte van ander aspekte soos byvoorbeeld sport.

Daar behoort glad nie ongelyke standaarde tussen verskillende kolleges te wees nie. Die koördinering van opleidingskursusse en standaarde is noodsaaklik, want die gehalte van dienslewering is direk afhanklik van die kwaliteit van die opleiding.

Daar behoort dus 'n nasionale liggaam te wees wat moet toesien dat standarde by alle onderwyskolleges van 'n hoë, dog gelyke gehalte is.

#### 5.2.9 KULTUUR

Die onderwysstelsel is deur die mens tot stand gebring en is kultuurhistories gefundeer. Elke onderwysstelsel is 'n besondere realisering van die universele onderwysstelselstruktuur. Hiërdie struktuur moet in elke land gekonkretiseer word met inagneming van die volgende faktore, naamlik die natuurlike milieu, asook integrasie met die kultuurlewe van die volk. Die grondmotiewe wat in en agter die kultuurlewe figureer, is van besondere belang by die onderwysstelsel wat in sy ontwikkeling onderworpe is aan die historiese normbeginsels van differensiasie en individualisasie, integrasie en kontinuïteit. Onderwysstelsels het te make met kultuurverwerking en kultuuroordrag. Die onderwysstelsel is deel van die kultuur van 'n volk. Die onderwys behoort na sy kultuurhistoriese aspek aan te sluit en verweef te wees met die betrokke kultuurgemeenskap (Barnard, 1984:182).

Die Regering het al by verskeie geleenthede gesê dat onderwys kultureel gerig moet wees. Hy plaas verder 'n hoë premie op moedertaalonderrig (Anon., 1984:5).

Verskillende bevolkingsgroepe behoort dus hul eie inrigtings te hê. Dit moet altyd in gedagte gehou word dat hierdie inrigtings onderwysers oplei - onderwysers wat die kind na volwassenheid moet lei. Hiërdie kinders daarenteen is nog baie vatbaar vir verandering, omdat hul vormingsjare nog nie verby is nie en kultuurverwarring en selfs verwerping baie maklik kan intree.

Ander tersiêre inrigtings in Suid-Afrika is oopgestel vir alle bevolkingsgroepe. Terwyl die kwessie van rasionalisering van onderwyskolleges ook tans baie aandag geniet, word die logiese vraag gevra of onderwyskolleges ook oopgestel gaan word.

Dr. Viljoen (Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp) is van mening dat die oopstelling van onderwyskolleges 'n groter probleem is as die oopstelling van ander tersiêre inrigtings

weens kulturele verskille (Anon., 1987(a):15).

Die kultuur van volke moet dus die bepalende faktor wees as kriteria vasgelê word vir toelating tot onderwyskolleges.

### 5.3 PROBLEEMAREAS

#### 5.3.1 INLEIDING

Die probleme wat hier ter sprake is, is beide vir swart onderwys in die algemeen en swart onderwysersopleiding in die besonder van toepassing.

Hoewel dit duidelik is dat daar tans nog groot tekortkominge en probleme in swart onderwys bestaan en dat die huidige opleidingsgeriewe vir leerlinge en onderwysers nie voldoende is nie, bestaan daar wel bewyse dat daar veel gedoen is (en nog gedoen word) om swart onderwys op te hef.

Die gaping wat daar wel bestaan tussen fasiliteite en standaarde in swart skole en opleidingsinrigtings vergeleke met blanke skole en opleidingsinrigtings, kan en sal nie oornag verdwyn nie, al is gelyke geleentheid wel die doelwit.

"Gelyke onderwysgeleentheid met insluiting van gelyke onderwysstandaarde sal vir elke inwoner ongeag ras, kleur, geloof of geslag deur die Staat doelgerig nagestreef word". (RSA, 1984(g)).

Die hele opgraderingsproses moet tot sy maksimum versnel word. Die opleiding van onderwysers, die oprigting van klaskamers en die voorsiening van skoolboeke neem baie tyd en groot hoeveelhede geld in beslag. Die probleem is enorm en daarom behoort die regte benadering by swartes te wees om eerder konstruktief op te bou wat reeds bestaan eerder as om af te breek en te brand van dit wat wel bestaan. Alleen só sal daar vooruitgang en verbetering wees.

Die kind, wat nou deur radikale elemente misbruik word, en ook volwassenes van alle bevolkingsgroepe, gaan almal as gevolg van die onrus ly. Redes wat kinders aanvoer vir die onrus is baie keer gegrond en dit wys tekortkominge in die onderwysstelsel uit, maar daar bestaan nie een onderwysstelsel in die wêreld wat volmaaktheid bereik het nie. 'n Positiewe gesindheid in swart geleedere is dringend nodig om swart onderwys op te hef. Kinders moet weer kinders word en die opvoedingsge-

leenthede met albei hande aangryp.

Hoewel daar baie kritiek teen die swart onderwyssubstelsel uitgespreek word, is dit goed om die onderwyssituasie met ander lande in Afrika te vergelyk ten einde meer perspektief te kry. Slegs Nigerië en Egipte het meer primêre skole as Suid-Afrika. Die aantal onderwysers in Suid-Afrika is die hoogste in Afrika (180 000). Die onderwyser-leerlingverhouding (1:42) is dieselfde as die res van Afrika. In Suid-Afrika is 76% van die totale bevolking geletterd, wat nie alleen die hoogste in Afrika is nie, maar ook 6% hoër as die wêreld s'n (RSA, 1986(b):2).

Die statistiek is glad nie sleg vir 'n land wie se onderwysstelsel aan die felste kritiek denkbaar onderwerp word nie.

Indien die swart onderwysstelsel egter met dié van die blankes vergelyk word, wys ongelykhede duidelik uit.

Die RGN-verslag beklemtoon die feit dat die kwaliteit van die korps van onderwysers, dosente en instrukteurs die bepalende faktor is in die kwaliteit van die onderwys wat voorsien word (RSA, 1987(b):5).

Dit is daarom uiters noodsaaklik dat die hele opleidingsproses van die onderwyser, reeds vanaf die werwing en keuringsproses dwarsdeur tot by sy aftrede, van 'n hoogstaande gehalte moet wees.

Die onderwyser tree na sy opleiding toe tot 'n onderwysstelsel met baie verskillende aspekte wat onderling skakel en wat doeltreffend moet saamwerk en integreer om doeltreffende en effektiewe onderwys daar te stel. Die onderwyser wat nie die onderwysstelsel na sy aard en wese ken en begryp nie, is nie volledig toegerus vir verantwoordelike en verantwoordbare roepingsvervulling nie (Barnard, 1984:1).

Die strewe na 'n onderwyspraktyk waardeur die inwoners se potensiaal verwesenlik word, ekonomiese groei bevorder word, die lewensgehalte van die inwoners verbeter word en gelyke, gehalte onderwys vir almal voorsien word, is nie realiseerbaar sonder 'n korps goed opgeleide en talentvolle onderwysers nie. Die standaard van dienslewering in die onderwys word

hoofsaaklik deur twee aangeleenthede bepaal, naamlik die kwaliteit van die persoon wat opgelei word, en die kwaliteit van die opleiding wat hy ondergaan vir effektiewe taakverrigting (RGN, 1981(a):59).

'n Kritieke tekort aan professioneel gekwalifiseerde onderwysers (in die onderwys vir swartes), is een van die dringendste probleme wat opgelos moet word. Die ernstigste tekorte aan onderwysers, kwalitatief en kwantitatief, word in swart skole aangetref (RGN, 1981(a):60) (Vergelyk Tabel 5.7, 5.8, 5.9 en 5.10 vir die kwantitatiewe aspek en Tabel 5.11 en 5.12 vir die kwalitatiewe aspek).

By die voorsiening van onderwysers moet daar dus rekening gehou word met sowel die kwaliteit as die kwantiteit van onderwysers. Pogings om genoeg onderwysers te voorsien, behoort egter nie daartoe te lei dat kwaliteit opgeoffer word ter wille van kwantiteit nie. 'n Balans tussen die twee is noodsaaklik om te verseker dat basiese onderwys verskaf word vir die toenemende aantal swart kinders (RGN, 1981(b):16).

Demografiese gegewens ten opsigte van die ou, die huidige en verwagte getalle van die swart bevolking (meer in besonder die skoolbevolking) - met ander woorde kwantiteit, asook kwaliteitkwalifikasies en -standaarde en ander gegewens soos finansies, is van kardinale belang in enige ondersoek na onderwysersopleiding. By wyse van vergelyking word daar telkens na die blanke toestande verwys om sodoende die omvang van die probleem beter te begryp.

Huidige opleidingsgeleenthede vir swart onderwysers by onderwyskolleges (vergelyk paragraaf 4.3), asook die kriteria wat neergelê is vir onderwyskolleges (vergelyk paragraaf 5.2), maak dit moontlik om probleemareas te identifiseer.

Die kriteria wat neergelê is, asook die huidige tendense in die opleiding van onderwysers, werk geïntegreerd saam en nie geïsoleerd nie. Indien te veel studente byvoorbeeld weens swak keuring en toelatingsprosedures by 'n inrigting aanvaar word, bloot omdat daar 'n tekort is as gevolg van die bevolkingsontploffing, sal dit veroorsaak dat die standaard swak mag wees.

### 5.3.2 KWANTITATIEF

Indien die behoeftebepaling van die Departement van Onderwys en Opleiding (vergelyk paragraaf 4.3.3) ondersoek word, wys hierdie probleemarea duidelik uit. Wanneer daar na die getalsaspek in die swart bevolking gekyk word, is daar groot rede tot kommer. Die groot aanwas in hul bevolking gaan groot eise aan die land en meer spesifiek, die onderwys, stel.

Tabel 5.1 toon die groot getal swartmense in die land en gee ook 'n aanduiding van die groot aanwas, naamlik 1,78 miljoen vanaf 1980 - 1985.

Figuur 5.2 wys op die totale leerling-inskrywing in die Suid-Afrikaanse konteks. Dit blyk weer eens hoe groot die getal swart leerlinge is in vergelyking met die ander bevolkingsgroepe.

Figuur 5.3 wys die totale aantal swart skoolkinders in Suid-Afrika, terwyl Figuur 5.4 die verspreiding van hierdie kinders in die skoolsituasie voorstel.

Dit blyk verder uit Tabel 5.1 dat die aanwas vanaf 1980 - 1985 in die skoolbevolking ook geweldig was, naamlik 1 167 428.

Die voordele van individuele onderrig, soos onder meer eie tempo, probleemidentifisering en remediëring, maak dat 'n een tot een onderwyser-leerlingverhouding, as die ideaal gestel kan word. Daaruit vloei dit logies voort dat hoe kleiner die onderwyser-leerlingverhouding is, hoe meer effektief die onderrig sal wees, want meer individuele kontak is moontlik. In swart onderwys is die onderwyser-leerlingverhouding soveel hoër as by blankes. (1) Dit is dus logies om af te lei dat die onderwys by swart skole nie so effektief kan wees as by blanke skole nie.

Indien daar na die RGN se bevolkingsprojeksies (jare 1980 - 2020) gekyk word, merk ons dat die blankes se bevolking van 4 498 510 tot 5 458 750 in 2020 groei (d.w.s. 'n groei van skaars 1 miljoen). In die swartes se geval groei die syfer

(1) Die onderwyser-leerlingverhouding was in 1978 1:48,47 by swartes en 1:20,16 by blankes. In die geval van swartes het die verhouding afgeneem tot 1:37,5 (vergelyk Tabel 5.10) terwyl die blankes s'n relatief konstant gebly het.

TABEL 5.1


SWART BEVOLKING - 1980 EN 1985 (Research Institute for Educational Planning, 1986:1).

	TOT. SWART BEVOLKING	OUDERDOM 5 - 19 JR.	INSKRYWING : SUB A-10
Totaal (1980)	21 552 000	7 891 000	3 845 622
Totaal (1985)	23 332 000	8 802 000	6 013 050
Totaal net by Dept. van Onderwys en Opleiding (1985)	10 434 000	3 224 000	1 756 879

Die inskrywing van leerlinge in gebiede onder die Departement van Onderwys en Opleiding se jurisdiksie, (naamlik 1 756 879) uitgedruk as 'n persentasie van die totale swart bevolking in die "blanke" gebiede (10 434 000) beloop 17% in 1985, terwyl die inskrywing in persentasie van die moontlike skoolgaande ouderdom (5 - 19 jaar) (3 224 000), 54% beloop. Dit beteken dat indien skoolplig op hierdie stadium ingestel gaan word, dit geweldige eise gaan stel. Die swart skoolbevolking gaan met meer as 30% toeneem (Research Institute for Educational Planning, 1986:1).


FIGUUR 5.2

Totale leerlinginskrywing in die Suid-Afrikaanse konteks  
(Research Institute for Educational Planning, 1986:20)



FIGUUR 5.3


TOTALE AANTAL SWART LEERLINGE IN SUID-AFRIKA  
(Research Institute for Educational Planning, 1986:4).



\* (Hierdie syfer sluit NIE spesiale skole soos ambagskole vir gestremdes se getalle in nie).

FIGUUR 5.4

VERSPREIDING VAN SWART SKOOLKINDERS VOLGENS STANDERD IN SKOOLSITUASIE  
(Research Institute for Educational Planning, 1986:5).



met 'n ontsaglike getal van 19 642 990 in 1990 tot 42 072 400 in 2020 ('n groei van amper 23½ miljoen) (RGN, 1981(c):36). Die persentasies waarmee die bevolking na verwagting oor die tydperk van 40 jaar sal toeneem is 88,96% in die geval van die swartes en slegs 17,05% in die geval van die blankes, terwyl die jaarlikse groeikoerse vir swartes 1,60% is en dié vir blankes slegs 0,39% (RGN, 1981(c):36).

Dit is veral interessant om te weet dat daar reeds in 1985 meer sub A-leerlinge in swart skole was as die totale blanke skoolbevolking (1 041 551 swart kinders teenoor 1 006 081 blankes). (Vergelyk Figuur 5.2 en 5.4). Dit wys op die oorweldigende getalle van die swart bevolking.

Die geweldige groei in die bevolking bring ook mee dat daar geweldige eise aan onderwysersvoorsiening gestel word. In die gebiede onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding, was daar in 1986 'n totaal van 48 099 swart onderwysers (RSA, 1987(a):246).

Die getal swart leerlinge in die "blanke" gebied was 1 805 342 (RSA, 1987(a):248).

In 1986 was daar slegs 1 496 studente in die derde studiejaar (RSA, 1987(a):305).

Statistiek lewer ook bewys van die feit dat, ten spyte van die hoë uitsaksyfer en die gebrek aan 'n skoolpligstelsel, die toename in die swart skoolbevolking enorm is in vergelyking met die klein toename en selfs afname in die vier blanke onderwysdepartemente. Tabel 5.5 toon baie duidelik hierdie tendens aan.

In Tabel 5.6 volg 'n voorlegging deur die Stedelike Stigting wat in 1980 gedoen is om vooruitskattings daar te stel van die getal onderwysers wat in swart skole nodig sal wees om 'n gegewe leerlingdigtheid te handhaaf. (Daar moet altyd onthou word dat die onderwyser-leerlingverhouding afgebring behoort te word tot 'n meer aanvaarbare 1:30). Veranderlikes soos byvoorbeeld die instelling van skoolplig is nie voorspelbaar nie en kan die syfers beduidend beïnvloed.

Indien die vergelyking weer eens tussen die blanke en die swart situasie getref word, kan dit duidelik uit Tabel 5.7 afgelei word dat daar 'n groot toename in onderwysersgetalle

TABEL 5.5

DIE TOENAME/AFNAME IN LEERLINGGETALLE IN VYF ONDERWYSDEPARTEMENTE  
(Research Institute for Educational Planning, 1987:23 en 27 - 28).

	SWART	BLANK	BLANK	BLANK	BLANK
	DEPT. VAN O/O	TOD	KOD	NATAL	OVS
1981	1 590 664	505 911	224 963	110 626	71 792
1986	1 804 970	504 317	218 372	103 249	72 026
TOTAAL	+214 306	-1 594	-6 591	-7 377	+234

Die groeikoers van 1980 - 1984 was 1,62% in die geval van die swartes terwyl dit by die Transvaalse Onderwysdepartement slegs 0,15% en by die Kaaplandse Onderwysdepartement 0,04% was.

TABEL 5.6

SWART ONDERWYSERS NODIG OM 'N GEGEWE LEERLINGDIGTHEID TE HANDHAAF  
(RGN, 1981(b):19).

JAAR	LEERLINGDIGTHEID *	AANTAL ONDERWYSERS	% TOENAME
1980	47,59	95 501	-
1985	45,39	128 258	23,84
1990	43,19	142 310	20,34
1995	40,99	164 847	15,84
2000	38,80	185 523	12,84
2005	36,60	203 255	9,56
2010	34,40	219 030	7,76
2015	32,20	233 248	6,49

\* Leerlingdigtheid met inagneming van geskatte, stygende getalle onderwysers en leerlinge.

TABEL 5.7

ONDERWYSERS NODIG OM 'N GEGEW E LEERLINGDIGTHEID (20) TE HANDHAAF  
(RGN, 1981(c):56).

JAAR	BLANK			SWART		
	LLE. DIGTHEID	ONDERWYSERS	GROEI % P.J.	LLE. DIGTHEID	ONDERWYSERS	GROEI % P.J.
1980	20	38 722	,09	47,11	96 477	4,94
1985	20	48 938	- ,87	43,72	122 776	4,41
1990	20	46 854	-1,44	40,34	152 364	3,72
1995	20	43 574	- ,84	36,95	182 871	3,24
2000	20	41 774	- ,48	33,56	214 490	2,83

Die syfers sluit swartes in die nasionale state in.

TABEL 5.8

TOENAME IN ONDERWYSERSGETAL OM 'N BETER LEERLINGDIGTHEID TE VEROORSAAK  
(RGN, 1981(b):20).

GROEP	SKOOLFASE	LLE. IN 2000	VERHOUDING TANS	ONDERWYSERS IN 2000 NODIG	VIR 1:22 VERHOUDING NODIG
BLANK	PRIM.	401 000	1:19,89	20 160	18 227
	SEK.	367 000	1:18,57	19 763	16 681
	SAAM	768 000	1:19,25	39 896	34 908
SWART	PRIM.	6 399 000	1:43,56	146 900	290 863
	SEK.	2 690 000	1:32,21	83 514	122 272
	SAAM	9 089 000	1:41,43	219 382	413 135

\* Syfers sluit swartes in nasionale state in.

moet wees om enigsins 'n afwaartse neiging in die onderwyser-leerlingverhouding, by swartes, te bewerkstellig. Die blanke onderwysers wat daarenteen benodig word om 'n gegewe leerlingdigtheid te handhaaf, toon 'n negatiewe jaarlikse groeikoers (Vergelyk Tabel 5.7). Tabel 5.8 toon weer die geweldige toename in onderwysersgetalle wat moet realiseer om 'n beter leerlingdigtheid by swart skole te veroorsaak. Tabel 5.9 toon vooruitskattings van die Departement van Onderwys en Opleiding oor die beraamde lewering van onderwysers tussen die jare 1986 - 1999.

Uit Tabel 5.9 kan dit dus afgelei word dat daar vir die swart primêre skole baie meer onderwysers opgelei moet word, naamlik 8 353, terwyl daar by sekondêre skole eintlik 'n afname van onderwysers behoort te wees, naamlik 4 052. Hierdie syfers skep egter 'n skewe beeld aangesien baie primêr-gekwalfiseerde onderwysers tans onderwys aan sekondêre skole gee. Die oënskylike oorproduksie van sekondêre onderwysers sal meebring dat sulke onderwysers weer kan terugkeer na die primêre skole en by sekondêre skole vervang word deur nuwe afstuderende studente (RSA, 1987(b):9).

Tabel 5.10 kan egter meer perspektief op hierdie wanvoorstelling gee wanneer daar gekyk word na 'n vergelyking van getalle wat tans bestaan en moontlike posisie in die jaar 2000.

Dit moet beklemtoon word dat daar baie veranderlikes is, soos onder meer die instelling van skoolplig - (vergeelyk Tabel 5.1), wat getalle geweldig kan laat fluktueer en wat groter eise aan onderwysvoorsiening gaan stel. Dit impliseer dus ook dat onder andere meer fisiese geriewe beskikbaar gestel sal moet word wat weer meer uitgawes tot gevolg sal hê.

### 5.3.3 KWALITATIEF

#### 5.3.3.1 INLEIDING

Die RGN-verslag beklemtoon die feit dat die kwaliteit van die korps van onderwysers, dosente en instruktors die bepalende faktor is in die kwaliteit van die onderwys wat voorsien word. "Geen ander enkele faktor

TABEL 5.9

BERAAMDE LEWERING VAN SWART ONDERWYSERS 1986 - 1999  
(RSA, 1987(b):8-9).

	BERAAMDE LEWERING 86-99	BEREKENDE BYKOMENDE BEHOEFTE *
PRIMÊR	25 465	34 818 (vir 1:35 verhouding)
SEKONDÊR	29 494	25 442 (vir 1:30 verhouding)
TOTAAL	54 959	60 260

\* Die berekende bykomende behoefte aan onderwysers is met inagneming van die volgende onderwyser-leerlingverhouding, naamlik primêr 1:35 en sekondêr 1:30.

TABEL 5.10

VERGELYKING TUSSEN SWARTES SE GETALLE LEERLINGE, ONDERWYSERS EN DIE ONDERWYSER-LEERLINGVERHOUDING IN 1986 EN DIE JAAR 2000 (RSA, 1987(b):2 en 9).

		1986	2000
LEERLINGE	PRIMÊR	1 457 463	1 878 882
	SEKONDÊR	347 879	324 945
	TOTAAL	1 805 342	2 203 827
ONDERWYSERS	PRIMÊR	36 969	53 680
	SEKONDÊR	11 130	26 206
	TOTAAL	48 099	79 886
ONDERWYSER- LEERLINGVERHOUDING	PRIMÊR	1:39,4	1:35
	SEKONDÊR	1:31,3	1:30
AANTAL ONDERWYSKOLLEGES (in die jaar 2000) : 17			

\* Die posisie in die jaar 2000 is die netto lewering met huidige fasiliteite by universiteite en onderwyskolleges en beplande verdere uitbreiding van kolleges.

is so bepalend vir die kwaliteit van onderwys wat in 'n land voorsien word as die kwaliteit van die korps van onderwysers, dosente en instrukteurs nie" (RGN, 1981(a):181). Die kwaliteit van taakverrigting word egter deur 'n reeks faktore medebepaal, naamlik werwing, seleksie, opleiding (voor indiensneming en daarna) en die kwaliteit van werkslewe (waaronder diensvoorwaardes en die kwaliteit van onderwysbestuur en -administrasie en ook ander diensomstandighede).

Die Regering onderskryf hierdie siening, sowel as die instelling van 'n werwings- en keuringsprogram as standaardpraktyk deur elke onderwysowerheid met die oog om die kwaliteit van die onderwyserkorps te verbeter (RSA, 1983:45).

#### 5.3.3.2 KWALIFIKASIES

Wanneer daar na kwaliteit gekyk word, word daar verwys na die kwalifikasies van onderwysers en dose-rende personeel. Dit is 'n erkende feit dat daar baie onderwysers met lae kwalifikasies en selfs ongekwali-fiseerdes is wat baie verdienstelike, trouens uitste-kende werk lewer, maar die vraag kan gevra word of hul taakverrigting maksimaal is. Met die nodige verdere opleiding sal hulle nog beter resultate kan lewer. Swart onderwys het sulke leerkragte nodig.

'n Analise van die kwalifikasies van onderwysers in swart skole lewer bewys van die swak kwalifikasies van onderwysers.

Tabel 5.11 toon 'n vergelyking tussen swart en blanke onderwysers se kwalifikasies in 1980, terwyl Tabel 5.12 aantoon dat die posisie in 1986 effens verbeter het, maar nog veel te wense oorlaat. Dit is veral swart onderwysers met matriek plus 'n onderwysdiploma wat van 15% in 1980 tot 34,6% in 1986 toegeneem het. Die onderwysers wat slegs 'n junior sertifikaat (standerd agt) plus 'n onderwysdiploma besit het, het egter afgeneem van 65,9% in 1980 tot 45,53% in 1986. Hierdie vergelykbare statistiek wys die neiging tot

TABEL 5.11

VERGELYKING TUSSEN BLANKE EN SWART ONDERWYSERS SE KWALIFIKASIES  
(RGN, 1981(b):23).

KWALIFIKASIE	SWARTES	BLANKES
GEGRADUEERD	2,4%	28,4%
MATRIKULASIE/SENIOR SERTIFIKAAT + ONDERWYSDIPLOMA	15,0%	68,3%
MATRIKULASIE OF SENIOR SERTIFIKAAT	3,0%	3,3%
JUNIOR SERTIFIKAAT MET ONDERWYSSERTIFIKAAT	65,9%	-
JUNIOR SERTIFIKAAT SONDER ONDERWYSSERTIFIKAAT	13,7%	

TABEL 5.12

DIE AANTAL SWART ONDERWYSERS VOLGENS AKADEMIESE EN PROFESSIONELE KWALIFIKASIES (RSA, 1987(b):4).

	PRIMêR	SEKONDêR	TOTAAL	PERSENTASIE
<u>ONGEKWALIFISEERD * MET :</u>				
St. 8 OF LAER	5 079	36	5 115	10,8
NTS	11	11	22	0,05
MATRIKULASIE (SENIOR SERTIFIKAAT)	2 263	545	2 808	5,93
GRAAD	14	164	178	0,38
SUBTOTAAL	7 367	756	8 123	17,16
<u>GEKWALIFISEERD * MET :</u>				
St. 6	3 095	26	3 121	6,60
St. 8	17 479	942	18 421	38,93
St. 10 MET POS	7 475	2 778	10 253	21,67
NTS	30	106	136	0,29
St. 10 MET JSOS	631	2 580	3 211	6,79
St. 10 MET 3 JAAR OPLEIDING	772	2 161	2 933	6,2
GRAAD	88	1 031	1 119	2,36
SUBTOTAAL	29 937	9 624	39 561	82,84
TOTAAL	36 937	10 380	47 317	100

\* In die geval beteken "ongekwalifiseerd" dat die onderwysers geen professionele opleiding ondergaan het nie, terwyl na hulle as gekwalifiseerd verwys word indien hulle wel professionele opleiding gekry het (al is dit net twee jaar).

verbetering in kwalifikasies by swart onderwysers duidelik uit. Die blankes se posisie het in hierdie tydperk nie veel verander nie.

Die tabelle toon albei dat ongeveer 50% van swart onderwysers slegs 'n standaard agt en minder kwalifikasie besit, terwyl 8 123 (of 17,16%) onderwysers glad nie professioneel gekwalifiseerd is nie.

Die gevolge van hierdie onbevredigende toestand kan verreikend wees. "An unfortunate cycle has emerged by which poorly educated persons enter teaching and in turn produce poorly educated students. Because there are very few properly qualified Black teachers entering the teaching profession, we are running the risks of perpetuating mediocrity in the group whose educational improvement is essential to the development of the country. It is clear therefore that vigorous and innovative programmes in teacher training must be introduced to break this cycle by raising the quality of the present teachers and also of the staff who train teachers." (RGN, 1981(b): 23).

Hartshorne (soos aangehaal in RGN, 1981(b):24) spreek die mening uit dat die hoë persentasie vroeë skoolverlatings in swart primêre skole aan die swak gehalte onderwys toegeskryf kan word. Primêre onderwys is in die hande van onderwysers van wie baie professioneel ongekwalifiseerd is en net 'n beperkte akademiese agtergrond het. In die sekondêre skole is die toestand nog ernstiger omdat die geweldige toename in getalle gelei het tot "a dilution in the quality of the teaching force" en 'n vermeerdering van vroeë skoolverlatings (vergelyk Tabel 5.13 vir hierdie hoë uitsaksyfer onder swart leerlinge). Dit het gelei tot 'n ernstige afname in gemotiveerdheid by onderwysers verbonde aan sekondêre skole.

Die gebrekkige kwalifikasies van onderwysers kan saam met ander oorsake, soos byvoorbeeld die ontoereikende voorskoolse jare, as redes aangevoer word vir die hoë uitsaksyfer en ook die hoë druipersentasie.

TABEL 5.13

DIE INSKRYWINGS EN VROEË SKOOLVERLATERS BY SWART LEERLINGE IN GEBIEDE ONDER BEHEER VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING GEDURENDE 1985

(1) (Research Institute for Educational Planning, 1986:12 en RSA, 1986(a):207).

	INNAME	LLE. UITTOG (2)	UITTOG - % VAN INSKRYWINGS	% VAN TOTALE UITTOG
Sub A	295 739	32 800	11,1%	15,5%
Sub B	668 911	65 800	9,9%	31,0%
St. 3-5	467 284	54 900	11,8%	25,9%
St. 5-8	256 184	37 500	14,6%	17,7%
St. 9-10	68 761	21 000	30,5%	9,9%
TOTAAL	1 756 879	212 000	12,1%	100%

(1) indien 'n leerling die skool verlaat in 'n spesifieke standerd verwerf hy die vorige standerd se kwalifikasie.

(2) hierdie is 'n benaderde syfer.

Die hoë druipsyfer by die matriekeindeksamen (van om en by 50%) word deur die volgende statistiek bewys. Van die 7 313 kandidate wat in 1985 eksamen geskryf het in skole onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding (die syfers is slegs ten opsigte van kandidate wat die eksamen volledig afgelê het by skole wat nie tydens die eksamen ontwrig is nie) het slegs 3 842 kandidate geslaag - (1 073 met matriekulasievrystelling). In die nasionale state lyk die prentjie nog donkerder: slegs 19 553 van die 44 498 kandidate het geslaag - (4 457 met vrystelling) (RSA, 1987(a):235).

Bredenkamp (soos aangehaal in RGN, 1981(b):24) kom selfs tot die slotsom dat gelyke standaarde in onderwys (die ideaal gestel in die eerste beginsel van die Hoofkomitee van die RGN-onderzoek na die onderwys) slegs bereik kan word as die onderwyskwalifikasies van alle bevolkingsgroepe vergelykbaar word.

#### 5.3.3.3 WERWING EN KEURING

Werwing kan gesien word as die pogings van instansies om die beste mannekrag na die professie te lok.

Keuring daarteenoor kan weer gesien word as die proses wat instansies gebruik om selektief, al die moontlike kandidate, wat gewerf is, te evalueer ten einde die beste kandidate te kry.

Daar is nie alleen 'n tekort aan toepaslike, goed opgeleide onderwysers (veral by swartes) nie, maar daar is by alle gemeenskappe 'n groot behoefte aan werklik toegewyde onderwysers (Anon., 1987(f):13). Die werklik toegewyde onderwyser kan alleen deur goeie werwing en keuring na die onderwysprofessie gelok word.

Pogings om genoeg onderwysers te voorsien, behoort egter nie daartoe te lei dat kwaliteit opgeoffer word ter wille van kwantiteit nie. 'n Balans tussen die twee is noodsaaklik (RGN, 1981(b):16).

Die opleiding van onderwysers, indiensneming en algemene professionele erkenning deur aantreklike

diensvoorwaardes en -omstandighede is nou verwant aan die kwessie van werwing en keuring. Die onderwysprofessie moet mededingend kan bly met die privaatsektor (RGN, 1981(b):8-9). Werwing moet gekoppel wees met keuring, maar gedurende tye van tekorte word streng keuring onmoontlik. Werwing is baie belangrik by die kwaliteit van die kandidate en ook die kwantiteit. Die intensiteit van die werwingsveldtog hang af van die beskikbaarheid van kandidate in die arbeidsmark. Geen werwingsveldtog kan effektief wees tensy die aantal kandidate heelwat meer is as die aantal poste nie (RGN, 1981(b):28). In die verlede (selfs so onlangs as die RGN-onderzoek na die onderwys), was daar nie 'n baie groot aanbod van swart onderwysstudente by onderwyskolleges nie en daarom kon daar nie streng gekeur word nie, aangesien keuring 'n aangeleentheid is wat ter sprake kom indien die aanbod die aanvraag in 'n voldoende mate oorskry. Elke onderwysersopleidingskollege het intern 'n keuringskomitee waar kandidate op grond van prestasies en verslae van skoolhoofde gekeur word (RGN, 1981(b):47).

Omdat die aanbod swak was, is feitlik alle persone wat toepaslik gekwalifiseer was en aansoek gedoen het, wel toegelaat. Dit kan onomwonde gesê word dat 'n groot aantal persone opgelei is as onderwysers terwyl hulle eintlik nie geskik was vir die professie nie. Die kwaliteit van die onderwys het dus daaronder gely.

In die jongste verlede het die aanbod die aanvraag begin oorskry wat voornemende onderwysstudente betref. By Sebokeng Onderwyskollege was daar in 1987 meer as 600 aansoeke terwyl daar net 200 studente ingeskryf kon word. Keuring word dus ontsettend belangrik. Die werwingsproses moet egter nie afgeskeep word nie, want die onderwysprofessie het die beste mannekrag nodig.

#### 5.3.3.4 STANDAARDE

Swart onderwys word aan fel kritiek onderwerp oor lae standaarde. Daar word verwys na die hoë uitsak- en druipsyfer van swart leerlinge en die swak gehalte van onderwys in die algemeen. Hoewel daar ook agterstande is by onderwysersopleiding ten opsigte van

kwantiteit en kwaliteit van opleiding, word daar deur die Departement van Onderwys en Opleiding baie gedoen om die agterstande uit die weg te ruim. "Daar word steeds gestreef na die verbetering van die gehalte van die opleiding wat onderwyskolleges verskaf" (RSA, 1987(b):12).

#### 5.3.3.5 STATUS VAN ONDERWYSERS

Die status van die professie word in die eerste plek bepaal deur die kwaliteit van die persoon wat as onderwyser opgelei word en die kwaliteit van daardie opleiding. Verskeie faktore belemmer dit egter, naamlik

- \* onderwyskolleges het nie die status van outonome instellings binne die raamwerk van hoër onderwys nie
- \* professionele en akademiese standaarde is in sekere opsigte onder verdenking
- \* die georganiseerde professie het nie medeseggenskap ten opsigte van die opleiding van onderwysers nie
- \* die opleidingsfasiliteite van verskillende departemente verskil aansienlik (RGN, 1981(a):68).

Beginsel 10 van die Regering se beginselstandpunte gee erkenning daaraan dat die professionele status van die onderwyser van kardinale belang is vir die kwaliteit van die onderwys (RSA, 1983:3).

Hierdie beginsel gee 'n bepaalde waarde aan die onderwysberoep waarmee tegelykertyd besondere eise aan die opleiding van onderwysers gestel word (RSA, 1987(b):1).

'n Aangeleentheid wat ook die sukses van werwing en keuring medebepaal, is die status en agting wat die onderwys en die onderwysberoep in die gemeenskap geniet. Marais (soos aangehaal in RGN, 1981(b):47) sê in sy verslag dat die onderwyser tradisioneel 'n hoë aansien in die swart gemeenskap geniet.

Die huidige klimaat van onrus het egter veroorsaak dat die onderwyser se status en aansien in die swart gemeenskap gedaal het omdat radikale elemente die onderwys gebruik om hulle politieke aspirasies te verwesenlik. Die gevolg hiervan is dat die onderwyser nie meer die

gesagsfiguur en -draer van voorheen is nie. Die onderwyser het nou ook die teiken van intimidasie geword.

#### 5.3.3.6 VOORSIENING VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

##### 5.3.3.6.1 INLEIDING

Die status van die onderwysprofessie hang ook af van die kwaliteit van die professionele opleiding van onderwysers. Dit, tesame met die feit dat die eerste beginsel van Wet 76 van 1984 is om gelyke onderwysstandaarde vir al die mense van die RSA te voorsien, veroorsaak dat daar krities na swart onderwysersopleiding gekyk moet word (RSA, 1984(g):art. 1).

Professionele vorming en voorbereiding van onderwysers is bedoel om persone te bekwaam vir suksesvolle taakverrigting in die onderwys. Aangesien effektiewe onderwys veel meer behels as die beheersing van 'n spesifieke vakgebied, behoort 'n wetenskaplike benadering by onderwysersopleiding gevolg te word. Opleidingskursusse vir onderwysers bevat 'n akademiese, professionele en praktiese komponent. Die vraag kan gevra word of hierdie komponente egter so geïntegreer word dat kursusse in 'n gebalanseerde eenheidstruktuur afspits op die verwerwing van spesifieke kundighede, vaardighede en tegnieke wat van die onderwyser 'n unieke persoon maak wat 'n uitsonderingsposisie in die samelewing beklee. Die koördinering van opleidingskursusse en standaarde verdien indringende aandag omdat die gehalte van dienslewering direk afhanklik is van die kwaliteit van die opleiding (RGN, 1981 (b):7).

In Hoofstuk 4 is daar reeds verwys na die huidige opleidingsgeleentede vir swart onderwysers, maar die volgende kan as probleemgebiede in die voorsiening vir die opleiding van onderwysers aangestip word.

#### 5.3.3.6.2 ONGELYKE STANDAARDE

Die voorsiening van fasiliteite verskil aansienlik, aangesien kolleges vir die verskillende bevolkingsgroepe deur sewe verskillende onderwysdepartemente beheer word. Kolleges vir swartes is volledig aan die kontrole van hulle departement onderworpe ten opsigte van akademiese en administratiewe aangeleentede. Ook akademiese standarde verskil aanmerklik. Ongelyke standarde kan toegeskryf word aan gedifferensieerde toelatingsvereistes en die gehalte van doserende personeel Louw (soos aangehaal in RGN, 1981(b):29) is die mening toegedaan dat die ongelyke standarde tussen bevolkingsgroepe nie vinnig verander sal kan word nie, want die opleiding van 'n onderwyser is 'n moeisame en duur proses wat hoë eise aan die student en die dosent stel en wat ook gesofistikeerde fisiese geriewe en ander hulpmiddele benodig.

#### 5.3.3.6.3 DIE GEBREK AAN KOÖRDINASIE

Daar was 'n algehele afwesigheid van koördinasie van die vier bevolkingsgroepe wat betref onderwysersopleiding. Om die ongelyke standarde ook uit te wis, was dit nodig dat daar skakeling tussen die verskillende onderwyskolleges en selfs universiteite en teknikons moet wees. So kon standarde verhoog word en ongelykhede uitgewis word (RGN, 1981(b):30).

Sulke koördinasie is verkry met die aanvaarding van Wet 76 van 1984 deur onder andere die Komitee van Onderwysdepartementshoofde. (Vergelyk organogram in paragraaf 3.3.5.2.1).

#### 5.3.3.6.4 FASILITEITE

Daar is reeds verwys na die groot tekort aan swart onderwysers (vergelyk paragraaf 5.3.2). Omdat daar so 'n groot agterstand opgebou het in swart onderwys en omdat al die fasiliteite wat voorsien moet word hoë kostes meebring, kan gelyke geriewe nie onmiddellik aan swart onderwys beskikbaar gestel word nie.

Fasiliteite wat vir swart onderwysersopleiding beskikbaar is, is totaal onvoldoende en hierdie feit, tesame met die beplanningsaksies van die verlede, het veroorsaak dat die sentra waar opleiding verskaf word nie altyd op die regte plek (demografies en geografies) opgerig is nie. 'n Voorbeeld wat genoem kan word is dat 'n onderwyskollege by Kroonstad opgerig is, terwyl Welkom (met 'n groter swart bevolking) nie een het nie en Bloemfontein eers in 1985 een gekry het. Fort Beaufort het lankal 'n onderwyskollege terwyl daar eers in 1986 een in Port Elizabeth opgerig is. In Kaapstad is daar eers in 1987 met 'n onderwyskollege begin. Die hele Wes-Transvaal, Durban en Wes-Randgebied het nou nog nie 'n onderwyskollege nie.

Ook wat die etniese verspreiding van kolleges betref word daar nie altyd voorsiening gemaak vir die verskillende tale nie. Die stedelike gebiede bevat feitlik al die verskillende etniese groepe. Ten spyte hiervan word slegs Suid-Sotho en Zulu by Sebokeng Onderwyskollege aangebied, terwyl daar in dié

streek ook Noord-Sotho en Tswana skole voorkom. Kroonstad en Bloemfontein bied slegs Suid-Sotho aan (RSA, 1987(a):251 en 307).

#### 5.3.3.6.5 PRIMÊR TEENOR SEKONDÊR

Dit klink onmoontlik dat hierdie twee afdelings van die skool teenoor mekaar gestel word of meer nog, teen mekaar afgespeel word, maar tog is dit die geval. Dit is veral onderwysers wat hulle hieraan skuldig maak. Dit behoort egter glad nie die geval te wees nie, want die een afdeling kan glad nie sonder die ander een funksioneer nie.

In swart onderwys is daar 'n tendens dat voornemende onderwysstudente eerder die sekondêre kursus wil volg; die meeste aansoeke is vir die sekondêre kursus. Hulle beskou die primêre afdeling as minderwaardig. Dit vererger die probleem ten opsigte van getalle, want dit is juis in die primêre afdeling dat meer onderwysers benodig word. Die onderwyser-leerlingverhouding in die primêre skool is 1:39,4 teenoor 1:31,3 in die sekondêre skool (vergelyk Tabel 5.14). 'n Verdere tendens wat kommer wek, is die feit dat die Departement van Onderwys en Opleiding jaarliks meer sekondêre as primêre onderwysers oplei. Tabel 5.15 wys op die studente-inskrywing per studiejaar, per kursus vir die jaar 1986 asook die volledige uitslae van 1985. Dit blyk duidelik uit die tabel dat die aantal onderwysers in die primêre afdeling altyd in die minderheid is, hoewel dié afdeling eintlik meer onderwysers benodig. Die groei by sekondêre skole neem egter geweldig toe. In die tydperk 1979 - 1985

TABEL 5.14

LEERLINGE, ONDERWYSERS, SKOLE, ONDERWYSER-LEERLINGVERHOUDING, LEERLING-KLASKAMERVERHOUDING IN 1986 (RSA, 1987(b):2-3).

	LEERLINGE	ONDERWYSERS	SKOLE	ONDERWYSER- LEERLINGVER- HOUDING	LEERLING- KLASKAMER- VERHOUDING
PRIMÊR	1 457 463	36 969	7 149	1:39,4	1:45
SEKONDÊR	347 879	11 130	343	1:31,3	1:50
TOTAAL	1 805 342	48 099	7 492	1:37,5	

TABEL 5.15

STUDENTE-INSKRYWINGS PER STUDIEJAAR, PER KURSUS VIR 1986 ASOOK DIE DERDEJAARS SE UITSLAE VAN 1985 (RSA, 1987(a):303-306 en 310-317).

	EERSTEJAAR	TWEEDEJAAR	DERDEJAAR	TOTAAL	GESLAAG 1985
PRE-PRIM	66	28	30	124	37
JPOD	365	245	128	738	117
SPOD	731	791	378	1 900	276
SOD	1 041	1 111	944	3 096	801
SOD TEG.	230	140	16	386	45

\* Eenjarige spesialiseringkursus (Liggaamlike Opvoeding, Kuns, Huishoudkunde, ens.: 142 (1986).

\* Spesialisering (Tegnies): 132 (1986).

was die gemiddelde persentasie jaarlikse groei by sekondêre skole ongeveer 9,5% teenoor die ongeveer 3,6% in die primêre skole (Research Institute for Educational Planning, 1986:11). Die druk op die opleiding van sekondêre onderwysers sal ook toeneem. Hoewel dit dus op die oomblik lyk asof daar 'n oorproduksie van sekondêre onderwysers is, wys die Departement van Onderwys en Opleiding daarop dat daar op die oomblik baie primêr-gekwalfiseerde onderwysers is wat onderwys gee aan sekondêre skole.

#### 5.3.4 DIE FINANSIËLE ASPEK

Kritici is gou om te beweer dat swart onderwys minderwaardig is of dat te veel belastinggeld aan swart onderwys bestee word. Hierdie twee standpunte strook nie met mekaar nie. Ander kritici beweer dat die oorsaak van die minderwaardigheid in swart onderwys geleë is in die feit dat die per kapita besteding in swart onderwys swak is in vergelyking met dié van die blankes. Al hierdie kritici se argumente word deur statistieke en argumente wat die Departement van Onderwys en Opleiding voorhou, weerlê.

Die eerste beginsel wat in die Witskrif oor Onderwysvoorsiening en ook in Wet 76 van 1984 baie duidelik gestel word, is dat die staat doelgerig, gelyke onderwysgeleenthede met insluiting van gelyke onderwysstandaarde vir elke inwoner ongeag ras, kleur, geloof of geslag, sal nastreef (RSA, 1984(g):art. 1).

Hieruit blyk dit duidelik dat die Staat dit sy doelwit gemaak het om onder andere swart onderwys op te hef. Wanneer daar na die Departement van Onderwys en Opleiding se begroting gekyk word, word bemerk dat dit in die afgelope vier jaar viervoudig geëskaleer het na R1,5 biljoen wat in 1987 voorsien moes word (Anon., 1987(b):10).

Ook wat onderwysersopleiding betref, blyk dit duidelik hoeveel die Regering bereid is om te bewillig vir swart onderwysersopleiding. Geld wat vir beurse aan swart onderwysstudente in

1986 beskikbaar gestel is, het bykans viervoudig vermeerder. In die vyf jaar van 1981 tot 1986 het die Departement van Onderwys en Opleiding se begroting vir die opleiding van onderwysers met meer as 600% gestyg (De Wet, 1987:14).

Teenoor die bedrag van R2 494 344 wat in 1980/81 aan voordiensopleiding bestee is, beloop die begroting vir hierdie deel van die opleidingsprogram in 1986/87 R19 130 592 (RSA, 1987(b):11).

Ten spyte van hierdie groot bedrae geld is steeds meer nodig as gevolg van die groot toename in getalle in die swart bevolking en die groot agterstand wat in die verlede opgebou het.

#### 5.3.5 DIE BLANKE SE "PLEK" IN SWART ONDERWYS

Onderwysstelsels het te make met kultuurverwerking en kultuuroordrag. Die onderwysstelsel is deel van die kultuur van 'n volk. Die onderwys behoort na sy kultuurhistoriese aspek aan te sluit en verweef te wees met die betrokke kultuurgemeenskap (Barnard, 1984:182).

Sedert die koms van die sendelinge is daar gepoog om die swartes op te hef deur die Europese kultuur deur medium van 'n Europese taal. 'n Onderwysstelsel wat dus volksvreemd was, is sodoende aan die swartes oorgedra.

Die blanke het dus van die vroegste tye af 'n baie groot plek in swart onderwys beklee. Die swart onderwysstelsel is op die blanke lees geskoei. Die vraag kan egter gevra word of dit die regte toedrag van sake is.

Die blanke speel vandag nog 'n belangrike rol in swart onderwys. Blankes lê selfs vandag nog beleid neer vir die swart onderwys en beklee nog die topposte in die beheerstrukture. Baie blankes gee nog onderwys aan swart skole en kolleges. Daar is 750 blanke onderwysers by swart sekondêre skole en 32 by swart primêre skole (RSA, 1987(a):229).

Daar is verder ook 448 dosente by swart onderwyskolleges (RSA, 1987(a):299). In 1986 was daar by teknikons 125 (RSA, 1987(a):319), by universiteite 271 (RSA, 1987(a):343), by tegniese sentrums 360 (RSA, 1987(a):285), by sentrums

vir volwasse onderwys 272 (RSA, 1987(a), 387) en by sentrums vir buitengewone onderwys 60 blankes (RSA, 187(a):273). Dit gee 'n totaal van 2 318 blankes in swart onderwys (4,56%).

'n Vraag wat baie moeilik beantwoord sal word, is of swart onderwys sonder die blanke kan klaarkom.

#### 5.3.6 BELEID

Na die kwessie van beleid is daar reeds volledig in Hoofstuk 3 verwys (vergelyk paragraaf 3.3.1). Die probleem wat swartes ondervind omdat hulle geen direkte inspraak het om wetgewing neer te lê vir swart onderwys nie, kan weer eens benadruk word. Die beleid word deur ander bevolkingsgroepe vir en namens hulle gemaak. Hulle word slegs geraadpleeg in die verband.

#### 5.3.7 BEHEER

Wat beheer betref, is daar reeds volledig in Hoofstuk 3 na verwys (vergelyk paragraaf 3.3.2). Die enkele belangrikste probleem wat swartes ondervind in die beheerstruktuur is dat hulle op sentrale vlak slegs in die Raad van Onderwys en Opleiding (vergelyk paragraaf 3.3.5.2.4) verteenwoordiging het. Op streekvlak is al die Streekdirekteure blankes. In ses van die sewe streke is daar egter swartes as Adjunk-Direkteurs aangestel (RSA, 1987(a):14-26). Dit blyk duidelik dat op die huidige tydstip, die toposte almal deur blankes beklee word. Dr. Viljoen, Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, het egter by verskeie geleenthede gesê dat dit tyd geword het dat swart onderwys sy eie swart Minister van Onderwys kry. Op plaaslike bestuursvlak het die swartes tans reeds tot hul reg gekom.

#### 5.3.8 DIE POLITIEK EN ONDERWYS

Onderwys is op die huidige met politiek deurspek en daarom is nodig om die politiek ook as een van die "probleme" in swart onderwys aan te stip. Selfs by onderwysersopleiding is dit nodig om studente op hul regte en die gevare van verpolitiserings te wys. Onderwys, en dus ook onderwysersopleiding, kan nooit van die politiek losgemaak word nie.

Daar is niks in die Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979), wat 'n onderwyser verbied om aan 'n wettige politieke party of organisasie te behoort nie. Ingevolge Regulasie 15 mag 'n onderwyser egter nie van sy ampsposisie gebruik maak om die belange van 'n politieke party te bevorder of te benadeel nie en mag hy nie 'n geskrif opstel of publiseer of hom andersins in die openbaar oor politieke aangeleenthede uitlaat nie (RSA, 1979:art. 15). Die redes vir beperkings op politieke bedrywighede by skole en onderwysersopleidingsinrigtings is vanselfsprekend. Politiek is 'n emosionele aangeleentheid.

Hoewel politiek nie in skole bedryf moet of mag word nie en onderwysers hulle moet weerhou om politieke uitsprake te maak, kan politiek en onderwys nie van mekaar geskei word nie. Die staat en die skool is samelewingsverbande wat in vervlegting met mekaar saamwerk, hoewel hulle soewerein in eie kring is (Schoeman, 1975:63). Die politieke toestand in die land is tans baie onstabiel. Mnr. Sam de Beer Adjunk-minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, is juis van mening dat die onrus-situasie in swart skole die politieke aspirasies en frustrasies van swart mense vergestalt (Van der Westhuizen, 1985:39).

#### 5.4 'N EVALUERING VAN DIE HUIDIGE PROBLEEMAREAS EN MOONTLIKE OPLOSSINGS EN RIGLYNE OM DIE PROBLEME TE BEKAMP EN TE OORBRUG

##### 5.4.1 INLEIDING

Die Witskrif (wat gevolg het op die RGN-ondersoek na onderwysvoorsiening) speel 'n prominente rol in die Departement van Onderwys en Opleiding se beplanning en onderwysvoorsiening, soos ook die Regering se verbintenis tot gelyke onderwysgeleenthede vir alle inwoners van die RSA. Demografiese faktore is die een probleem wat die grootste uitdaging aan die Departement bied omdat addisionele akkommodasie vir die steeds groeiende leerlingbevolking voorsien moet word sonder dat die program wat die uitskakeling van die agterstand in fisiese fasiliteite ten doel het, prysgegee word (RSA, 1987(a):3-4).

Die RGN-verslag beklemtoon die feit dat die kwaliteit van die onderwysers die bepalende faktor is in die verskaffing van die gediversifiseerde onderwys soos wat dit in Beginsel 4 in die Witskrif uitgespel word. Dit is ongelukkig so dat 'n groot persentasie van die huidige onderwysers nie toepaslik gekwalifiseerd is om aan die uitdagings van die tyd te voldoen nie. Die Departement van Onderwys en Opleiding poog egter om nie alleen kwantitatief nie, maar ook kwalitatief die situasie algaande te verbeter deur onder andere :

- \* die verskaffing van onderwyskolleges wat geografies en demografies goed geplaas is
- \* agterstande in onderwysvoorsiening in te haal
- \* by te hou met geprojekteerde behoeftes
- \* 'n balans te handhaaf tussen die akademiese, praktiese, professionele en/of beroepsgerigte komponente van onderwysersopleiding en
- \* gekoördineerde samewerking met tersiêre inrigtings te bewerkstellig.

Indien die doelwitte (soos hierbo uiteengesit), bereik kan word en daar 'n balans tussen vraag en aanbod van goed gekwalifiseerde onderwysers (in alle studierigtings) bestaan, kan daar aan die vierde beginsel van die Witskrif voldoen word (RSA, 1987(a):123).

Hoewel die kwaliteit van die onderwysers beskou kan word as seker dié belangrikste aspek in die kwaliteit van onderwys wat voorsien word, kan hierdie beginsel alleen nie as die towerstaf gesien word om die probleme in swart onderwys onmiddellik op te los nie. Alle areas (veral hulle wat as probleemareas beskou kan word) moet as 'n eenheid gesien word en omdat hulle afhanklik van mekaar is, moet aan almal aandag geskenk word om die probleme te oorbrug. Genoeg, professioneel, bekwame onderwysers is die sleutel tot sukses, maar om hierdie doelwit te bereik, is onder meer werwing en keuring, standaarde, koördinering, fasiliteite en geld nodig. Alleen dan sal daar aan die eerste beginsel in die Witskrif, naamlik "gelyke onderwysgeleentheid met insluiting van gelyke onder-

wysstandaarde vir elke inwoner ongeag ras, kleur, geloof of geslag", voldoen kan word (RSA, 1983:3).

#### 5.4.2 KWANTITEIT

Dit is nie soseer 'n probleem om genoeg studente te werf vir die onderwysprofessie nie. Die rede hiervoor is dat die diensvoorwaardes en diensomstandighede tans van so 'n aard is dat die onderwysprofessie 'n aantreklike beroep vir die swartes geword het. Ten spyte van die geweldige bevolkingsontploffing onder swartes en die ooreenkomstige aanvraag na meer onderwysers, sal daar kwantitatief aan voldoen kan word. Die finansiële aspek en die gebrek aan fasiliteite veroorsaak egter dat genoeg onderwysers nie opgelei kan word om onmiddellik die behoefte te bevredig nie. Die aanbod van studente vir onderwysersopleiding oorskry tans die vraag, maar dit beteken nie noodwendig dat hierdie aanbod van studente die beste kwaliteit is nie. Kwaliteit en kwantiteit moet hand aan hand gaan.

Werwing en keuring, asook diensomstandighede en diensvoorwaardes vereis voortdurende aandag om sodoende die beste mannekrag op te lei sodat nie alleen genoeg nie, maar ook genoeg, gehalte onderwysers opgelei kan word. Verder moet die nodige middele, onder meer finansies en fasiliteite ook beskikbaar wees om genoeg goeie gehalte kandidate te kan oplei.

#### 5.4.3 KWALITATIEF

##### 5.4.3.1 INLEIDING

Dit is baie moeiliker om genoeg, goeie kwaliteit onderwysers te kry as bloot net genoeg onderwysers. Die rede hiervoor is dat daar soveel meer faktore betrokke is wat dit kan beïnvloed. Faktore soos onder meer die deeglike werwing en keuring (vir die beste kandidate), diensomstandighede en diensvoorwaardes, standaarde en die kwaliteit van die opleiding is almal faktore wat die kwaliteit van die onderwyser wat opgelei word, sal bepaal.

Wat die opleiding van onderwysers betref, kan kwaliteit en kwantiteit dus nie geskei word nie omdat beide as

probleemareas in swart onderwys gesien word en omdat die een nie ten koste van die ander opgeoffer moet of mag word nie.

#### 5.4.3.2 KWALIFIKASIES

Soos dit alreeds in Tabel 5.12 aangetoon is, is die kwalifikasies van swart onderwysers baie swak. Die Staat en die Departement van Onderwys en Opleiding besef dit ook terdeë en daarom is daar reeds in 1982 daadwerklik begin met die opgradering van kwalifikasies. Die minimum kwalifikasie van swart onderwysers is in dié jaar gelyk gestel aan dié van die ander bevolkingsgroepe, naamlik matriek plus 'n onderwysdiploma na drie jaar studie. Om nader aan die mikpunt van 'n behoorlike gekwalifiseerde swart onderwyserkorps te kom, is meer onderwyskolleges vir swartes opgerig (De Wet, 1987:14).

Geldelike steun word ook aan swart studente en diensdoende onderwysers aangebied vir hulle studies. Studente kan aansoek doen vir beurse wat R800 minimum en R1 700 maksimum beloop (na gelang van die kursus en verblyfaspekte). Aan diensdoende onderwysers word daar vanaf 1987, R200 aangebied indien een van sekere voorafbepaalde graadvakke geslaag word (RSA, 1987(c): 31-32).

Vir swart onderwysers wat in die verlede nie behoorlike opleiding gekry het nie, word 'n wye reeks programme aangebied. Verskeie programme om die kwalifikasies van onderwysers te verbeter, is deurlopend aan die gang. Nie minder nie as vyftig persent van die bestaande onderwyserskorps ondergaan jaarliks indiensopleiding in die een of ander vorm. Talle diensdoende onderwysers wat nog nie 'n matrieksertifikaat het nie, woon byvoorbeeld aandklasse by een van die Departement se sentrums vir volwasse opleiding by. Gevolglik het die persentasie diensdoende onderwysers wat nie matriek geslaag het nie, aansienlik gedaal - van 73,6% in 1983 tot 63,6% in 1986 (De Wet, 1987:14).

Selfs groter eenmalige bedrae kan aan diensdoende onderwysers betaal word indien goedgekeurde vakke geslaag word. Ook wanneer grade verwerf word, kan 'n redelike groot bedrag aan diesulkes betaal word. Meer bevorderingsgeleenthedes, wat ook aan kwalifikasies gekoppel word, kan ingestel word. Dit moet so aantreklik moontlik gemaak word vir die swak gekwalifiseerde, diensdoende onderwyser om wel verder te studeer.

#### 5.4.3.3 WERWING EN KEURING

Goeie werwing en keuring is van die uiterste belang vir beide die kwantiteit en die kwaliteit van mense wat as onderwysers opgelei moet word. Genoeg van die beste mannekrag moet na die professie gelok word.

Die Departement van Onderwys en Opleiding publiseer jaarliks 'n inligtings- en werwingsbrosjyre, "The Teaching Profession - A Labour of Love" wat wyd vir die werwing van studente aangewend word, onder meer by sekondêre skole en onderwyskolleges. Laasgenoemde inrigtings loods gewoonlik in hulle omgewing en streek plaaslike werwingsveldtogte met die hulp van die betrokke streekkantoor en -personeel en maak ook van die radio en pers gebruik hiervoor. Keuring word plaaslik, dit wil sê deur die betrokke onderwyskollege, gedoen nadat aansoeke ontvang is met inagneming van die voorgeskrewe toelatingsvereistes van die Departement in die geval van kolleges en die geïdentifiseerde behoeftes van die streek (RSA, 1987(b):5-6).

'n Nuwe gekoördineerde en geïntegreerde werwings- en keuringsprosedure het reeds van 1987 vir die innames vir die 1989-akademiese jaar in werking getree. Die nuwe program maak voorsiening vir die vervroeging van die werwingsaksie en die uitbreiding daarvan na elke sekondêre skool met matrikulante. Dit sluit die drie fases in, naamlik plaaslik deur die skool met die ondersteuning van die kringkantoor, op streekvlak en derdens deur die betrokke opleidingsinrigtings. In

hierdie keuringsprogram word van al die beskikbare en bekombare inligting omtrent die kandidaat gebruik gemaak, met insluiting van sy prestasies op skool (kumulatiewe verslagkaart), psigometriese toetsuitslae, 'n vraelys en 'n gestruktureerde onderhoud. Die eerste twee fases van die program het hoofsaaklik 'n siftings- en koördinerende funksie waarby die Departement sy regmatige inspraak met betrekking tot die toekenning van beurse uitoefen, terwyl die laaste (derde) fase ruimte laat vir die outonome karakter en funksionering van die betrokke inrigting (RSA, 1987(b):6).

Daar behoort baie meer dekking op die radio, maar veral die televisie te wees oor onderwys as 'n loopbaan. Verder moet daar hard gewerk word aan die beeld van onderwyser in die besonder en die onderwys in die breë. Die onderwys het die beste mannekrag nodig, want geen ander beroep of professie is so belangrik vir die toekoms van 'n land nie. Slegs die beste mense is nodig vir die opvoedingstaak. Goeie werwing en keuring is dus noodsaaklik om hiërdie mense na die professie te lok.

#### 5.4.3.4 DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

Die opleiding van onderwysers kan as die enkele belangrikste oplossing gesien word om sowel die kwantiteit as die kwaliteit van onderwys te verhoog, want sowel die hoeveelheid onderwysers en die kwaliteit van die onderwysers word bepaal deur die opleiding wat hulle ondergaan. Dit help nie om kwaliteit op te offer ter wille van kwantiteit nie.

Weer eens kan daarop gewys word dat alle aspekte wat moontlik die oplossing van die probleme in swart onderwys kan oplos, geïntegreerd saamwerk, maar dat die kwaliteit van die opleiding wat ondergaan word, van kardinale belang is.

Opleidingsprogramme behoort gedurig geëvalueer en hersien te word ten einde verbeterings aan te bring. Wat die strukture betref, behoort vakke soos Opvoedkunde en Onderwystegnologie ekstern geëksamineer te

word. Dit sal meebring dat die standaard in die belangrike vakke verhoog word. Daar behoort verder ook meer aandag geskenk te word aan die praktiese opleiding van die student. Studente behoort meer blootgestel te word aan hul toekomstige werksmilieu, met ander woorde die skool. Studente kan toegewys word aan voogonderwysers vir die hele duur van hul kursus. Sulke geselekteerde onderwysers moet dan inspraak hê oor die praktiese evaluering van die student.

Groter sentra vir onderwysersopleiding moet daargestel word sodat meer kandidate aanvaar kan word. Groter lesingsale (ouditoriums) met "meester-onderwysers" kan dan meehelp om genoeg onderwysers op te lei.

Daar behoort voortdurend gestreef te word na die verbetering van die gehalte van die opleiding wat onderwyskolleges verskaf. Verder behoort die standarde ook voortdurend onder oë geneem te word ten einde die beste daar te stel. Daar behoort ook voortdurend skakeling tussen afgestudeerde onderwysers en onderwyskolleges te wees ten einde die kolleges in staat te stel om die doeltreffendheid en toepaslikheid van hulle opleiding te evalueer en die nodige aanpassings te maak vir die verbetering daarvan, veral met die oog op die toepaslikheid van die opleiding vir die werklikhede waarmee die jong onderwyser in die veld gekonfronteer word. Ook skole en "ou" onderwysers behoort meer plooibaar en toeganklik te wees vir "nuwe" idees.

Meer geld en aandag moet gegee word aan Verdere- en Indiensopleiding om sodoende die "ou" onderwyser weer te betrek by opleiding en studie.

Daar behoort ook gekoördineerde samewerking tussen tersiêre inrigtings te wees met die moontlikheid van wedersydse akkreditering. Groter skakeling tussen onderwyskolleges van verskillende bevolkingsgroepe moet ook aangemoedig word.

Meer aandag behoort ook aan die beplanningsaspek gegee te word sodat die regte fasiliteite op die regte tyd op die regte plek beskikbaar gestel word vir die beste opleidingsmoontlikhede.

#### 5.4.4 DIE FINANSIËLE ASPEK

In die 1980/81 begroting was die totale bedrag wat aan swart onderwys bestee is R425 miljoen, terwyl dit in 1985/86 tot 'n enorme R1 816 miljoen gestyg het. Die volgende faktore moet egter hier genoem word, naamlik

- \* privaat donasies is nie in berekening gebring nie
- \* kapitale besteding is nie in berekening gebring nie
- \* inflasie moet in berekening gebring word om 'n meer realistiese beeld te kan vorm
- \* hierdie syfer gee elf verskillende departemente se syfers, terwyl hulle formules van berekening verskil - (sommige departemente sluit spesiale, tersiêre en alternatiewe onderwys by hul begroting in) (Research Institute for Educational Planning, 1986:18).

Die totale beraamde uitgawe vir die Departement van Onderwys en Opleiding vir 1986/87 beloop R1 157 831 000 waarvan R225 137 000 vir kapitale dienste voorsien is - voorsiening vir onderwysdienste aan selfregerende gebiede is nie by die bedrag ingesluit nie (RSA, 1987(a):75).

Wat onderwysersopleiding betref het die besteding vir inisiële opleiding in die 1980/81 boekjaar toegeneem van R2 494 344 tot R19 130 592 in die 1986/87 boekjaar (RSA, 1987(b):11).

Ook wat die besteding per leerling betref, was daar ook 'n groot groei, naamlik vanaf R88 per leerling in 1980/81 tot R214 in 1984/85 (Research Institute for Educational Planning, 1985:15).

Geweldig baie kritiek word uitgespreek teen die enorme hoeveelhede geld wat aan swart onderwys bestee word. Meer nog ook die groot hoeveelhede geld wat verkwis word deur kinders wat skoolgeboue en skooltoerusting afbrand. Die skade aan geboue bedra R25 miljoen, terwyl die vervangingswaarde daarvan R47 miljoen is (Anon., 1987(c):13).

In die 1984/85 boekjaar is daar R408 135 466 aan onderwys in die nasionale state bestee, terwyl R224 504 633 aan die onaf-

hanklike state bestee is (Research Institute for Educational Planning, 1987:22). Dit het miskien tyd geword dat die groot hoeveelhede geld wat na die onafhanklike- en nasionale state stroom, eerder vir swart onderwys in die "blanke" gebiede aangewend word, sodat die onderwys waarvoor hierdie land verantwoordelik is en waarvoor die land se belastingbetaler moet betaal, ten volle kan ontwikkel.

Aangesien onderwys 'n "eie" saak is kan die moontlikheid oorweeg word om die swartes se belastinggeld wat ingevorder word te gebruik vir "hul" onderwys. 'n Beter stelsel van belastinginvordering sal egter gevind moet word aangesien daar op die oomblik te veel belastingontduikers is.

Die Regering wil in die kortste tyd moontlik, gelyke onderwysgeleenthede aan almal gee, maar dit kan net geskied binne die geldelike perke van die land en met inagneming van ander belangrike voorkeure (Anon., 1987(d):13).

#### 5.4.5 BELEID EN BEHEER

Die Regering beskou onderwys as 'n "eie" saak en daarom is dit van die uiterste belang dat politieke strukture geskep word wat die swartes akkommodeer sodat hulle self beleid kan neerlê en beheer kan uitoefen oor "hul" onderwys. Die blanke sal nog sy sinvolle deel in swart onderwys kan en moet lewer, maar dit het tyd geword dat swartes self, met "hulle" geld die inisiatief neem om 'n onderwysstelsel daar te stel wat vir alle swartmense aanvaarbaar sal wees.

#### 5.4.6 DIE VOORSKOOLOSE JARE

Die voorskoolse jare van die kind kan beskou word as een van die grootste enkele faktore wat die krisis in swart onderwys teweeg gebring het. Hierdie tydperk in die kind se lewe is van kritieke belang vir sy vorming as aanvaarbare mens in die samelewing. Die hoeveelheid aandag sowel as die gehalte daarvan wat die kind in hierdie stadium ontvang, is die bepalende faktor in sy lewe. Kwantiteit en kwaliteit is dus weer hier ter sprake.

Die voorskoolse kind (pre-primêr) het iemand nodig om hom te lei en te help met sy verkenning van die groot nuwe werklikheid - die onbekende wêreld - waarmee hy nou te doen kry.

Die kwaliteit van hierdie leiding is die bepalende faktor vir sy skoolgereedheid wanneer hy die formele skoolsituasie moet betree. Die hoofdoel van pre-primêre onderwys en opvoeding is om die kleuter te help met begrippe, interpretasies, klassifikasies en die ordening van hierdie "nuwe" wêreld. Daarom is hierdie tydperk so belangrik en daarom is die opleiding van pre-primêre onderwysers ook van kardinale belang (RSA, 1985(b):6).

Daar behoort baie meer kleuter- en bewaarskole opgerig te word sodat meer kinders die geleentheid kan kry om in 'n stimulerende omgewing groot te word. Die RGN-onderzoek na die onderwys wys ook op die belangrikheid van hierdie voorskoolse of "voor basiese" onderwys. Skoolgereedheid is 'n voorwaarde vir suksesvolle skoolverloop (veral tydens aanvangsonderwys) en omdat milieugestremdheid die vernaamste oorsaak daarvan is dat skoolgereedheid nie betyds bereik word nie, word verskeie motiveringspunte vir onderwyskundige voorsiening op voorskoolse vlak ten opsigte van die uiteenlopende behoeftes van jong kinders in verskillende lewensomstandighede voorgelê, naamlik

- \* Milieugestremdheid kom baie voor omdat meer moeders met jong kinders weens ekonomiese druk en ander faktore moet gaan werk.
- \* Die kind word (in baie gevalle) nie toereikend vir die formele onderwys voorberei nie. Besondere en vroegtydige voorbereidende hulpverlening is noodsaaklik, want 'n agterstand van so 'n aard word nie maklik ingehaal nie.
- \* Die hoë druipsyfer en uitsaksyfer (veral by swartes) dui op ekonomiese verlies vanweë die addisionele en onnodige uitgawes wat herhaling op skool meebring.
- \* Leerprobleme en begaafdheid kan makliker ontdek word.
- \* Pre-primêre onderwys se aard verleen 'n uitstekende geleentheid aan die kind om effektief-sosiaal 'n soepele oorskakeling na formele onderwys te maak.
- \* Formele onderwys kan met groter welslae begin (RGN, 1981: (a): 27-28).

Bogenoemde wys op die geregverdigde vraag na voorskoolse onderwys, maar dit is bekend dat daar op 'n ontoereikende wyse aan die vraag voldoen word. Veral by swartes is al die bogenoemde

noemde dinge van toepassing, want hulle voorskoolse onderwys is baie swak. Volgens Professor Mawasha (Leeman, 1986:15) speel verwaarlosing tuis en 'n gebrek aan ouerlike ondersteuning 'n groot rol in skolastiese prestasies van leerlinge. Die "opvoedingstaak" van die voorskoolse kind word deur ouerboeties en sussie waargeneem omdat swart ouers weens ekonomiese druk moet gaan werk of omdat dit nie vir hulle so belangrik is om baie aandag aan hul voorskoolse kind te gee nie - miskien ook deels uit onkunde. Dit is in teenstelling met navorsing wat deur Bloom onderneem is en wat aantoon dat die intelligensie van 'n kind van geboorte tot vier jaar net soveel ontwikkel as van vier jaar tot sewentien. (De Wet en Van Zyl, 1974:18). Dit wys op die belangrikheid van die kognitiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind en daarmee saam ook die stimulasie van sy denke.

Nog 'n aspek wat aanleiding gegee het tot die vernet van die jeug en die gepaardgaande opstand en onrus, is die gebrek aan dissipline in die ouerhuise. Die onrustoestand het onteenseglik bewys dat jong kinders deur die radikales gebruik word om selfs teen hul eie ouers geweld te gebruik. Die kleuter (pre-primêre) - en die primêre stadium is van uiterste belang vir die vorming van gedragspatrone. Die fondament wat hier gelê word, moet baie stewig wees. Baie meer aandag behoort aan die voorskoolse kind bestee te word. Die ouer behoort ook opgevoed te word sodat hy meer positief staan teenoor die opvoeding van sy kind. Die voorskoolse jare is van kritieke belang vir swart onderwys.

Hoewel die Wet op Onderwys en Opleiding (90/1979) voorsiening maak vir die instelling van kleuterskole as gemeenskapskole, was die Departement van Onderwys en Opleiding se betrokkenheid aanvanklik beperk tot registrasie, inspeksie en professionele leiding aan private kleuterskole. Die inrigtings was baie min in verhouding met die getal kleuters wat daar moes wees (Barnard, 1984:36-37).

Daar is besluit om daadwerklik betrokke te raak by voorskoolse onderwys toe die Departement van Onderwys en Opleiding meer onderwyseresse vir pre-primêre onderwys begin oplei het. Daar is ook 'n onderwysprogram vir kleuterskole opgestel. Hulle het

op vyfjariges begin konsentreer. Hierdie insette het veroorsaak dat die druipsyfer in Substanderd A beduidend verminder het (Barnard, 1984:37).

#### 5.5 SAMEVATTING

Die kriteria waaraan onderwyskolleges moet voldoen (en wat in die hoofstuk aangestip is), lê riglyne neer vir alle onderwyskolleges. Uit die kriteria blyk dit duidelik dat die kultuur-aspek 'n geweldige rol speel, en behoort te speel, in die onderwysopset. Swart onderwys moet ook soos die ander bevolkingsgroepe 'n "eie" saak word - op alle gebiede soos onder andere beleid en beheer.

Die probleemareas in swart onderwys (wat hoofsaaklik in twee kategorieë val, naamlik kwantitatief en kwalitatief) wys dat die oplossing van die swart onderwysvraagstuk nog ver is. Oplossings vir probleme van die aard kom nie gou nie. Dié vraagstuk moet dus gesien word as 'n langtermynprojek wat baie geld, harde werk, die regte gesindhede asook opofferinge van elke inwoner van die land gaan vra.

## 6. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 6.1 INLEIDING

Onderwysontwikkeling van die swartes hou direkte verband met die toekomstige ontwikkeling van die land in sy geheel. Swartes maak die grootste deel uit van die bevolking en dit, tesame met die feit dat hulle ontwikkelende volkere is, maak dit absoluut noodsaaklik dat swart onderwys opgehef moet word tot sy maksimale potensiaal. Dit is noodsaaklik vir die ordelike en vreedsame voortbestaan van die land en al sy mense dat die lewensomstandighede en lewenstandaard van swartes verhoog moet word en dit kan alleen deur positiewe, kwaliteitopvoeding en onderwys vermag word.

Die hoë bevolkingsyfer en ook geboortesyfer onder swartes skep groot toekomstige probleme vir die land en sy mense - nie net alleen vir die voorsiening van voedsel nie, maar ook vir onderwysvoorsiening. Onderwysersopleiding is een manier om swartes op te voed om verantwoordelikheid te aanvaar.

### 6.2 SAMEVATTING

Die steeds groeiende swart kindertal gaan groter eise aan onderwysvoorsiening stel. Hierdie feit maak hierdie navorsing so aktueel. Die getal swart onderwysers wat opgelei moet word, sal baie moet toeneem om enigsins tred te hou met die snelle toename in die skoolbevolking. Die kwaliteit van swart onderwys en swart onderwysers is nie van dieselfde gehalte as dié van die blankes nie. Daar bestaan 'n kritieke tekort aan professioneel bekwame swart onderwysers (vergelyk Tabel 5.11 en 5.12). Die kwantiteit sowel as die kwaliteitaspek is dus hier ter sprake.

Die navorsingsprobleem word dus duidelik uitgewys, naamlik :

- \* Hoe is swart onderwysers in die verlede opgelei?
- \* Wat is die huidige stand van opleiding van swart onderwysers deur die Departement van Onderwys en Opleiding?
- \* Watter maatreëls ten opsigte van opleiding moet getref word om die verwagte tekort aan swart onderwysers die hoof te bied?

Na aanleiding van die navorsingsprobleme wat aangestip is, is die volgende navorsingsdoelstellings neergelê, naamlik :

- \* 'n Evaluering van swart onderwysersopleiding in historiese perspektief ten einde oorsake van huidige probleme te identifiseer.

- \* Om die huidige opleidingsgeleentheid vir swart onderwysers deur die Departement van Onderwys en Opleiding te evalueer ten einde tekortkominge aan te toon.
- \* Om riglyne daar te stel waardeur die verwagte tekort aan professioneel, bekwame onderwysers die hoof gebied kan word.

Om hierdie navorsingsdoelstellings te bereik is daar veral van literatuurstudie en prinsipiële-kritiese besinning gebruik gemaak as metodes van navorsing.

Indien daar gekyk word na die historiese aanloop van swart onderwys in die algemeen en swart onderwysersopleiding in die besonder, (vergelyk Hoofstuk twee), blyk dit dat die probleemareas, soos dit tans voorkom, reeds vroeg uitgekristalliseer het.

Van die vroegste tye af was daar 'n gevoel van wantroue, selfs vyan-diggesindheid tussen blankes en swartes. Die sendinge het goeie werk gedoen, hoewel dit vir hulle net om hulle sendinggenootskap gegaan het. Hulle het dus in isolasie, selfs wedywerend gewerk om die "heidene" te bekeer tot hul kerk. Onderwys was vir hulle bysaak. Hierdie gebrek aan samewerking tussen die verskillende sendinggenootskappe het ontwikkeling en vooruitgang gestrem.

Verder wou die blankes die swartes verwesters sonder om ag te slaan op hulle tradisies en kultuur. Dit kan miskien as die grondoorsaak beskou word vir die agterstand waarmee swart onderwys begin het. Die onderwys was nie "eie" aan hulle nie.

Tot in 1910 het 'n gebrek aan sentralisasie veroorsaak dat elke gebied of provinsie sy eie gang in die onderwys gegaan het, (verge-lyk paragraaf 2.4.2 - 2.4.5). Verder het die staat eers baie laat tot die onderwys toegetree. Die subsidies wat onderwysinrigtings ontvang het, was veels te min. Die agterstand met die blanke onder-wysstelsel het al groter begin word.

Onderwysersopleiding (wat seker die belangrikste afdeling van die onderwys is) het eers laat begin, naamlik in 1841 by Lovedale en toe ook net op beperkte skaal.

Hoewel toelatingsvereistes (vir blankes sowel as swartes) by oplei-dingsinrigtings laag was, is daar in 1909 gedifferensieer tussen die kursusse vir blankes en die van swartes. Swartes het die sogenaamde "junior" kursus gevolg op so 'n manier dat die eksamens in die tweede en derde jaar vir swartes met die eksamens in die eerste en tweede

jaar vir blankes ooreengestem het (vergelyk paragraaf 2.4.2.3). Sodoende is die standaard van die opleiding van swart onderwysers verlaag. Die gaping het nog groter geword.

Die voorsiening van onderwysers het ook nie aan die vraag voldoen nie. Daar was min inrigtings beskikbaar waar swartes opleiding kon ondergaan. Dit was deels as gevolg van 'n gebrek aan die nodige fondse.

Hoewel daar in die periode na 1910 'n tydperk van meer groei en ontwikkeling plaasgevind het, was toestande nog ver van die ideaal af.

Die probleme in swart onderwys is reeds op 'n vroeë stadium deur verskeie kommissies, soos byvoorbeeld die Interdepartementele kommissie insake Naturelle-onderwys (1935-1936), geïdentifiseer, maar nie veel is daaraan gedoen nie. Die sneeubal-effek het veroorsaak dat die probleme vandag feitlik onoorkombaar is en dat swart onderwys aan sulke fel kritiek onderwerp word.

In Hoofstuk drie is daar gepoog om vas te stel waar (afgesien van die historiese agterstande wat opgebou het) die oorsprong van die probleme lê. Die grondslae van enige onderwysstelsel setel in die beleid wat neergelê word en die beheer wat uitgeoefen word. Wanneer hierdie twee aspekte in swart onderwys bestudeer word, blyk dit duidelik dat hier sekere groot tekortkominge is.

Wetgewing word deur die jare heen en selfs tans nog deur blankes vir die swartes uitgevaardig. Vir alle ander bevolkingsgroepe behalwe die swartes, word onderwys as 'n "eie" saak beskou. Blankes lê dus beleid neer vir die swartes. Die rede hiervoor is dat swartes nog nie deel uitmaak van die politieke bestel van die land nie.

Die huidige Regering het hom egter verbind om gelyke, gehalte onderwys aan alle bevolkingsgroepe te verskaf. In die Witskrif oor die Onderwys (1983), wat gevolg het op die RGN-verslag na die onderwys (1981), blyk die Regering se verbintenis baie duidelik. Die Regering het ook by verskeie geleenthede te kenne gegee dat swart onderwys hul eie politieke besluitnemer moet kry. Dr. Gerrit Viljoen, Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, het gesê dat swart onderwys 'n "tipiese eie saak" is en dat 'n eie politieke besluitnemer ooreenstem met regeeringsbeleid (vergelyk paragraaf 3.3.3.2.2). Oor wat presies so 'n swart besluitnemer se status sal wees, of hy aan die hoof van

sy eie departement sal staan en teenoor wie hy verantwoordelik sal wees, heers daar nog onsekerheid. Die vraag kan egter gevra word hoe lank swart onderwys nog sal moet wag op hul besluitnemer.

Wat die beheeraspek betref, is swart onderwys effens beter daaraan toe hoewel dit net op plaaslike beheervlak is waar hulle werklik tot hul reg kom. Op die gedentraliseerde streekvlak is daar tans nog nie 'n swart Streekdirekteur nie. Alle aanduidings is dat swartes wel vir die poste "grootgemaak" word.

Soos dit uit Hoofstuk drie duidelik blyk het die RGN-verslag na die onderwys (1981) 'n groot positiewe bydrae gelewer om veral swartes meer tot sy reg te laat kom.

Hoofstuk 2 het verskeie probleme van die verlede geïdentifiseer wat huidiglik nog aangetref word. Hoofstuk 3 het aangetoon dat die beleids- en beheeraspek van swart onderwys ook as 'n oorsaak van huidige probleme beskou kan word. In die evaluering van hierdie twee hoofstukke is daarin geslaag om die eerste navorsingsdoelstelling te bereik.

Ten spyte van die probleme wat in swart onderwys ondervind word, word daar tog goeie werk gedoen, veral by opleidingsinrigtings wat vir swart onderwysers bestaan. Wanneer daar na die huidige opleidingsgeleenthede vir swart onderwysers gekyk word (vergelyk Hoofstuk 4) kan dit met reg erken word dat veel gedoen is om opleidingsgeleenthede vir swartes uit te brei, maar die geweldige agterstand wat deur die jare opgebou het, laat 'n mens onwillekeurig die vraag vra of dit nie dalk te laat is nie. Dit is maklik om gebeure in die verlede die skuld te gee vir huidige probleme, maar dit sal nie die probleme oplos nie en daarom is dit verblydend om te sien dat die Regering, swart onderwys sy erns gemaak het.

Die verskillende kursusse en strukture in onderwysersopleiding wat deur studente gevolg kan word (vergelyk Hoofstuk vier), dra daartoe by dat onderwysers goed voorberei word vir die baie belangrike taak wat op hulle wag. Ook indiensopleiding en verdere opleiding wat deur diensdoende onderwysers gevolg kan word, dra saam met die inisiële opleiding daartoe by dat die kwaliteit van onderwysersopleiding baie verbeter het.

Indien daar egter kriteria neergelê word waaraan onderwyskolleges behoort te voldoen (vergelyk paragraaf 5.2) en dit vergelyk word

met die huidige toestand, wys tekortkominge duidelik uit. Ook ander probleemareas wat kwantiteit en kwaliteit betref, word in Hoofstuk 5 duidelik uitgewys (vergelyk paragraaf 5.3). Daar kan slegs een realistiese, wetenskaplike, geldige kriterium wees om swart onderwys in die algemeen en onderwysersopleiding in die besonder te evalueer en dit is die werklike, billike ontwikkeling wat gemaak word en die tempo waarteen dit gemaak word.

Hoewel die ontwikkeling en ontwikkelings tempo in swart onderwys baie verbeter het sedert die RGN-verslag, is dit 'n feit dat heelwat probleemareas bestaan, want hierdie eiesoortige probleme kan nie oornag verdwyn nie. Aan die hand van hierdie probleemareas en die kriteria wat in paragraaf 5.2 aangetoon is, is onderwysersopleiding geëvalueer. Die tweede doelstelling wat neergelê is, is dus ook bereik.

Op grond van die tekortkominge wat uitgekristalliseer het (en waardeur die tweede doelstelling bereik is), is daar gepoog om maatreëls en riglyne neer te lê (vergelyk paragraaf 5.4) om die verwagte tekort aan professioneel, bekwame onderwysers die hoof te bied. Sodoende is die derde doelstelling ook bereik.

### 6.3 GEVOLGTREKKING

Hoewel die kwantiteit en die kwaliteit in swart onderwysersopleiding in die afgelope paar jaar baie verbeter het, is daar steeds probleemareas. Hierdie probleme wat deur die jare ontstaan en al groter geword het, stel groot uitdagings en eise aan die Regering. Hoewel die Regering swart onderwys sy erns gemaak het, kan hulle nie agterstande onmiddellik laat verdwyn nie. Twee belangrike redes kan hiervoor aangevoer word, naamlik tyd en geld. 'n Gebrek en/of tekort aan hierdie twee aspekte veroorsaak dat die ontwikkeling nie tot sy maksimum versnel kan word nie.

Sedert die RGN-verslag (1981) verskyn het, het daar baie ontwikkeling en verandering op onderwysgebied plaasgevind. Alle inwoners van die land sal egter moet saamwerk om te help om verdere ontwikkeling te bewerkstellig.

### 6.4 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings kan afgelei word uit die navorsing :

- \* Omdat goeie beplanning so 'n belangrike aspek is op alle gebiede, (vergelyk paragraaf 5.2.4) is dit noodsaaklik dat groter aandag aan die beplanningsaksie in swart onderwys in die algemeen en

onderwysersopleiding in die besonder gegee word. Die REGTE FASILITEITE (die hele infrastruktuur) moet op die REGTE TYD en op die REGTE PLEK beskikbaar gestel word vir die beste opleidingsgeleenthede.

- \* Geboortebeperringsaksie (vergelyk paragraaf 5.3.2 oor die kwantitatiewe aspek) - 'n baie intensiewe aksie insake geboortebeperring behoort geloods te word ten einde die swart bevolking te wys op die gevare van oorbevolking en die gepaardgaande tekorte aan voedsel en water. Veral die ongeletterde swartes moet meer daadwerklik opgevoed word wat hierdie aspek betref. Hierdie aspek sal ook 'n groot invloed hê op die onderwysvoorsiening.
- \* Beleid en beheer - swartes moet so spoedig moontlik hul eie besluitnemer kry sodat hulle self beleid kan bepaal. Onderwys moet ook vir swartes 'n eie saak word (vergelyk paragraaf 3.4). Ook wat die beheeraspek betref, moet swartes meer tot hul reg kom. Daar behoort dus meer aanstellings in topposte te wees.
- \* Verhoogde produktiwiteit - studente en onderwysers sal moet beseef dat hul aandeel aan die onderwys vergroot sal moet word. Insette wat hul lewer, moet verhoog word. Die voorbeeld van die privaatsektor ten opsigte van verhoogde produktiwiteit sal gevolg moet word. Dit bring mee dat die inspeksiestelsel uitgebrei sal moet word. Goeie werk behoort beloon te word en vir swak werk moet diesulkes gepeenaliseer word. Goeie motiveringsaksies moet geloods word.
- \* Die finansiële aspek - nasionale state behoort meer selfonderhoudend te word ten opsigte van onderwys. Daardie geld wat aan hulle toegeken word, kan vir onderwys in die gebiede onder die beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding gebruik word. Daar kan verder aan 'n stelsel gewerk word dat elke bevolkingsgroep sy eie belasting invorder om dit dan op eie sake, soos byvoorbeeld die onderwys, te bestee. Belasting op myne en sakeondernemings waar alle bevolkingsgroepe betrokke is, kan dan vir algemene sake gebruik word of persentasiegewys aan die verskillende bevolkingsgroepe toegeken te word.

#### 6.5 PROBLEME WAT ERVAAR IS

Die volgende is probleme wat tydens die navorsing ondervind is :

- \* Relatief min stof oor veral hoofstukke drie, vier en vyf was in die biblioteek beskikbaar. Daar moes hoofsaaklik van omsendbriewe en werksdokumente van die Departement van Onderwys en Opleiding gebruik

gemaak word.

- \* Huidige opleidingsgeleentheid is geëvalueer en dit het veroorsaak dat statistieke en ander gegewens wat gebruik is, gou verouderd geraak het. Voortdurende regstellings van statistieke moes gemaak word.
- \* Kultuurverskille het probleme veroorsaak aangesien daar moeilik vasgestel kon word hoe swartes hul onderwys en die oplossings van 'n blanke ervaar.

#### 6.6 VERDERE STUDIEMOONTLIKHEDE

Uit hierdie navorsing is verskeie navorsingstemas geïdentifiseer naamlik :

- \* Die kulturaspek in die onderwysstelsel vir swartes.
- \* Die finansiële aspek in die swart onderwysstelsel.
- \* Die invloed van indiensopleiding en verdere opleiding op die kwaliteit van swart onderwys.
- \* Die oorsake van probleemareas in swart onderwys.
- \* 'n Evaluering van Buitekurrikulêre aktiwiteite in die Departement van Onderwys en Opleiding.

BIBLIOGRAFIE

- ACKERMAN, G.J. 1975. Education for blacks in historical perspective. Pretoria: South African Pedagogical Society (Publication series No.3).
- ANON. 1974. Stepping into the future: education for black, coloured and indian peoples. Johannesburg: Euredita Publikasies.
- ANON. 1984. Afsonderlike skole sal bly, sê minister. Die Vaderland: 5, Julie 20.
- ANON. 1987(a). Orde in swart onderwys 'n prestasie. Die Beeld:15, Oktober 7.
- ANON. 1987(b). Onderwys en die politiek moet saam hervorm. Die Beeld: 10, November 13.
- ANON. 1987(c). Onrus lei tot "gaping" in ontwikkeling. Die Beeld: 13, Julie 29.
- ANON. 1987(d). Regering haastig met gelyke geleentheid. Die Beeld: 13, Julie 29.
- ANON. 1987(e). Inwonertal in Suid-Afrika meer as 29 miljoen. Die Beeld: 9, November 11.
- ANON. 1987(f). Leerkragekeuring het aandag nodig. Die Beeld:13, Junie 18.
- ATKINSON, J.N. 1978. Teaching South Africans: a history of educational policy in South Africa. University of Rhodesia.
- BARNARD, S.S. 1978. Vergelykende opvoedkunde vir onderwysstudente. Durban: Butterworths.
- BARNARD, S.S. 1984. Inleiding tot die vergelykende opvoedkunde. Durban: Butterworths.
- BEHR, A.L. 1975. Onderwys aan nie-blankes. (In Coetzee, J.C., red. 1975. Onderwys in Suid-Afrika: 1652-1960. Pretoria: Van Schaik. p. 403-483).

BEHR, A.L. 1978. New perspectives in South African education. Durban: Butterworths.

BEHR, A.L. 1984. New perspectives in South African education. Durban: Butterworths.

BEHR, A.L. + MACMILLAN, R.G. 1971. Education in South Africa. Pretoria: Van Schaik.

BEYNON, J. 1985. Physical plant: planning for educational use. (In The international encyclopedia of education, 7:3908-3914).

DEPARTEMENT van Onderwys en Opleiding  
kyk

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Onderwys en Opleiding.

DE WET, H. 1987. Onderwysers beter opgelei. Die Beeld:14, Junie 17.

DE WET, J.J. + VAN ZYL, P.J. 1974. Inleiding tot die psigologiese opvoedkunde. Johannesburg: McGraw-Hill.

DIE AFRIKAANSE WOORDEBOEK  
kyk

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL

DUMINY, P.A. 1968. African pupils and teaching them. Pretoria: van Schaik.

GARDNER, D. 1985. Educational facilities. (In The international encyclopedia of education, 3:1571-1575).

HALLS, W.D. 1985. Schools of education, role of. (In The international encyclopedia of education, 8:4445-4450).

HANNAH, C. 1979. Evalueringspraktyk vir onderwysgebruik. Pretoria: Academica.

HORRELL, M. 1963. African education: some origins and development untill 1953. Johannesburg: South African Institute for Race Relations.

- HORRELL, M. 1964. A decade of bantu education. Johannesburg: South African Institute for Race Relations.
- HORRELL, M. 1968. Bantu education to 1968. Johannesburg: South African Institute for Race Relations.
- INSTITUUT VAN ADMINISTRATEURS VAN NIE-BLANKE AANGELEENTHEDE: SUIDELIKE-AFRIKA. 1967. Aspekte van Bantoe-administrasie.
- KGWARE, W.M. 1973. In search of an educational system. Pietersburg: University of the North. (Inaugural lecture, series C no. 8).
- KGWARE, W.M. 1978. The university in Africa: the challenge to relevance. Pietersburg: University of the North.
- KRITZINGER, M.S.B. + LABUSCHAGNE, F.J. 1972. Die verklarende Afrikaanse Woordeboek. 6de uitg. Pretoria: Van Schaiks.
- LAVIN, D.E. 1971. Selection processes for higher education. (In The encyclopedia of education, 8:181-187).
- LEEMAN, S. 1986. Deprivation in homes is root of black schools crises : professor. The Star:15, February 18.
- LEKHELA, E.P. 1972. Tendencies in the history of bantu education in South Africa. Pietersburg: University of the North. (Inaugural speech, series C no.22).
- LORAM, C.T. 1917. Education of South African native. London: Longmans Green.
- LUBBE, A.N.P., samest. 1971. Bantu education in the republic of South Africa. Johannesburg: Euredita Publikasies.
- LUTHULI, P.C. 1981. The philosophical foundation of black education in South Africa. Durban: Butterworths.
- LUTHULI, P.C. 1982. An introduction to black-oriented education in South Africa. Durban: Butterworths.
- MATHIVHA, M.R. 1982. Teacher-training in South African homelands and Malawi during the decade 1964-1974: a pedagogical study. Pietersburg. (Dissertation (M.Ed)- University of the North.
- MIDJAAS, C.L. 1982. School plant: planning for educational use. (In Encyclopedia of educational research, 4:1658-1665).

- MPHAHLELE, M.C.J. 1981 of 1982. Emphasis and relevance in black education. Pietersburg: University of the North. (Inaugural speech, series C no.65).
- MSOMI, J.E.B. 1978. The development of african education in South Africa 1954-1977. Michigan: (Dissertation (D.Phil.) - Syracuse University).
- PELLS, E.G. 1938. European, coloured and native education in South Africa. Johannesburg: Juta.
- PELLS, E.G. 1970. 300 years of education in South Africa. Westport: Greenwood Press.
- RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING 1981(a). Onderwysvoorsiening in die RSA. Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-onderzoek na die Onderwys. Pretoria. 223 p. (Onderzoek na die Onderwys, nr.1). (Voorsitter: J.P. de Lange).
- RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING 1981(b). Werwing en opleiding van onderwysers. Verslag van die Werkkomitee van die RGN-onderzoek na die Onderwys. Pretoria. 149 p. (Onderzoek na die Onderwys, nr.13). (Voorsitter: N.T. van Loggerenberg).
- RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING 1981(c). Demografie, onderwys en mannekrag. Verslag van die Werkkomitee van die RGN-onderzoek na die Onderwys. Pretoria. 72 p. (Onderzoek na die Onderwys, nr.11). (Voorsitter: P. Smit).
- RESEARCH INSTITUTE FOR EDUCATIONAL PLANNING.  
kyk  
UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE
- RGN  
kyk  
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.
- ROGERS, H. 1933. Native administration in the union. Johannesburg: University of the Witwatersrand.
- RSA  
kyk  
SUID-AFRIKA (Republiek)

RUPERTI, R.M. 1974. Die onderwysstelsel in Suid-Afrika. Pretoria: Van Schaiks.

SAOR

kyk

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSRAAD

SCHOEMAN, P.G. 1975. Grondslae en implikasies van 'n christelike opvoedings-filosofie. Bloemfontein: Sacum.

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSRAAD. 1984. Organogram: Onderwysbeheer (algemene sake). Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1979. Die Wet op Onderwys en Opleiding no.90 van 1979. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1983. Witskrif oor onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1984(a). Departement van Onderwys en Opleiding: werksdokument: pre-primêre struktuur. Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1984(b). Departement van Onderwys en Opleiding: werksdokument: junior-primêre struktuur. Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1984(c). Departement van Onderwys en Opleiding: werksdokument: senior-primêre struktuur. Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1984(d). Departement van Onderwys en Opleiding: werksdokument: sekondêre onderwysdiploma struktuur. Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1984(e). Departement van Onderwys en Opleiding: omsendbrief: prosedures by programmering en opstel van nuwe wetgewing en regulasies. Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1984(f). Departement van Onderwys en Opleiding: omsendbrief: beleid en prosedures in die beplanning en bedryf van onderwys-kolleges. Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1984(g). Die Wet op die Nasionale Beleid vir algemene Onderwys sake no.76 van 1984. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1985(a). Departement van Onderwys en Opleiding: Jaarverslag van die Direkteur-generaal vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker. (RP 91/1984).

SUID-AFRIKA (Republiek). 1985(b). Departement van Onderwys en Opleiding: The teaching profession: a labour of love. Pretoria: Perskor.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1986(a). Departement van Onderwys en Opleiding: Jaarverslag van die Direkteur-generaal vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker. (RP 32/1986).

SUID-AFRIKA (Republiek). 1986(b). Departement van Onderwys en Opleiding: Focus on education: 2, Mei.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1986(c). Departement van Onderwys en Opleiding: The teaching profession: a labour of love. Pretoria: Perskor.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1987(a). Departement van Onderwys en Opleiding: Jaarverslag van die Direkteur-generaal vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (RP 42/1987).

SUID-AFRIKA (Republiek). 1987(b). Departement van Onderwys en Opleiding: Inligtingsstuk: Die opleiding van onderwysers. Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1987(c). Departement van Onderwys en Opleiding: The teaching profession: a labour of love. Pretoria: Perskor.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1987(d). Departement van Onderwys en Opleiding: omsendbrief oor die filosofie van die Departement van Onderwys en Opleiding. Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1988. Organogram of the Department of Education and Training. Educamus, 34(1):32, January.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. 1936. Verslag van die Interdepartementele kommissie insake Naturelle-Onderwys. Pretoria. (UG 29/1936).

UNIE VAN SUID-AFRIKA. 1951. Verslag van die Eiselen-kommissie. Pretoria. (UG 53/1951).

UNIE VAN SUID-AFRIKA. 1953. Die Wet op Swartonderwys, no.47 van 1953. Pretoria: Staatsdrukker.

UNIVERSITY OF NATAL. 1982. The educational systems of the Republic of South Africa. Pietermaritzburg.

UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE. Research institute for educational planning, 1985. Education and manpower production. Bloemfontein: University of the Orange Free State. (Blacks, No.5, 1984).

UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE. Research institute for educational planning, 1986. Education and manpower production. Bloemfontein: University of the Orange Free State. (Blacks, No.6, 1985).

UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE. Research institute for educational planning, 1987. Education and manpower production. Bloemfontein: University of the Orange Free State. (Blacks, no.7, 1986).

VAN DER WESTHUIZEN, T. 1985. Oplossing vir onrus: Kommunikasie is al manier. Rapport:39, Oktober 20.

VAN DYK, D.F. 1967. The contact between the early tribal african education and the westernized system of missionary education. Fort Hare: Fort Hare University. (Inaugural lecture).

VAN JAARSVELD, F.A. 1971. Van Van Riebeeck tot Verwoerd: 1652-1966. Johannesburg: Voortrekkerpers.

VOSLOO, J. 1986. Politieke baas vir swart onderwys. Rapport:3, Mei 4.

WETTE

kyk

SUID-AFRIKA (Republiek) en

UNIE VAN SUID-AFRIKA

WOODBURNE, L.S. 1958. Principles of college and university administration. Stanford, California: Stanford University.

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1950-1985. 7 dle. Pretoria: Staatsdrukker.

ZIERVOGEL, D. 1968. Die inboorlinge van Suid-Afrika. (In Muller, C.F.J., red., Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria: Academica. p. 435-455).